Afrikaans

Huistaal en Lewensvaardigheid

Nuwe

1

Kwartaal 4



Onderwysersgids

Funda Wande
Reading for Meaning

1

Kwartaal 4

Afrikaans

Huistaal en Lewensvaardigheid

Onderwysersgids



Erkennings

Hierdie geïntegreerde program vir Huistaal en Lewensvaardigheid is deur ’n Funda Wande-span ontwikkel, in oorleg met individue van die kurrikulumdirektorate van die Departement van Onderwys in die Wes-Kaap, Oos-Kaap en Limpopo, akademici en onderwysers.

Die ontwikkeling van hierdie boeke is moontlik gemaak deur die finansiële ondersteuning van die Allan Gray Orbis Foundation Endowment, die FEM Education Foundation, die Michael & Susan Dell Foundation en die Zenex Foundation.

Illustrasies

Baie dankie aan Anja Stoeckigt vir haar bydrae tot die meeste illustrasies in hierdie boek.

Ander illustrasies is verskaf deur: Chantell and Burgen Thorne: bl. 3, 99; Jiggs Snaddon-Wood: bl. 15, 64; Rassie Erasmus: bl. 26, 81, 101; Vusi Malindi: bl. 27, 28; Alex Latimer: bl. 38, 39, 42, 44, 47, 60; Creative House: bl. 51, 53, 56; Heidel Dedekind: bl. 63, 75.

Omslag

Anja Stoeckigt

Foto-erkennings

Funda Wande Media-span: alle foto’s geneem in skole en klaskamers; Shutterstock: bl. 4: MrNovel (sinkhuis), Myphotojumble (voorstedelike huis), Luke Schmidt (landelike hut), Grobler du Preez (plaaswerkershuis), Howard Klaaste (laekostebehuising), bl. 6: meunierd (Zoeloe-huis), Wandel Guides (Xhosa-huis), Ariadna22822 (Basotho-huis), Karel Gallas (Pedi-huis), Pete Niesen (Setswana-huis), bl. 16: Geoff Sperring (huis met dakplate), CG_dmitriy (staalbalk), Sergey Dzyuba (glasplate), Anton Starikov (vloerteëls), bl. 30: Vicky Chauhan (ietermagog), bl. 32: VladanRadulovicjhb (winkel), Naypong Studio (krokodil), bl. 39: Przemyslaw Skibinski (seekoeie), bl. 40: Udo Kieslich (leeumannetjie), Aleksandar Mijatovic (vere van flaminke), bl. 68: Thepporn Riwkathok (reënwatertenk), Excentro (beker), bl. 74: Andrey tiyk (daghemel), Malinovskaya Yulia (naghemel), bl. 88: MattLphotography (fases van maan rondom die aarde), bl. 92: solarseven (son), Outer Space (kleurvolle sterre), bl. 100: (Nuwejaar in Kaapstad); iStock: bl. 39: Wirestock (olifant), Photocech (leeu), bl. 40: photosbyjim (springbokvel); Gallo: bl. 87: The Science Photo Library/USA (die maanlanding), bl. 100: Reuters/SIPHIWESIBEKO1 (Nuwejaar in Durban), THEGIFT777 (Nuwejaar in Johannesburg).

Alle ander foto’s is verskaf met toestemming: Freepik

Eerste uitgawe uitgegee in 2026
deur Funda Wande, Kaapstad.

www.fundawande.org

ISBN: 9781997454106

Enigiemand is vry om die materiaal te **deel** (die materiaal in enige manier of in enige vorm te reproduseer of te versprei) of **aan te pas** (die materiaal vir enige doel te vermeng, te verander en uit te brei), mits jy die werk soos volg erken:
Funda Wande, Afrikaans Huistaal en Lewensvaardigheid, Onderwysersgids, Graad 1, Kwartaal 4, CC BY 4.0.

Geen bepalings of maatreëls mag bygevoeg word om ander te beperk om enigiets te doen wat deur die wet volgens die lisensie ooreengekom is nie.

Vir meer inligting: https://creativecommons.org/licenses/by/4.0/

Die materiaal op bladsy 122-129 en 136-192 is verskaf deur die Wes-Kaapse Departement van Onderwys deur ’n CC BY-NC-ND 4.0-lisensie.

Die materiaal word beskerm deur kopiereg en/of ander toepaslike wette.
Die gebruik van hierdie materiaal buite die omvang van hierdie lisensie of andersins van die wet, is onwettig.

Om enige regte soos verskaf in hierdie lisensie op hierdie materiaal uit te oefen, gee die lisensiegewer toestemming daartoe op die voorwaarde dat die bepalings en voorwaardes van hierdie lisensie nagekom word.

Die materiaal mag op geen manier verander of kommersieel gebruik word nie, maar mag vryelik gedeel word – gekopieer en herversprei in enige medium of formaat – volgens die bepalings wat hier gevind word:
https://creativecommons.org/licenses/by-nc-nd/4.0/

Inhoud

Ikone en afkortings iv

Oorsig van Funda Wande-materiaal

- Onderwysersgids: Wat om te onderrig v
- Metodiekgids: Hoe om te onderrig v
- Leerderboeke en Grootboeke: Wat om daarmee te onderrig v
- Onderrigplan, Kwartaal 4 vi
- Weeklikse rooster, Kwartaal 4 vii

Aktiwiteite vir Liggaamsopvoeding, Kwartaal 4 1

Lesplanne

Week 1 Huise 2
Week 2 Huise 14
Week 3 Prentkaarte 26
Week 4 Prentkaarte 30
Week 5 Water 50
Week 6 Water 62
Week 7 Die naghemel 74
Week 8 Die naghemel 86
Week 9 Spesiale dae 98
Week 10 Vaslegging en hersiening 110

VOORGESTELDE ASSESSERINGSPLAN, KWARTAAL 4 112

Huistaal Geletterdheid: Voorgestelde Assesseringsrubrieke 112

- Luister en Praat 113
- Klanke 114
- Lees en Begrip 115
- Handskrif 116
- Skryf 117

Lewensvaardigheid: Voorgestelde Assesseringsrubrieke 118

- AK en PSW 118
- Visuele Kunste 119
- Uitvoerende Kunste 120
- Liggaamsopvoeding 121

WKOD se voorgestelde rubrieke 122

Kopieerbare assesseringswerkvelle 130

Dagbeplanning soos verskaf deur WKOD 136

Ikone en afkortings

Huistaal

	Luister en Praat
	Leeswerk
	Klanke
	Skryf en Handskrif
	Groepbegeleide Lees
	Onafhanklike Werk
	Sien na en gee terugvoering (HT en LV)

Lewensvaardigheid

	Aanvangskennis en PSW
	Uitvoerende Kunste
	Liggaamsopvoeding

Ikone in die LB

 Skryf	 Kleur in of teken

Onderwysersgids – OG
Leerderboek – LB
Metodiekgids – MG
Groepbegeleide Lees – GBL
Persoonlike en Sosiale Welsyn – PSW
Aanvangskennis – AK
Huistaal – HT
Lees in pare – LP
Onafhanklike Werk – OW
Departement van Basiese Onderwys – DBO

Oorsig van die Funda Wande-materiaal

Die Funda Wande-program integreer Geletterdheid: Huistaal en Lewensvaardigheid vir leerders in Graad 1–3, en is op die KABV gebaseer. Hierdie program help leerders om met begrip te leer, lees en skryf en ontwikkel terselfdertyd die grondbeginsels van algemene kennis, vaardighede en woordeskat. Die program berei leerders voor vir die hoër grade en ondersteun leerders by die aanleer van ander tale.

Onderwysersgids: Wat om te onderrig

Vir elke kwartaal in die Grondslagfase is daar 'n **Onderwysersgids**. Die gidse bied 'n dag-tot-dag-hulpbron vir besige onderwysers om te help met beplanning, ordening en assessering.



Die gids skep 'n raamwerk vir die inhoud van elke les – wat om te onderrig en in watter volgorde. 'n Weeklikse rooster en kwartaalplan word ook voorsien. Aan die agterkant van die Onderwysersgids (OG) word assesseringsaktiwiteite ingesluit. Die lesse en assesseringsaktiwiteite dek en is gebaseer op die KABV.

Metodiekgids: Hoe om te onderrig



'n Aparte, oorkoepelende Metodiekgids (MG) gee riglyne oor die roetines sowel as voorstelle oor hoe om elke les in die Funda Wande-program te onderrig. Gebruik dit as riglyn vir opleiding aan die begin van elke kwartaal om beplanning te doen. Jy kan dit ook enige tyd gebruik om te kontroleer of jy die stappe van lesse reg volg en of jy die les optimaal benut. **In die Onderwysersgids word spesifieke bladsye in die MG aangedui wat die onderrig van die week se lesse ondersteun.**

Vir elke tipe les verduidelik die MG:

1. die **doel** van die soort les: hoekom ons die lesse onderrig
2. **vordering** oor drie jaar: hoe die metodiek en teks wat in die program ingesluit word, vordering oor die drie grade heen toon om te verseker dat leerders meer vaardighede en kennis bekom
3. **metodiek**: hoe om die les in duidelike stap-vir-stap-volgorde te onderrig; die doel van elke stap en enige duidelike verskille tussen die grade
4. **differensiasie**: hoe om leerders op verskillende vlakke in dié soort lesse te hanteer
5. **Informele Assessering**: hoe om dié soort lesse te gebruik om die leerders se dag-tot-dag-vordering te assesseer
6. **Formele Assessering**: hoe om die vaardighede en kennis wat in dié soort lesse aangeleer word, elke kwartaal formeel te assesseer, gebaseer op die KABV.

Die MG is 'n bron vir alle Grondslagfase-onderwysers (Graad 1–3) om saam met die OG te gebruik.

Leerderboeke en Grootboeke: Wat om daarmee te onderrig

Die **Leerderboeke (LB'e)** sluit die bladsye in wat deur die leerders gedurende die lesse gebruik word. Die bladsye is gerangskik in dieselfde volgorde as die aktiwiteite in die OG. Leerders voltooi sommige skriftelike aktiwiteite in die LB, maar die langer skriftelike aktiwiteite word verkieslik in 'n oefenboek voltooi.



Die **Grootboeke (GB'e)** is ontwerp om gebruik te word wanneer die leerders op die mat sit gedurende Gedeelde Lees en Lewensvaardigheidslesse. Dit is beskikbaar vir al die kwartale in Graad 1 en Graad 2.

Onderrigplan, Kwartaal 4

Week	Tema	Hardoplees-storie	Gedeelde Lees-storie	Luister en praat	Taal-strukture	Skryf
1	Verskillende soorte huise	*Die ou vrou wat in 'n skoen gebly het*	*Die ou vrou wat in die skoen gebly het*	Bespreek die storie Sê 'n gedig op	Sien *Metodiekgids* vir taalstrukture wat hierdie kwartaal onderrig moet word. Onderrig dit gedurende Gedeelde Lees- en Skryf-lesse.	Storiekaart
2	Boumateriale	*Drie speelhuise*	*Drie speelhuise*	Maak 'n klas-grafiek Sê 'n gedig op		Nuus-sinne
3	'n Besoek aan die dieretuin	*'n Besoek aan die dieretuin*	*'n Besoek aan die dieretuin*	**Luister en Praat Assessering 1:** 'n Uitstappie; Sê 'n gedig op		Skryf wat gebeur het
4	Ruby se roete	*Watter dier is ek?*	*Wilde diere*	Woordraaisels Sê 'n aksierympie		Raaisel
5	Diere het water nodig	*By die watergat*	*Hoe Ezra sy slurp gekry het*	Klassifiseer diere Sê 'n gedig op		Onderwyser se roete
6	Mense het water nodig	*Die groot vis*	*Die groot vis*	**Luister en Praat Assessering 2:** Luisterbegrip Aksierympie oor getalle		Storiekaart
7	Dag en nag	*Twee blink, silwer jasse*	*Twee blink, silwer jasse*	Dag en nag Sê 'n gedig op		Dag en nag Twee sinne en tekeninge **Skryf Assessering 1:** Voltooi sinne
8	Die maan	*Die maan*	*Ruimtevaarders op die maan*	Volg instruksies Telrympie		**Skryf Assessering 2:** My nuus
9	Nuwejaarsdag	*Klein Ster*	*Klein Ster*	Oop vrae Rympies		Ek is 'n ster OS: Ek is 'n ster
10	Vaslegging en hersiening					

GBL en Onafhanklike Werk	Klanke	Lewens-vaardigheid – inligtingsteks	AK en PSW	Kreatiewe Kunste	Liggaams-opvoeding
1 groep per dag saam met onderwyser Berei voor vir Lees in pare Onafhanklike Werk	Hersiening	Verskillende Suid-Afrikaanse huise	Tradisionele huise Ongewone huise	Visueel: Teken eie huis Uitvoerend: Dramatiseer storie	Gekose aktiwiteite
2 groepe per dag saam met onderwyser Onafhanklike Werk	ui Diktee	Boumateriale vir huise	Boumateriale *Die drie klein varkies*	**Visuele Kunste Assessering 1:** Ontwerp en maak 'n speelhuis Uitvoerend: Dramatiseer *Die drie varkie*s-storie	Gekose aktiwiteite
2 groepe per dag saam met onderwyser Onafhanklike Werk	Hersiening Woordsoek	'n Kaart van die dieretuin	Bedreigde diere Prentekaarte	Visueel: Maak 'n dieretuindier; Ontwerp en maak 'n kaart van die dieretuin Uitvoerend: Bied dieretuinkaart aan Beweeg op die maat van musiek	Gekose aktiwiteite
2 groepe per dag saam met onderwyser Onafhanklike Werk	ei Diktee	Watter dier is dit?	Byskrifte en prente Kaart van Ruby se roete	Visueel: Maak 'n konsertinaboek **Uitvoerende Kunste Assessering 1:** Aksieraaisels	Gekose aktiwiteite
2 groepe per dag saam met onderwyser Onafhanklike Werk	Hersiening Wurm-speletjie	By die watergat	AK en PSW Assessering 1 Hoe diere water gebruik Veilige drinkwater	Visueel: Teken 'n vis; Verf met waterverf Kleur die visskubbe in **Uitvoerende Kunste Assessering 2:** 'n Tradisionele liedjie	Gekose aktiwiteite
2 groepe per dag saam met onderwyser Onafhanklike Werk	ou Diktee	Die gebruik van water by die huis	Bewaar water	**Visuele Kunste Assessering 2:** Teken liggaam in aksie Uitvoerend: Reageer op musiek	**Liggaamlike Opvoeding Assessering 1:** Maak letters van die alfabet
2 groepe per dag saam met onderwyser Onafhanklike Werk	Hersiening **Handskrif Assessering:** Vorm letters	Dag en nag (sortering)	Dag en nag Die maan verlede nag **AK en PSW Assessering 2:** Plakkaat: Dag en nag	Uitvoerend: Stel dag/ nag voor in klank en beweging	Gekose aktiwiteite
Lees Assessering 1 : Lees 'n sin **Lees Assessering 2:** Leesbegrip	eu **Klanke Assessering 1:** Klanke **Klanke Assessering 2:** Diktee	Die maan	Fases van die maan Alles oor sterre	Visueel: Maak 'n ruimteskip Uitvoerend: Dramatiseer 'n maanlanding	**Liggaamlike Opvoeding Assessering 2:** Sportdag
2 groepe per dag saam met onderwyser Onafhanklike Werk	Hersiening Ek sien met my kleine ogie ...	Nuwejaarsdag	Kyk terug na die jaar se hoogtepunte Nuwejaars-voornemens	Visueel: Teken 'n ster Uitvoerend: Beweeg op die maat van musiek	Gekose aktiwiteite

Weeklikse rooster, Kwartaal 4

Aanpassings vir onderrigtyd vir die DBO se Inhaalrooster word met rooi aangedui. As jy die Inhaalrooster gebruik, pas die lesplanne soos volg aan:

- Voeg die twee lesse vir **Visuele Kunste** saam as een les of laat een les uit.
- Voeg die twee lesse vir **Uitvoerende Kunste** saam as een les of laat een les uit.
- Vir **Liggaamsopvoeding** kan jy voortgaan met vier aktiwiteitstasies, maar die leerders kan slegs elke twee weke roteer.
- Die **addisionele GBL-lesse** kan benut word om aktiwiteite en vaardighede wat gedurende die week aangeleer is, te hersien en vas te lê. Voorsien Onafhanklike Werk-aktiwiteite uit die DBO-werkboeke of E-klaskamer.

GRAAD 1 (Maksimum HT)					
	Maandag	**Dinsdag**	**Woensdag**	**Donderdag**	**Vrydag**
WISKUNDE * 85 min x 4 dae + 55 min x 1 dag/96 min x 5 dae vir die inhaalrooster					
MONDELING					
15 min/ 10 min vir die inhaalrooster	Oggend-byeenkoms	Oggend-byeenkoms	Oggend-byeenkoms	Oggend-byeenkoms	Oggend-byeenkoms
15 min	Luister en Praat (Hardopleesstorie)	Luister en Praat		Luister en Praat (Liedjie/Gedig)	
AANVANGSKENNIS EN PSW					
15 min	Aanvangskennis en PSW (30 min/20 min vir die inhaalrooster)	Aanvangskennis en PSW	Aanvangskennis en PSW		
LEES EN SKRYF					
OORGANGSTYD: Maak potlode skerp, deel boeke uit, doen handoefeninge					
15 min	Klanke	Klanke	Klanke	Klanke	Klanke
15 min	Handskrif	Handskrif	Handskrif	Handskrif	
OORGANGSTYD: Sing 'n liedjie					
15 min		Gedeelde Lees 1:	Gedeelde Lees 2	Gedeelde Lees 3	
20 min			Gedeelde Skryf	Gedeelde Skryf	Gedeelde Skryf
OORGANGSTYD: Strek en skud lyf. Groep beweeg mat toe vir GBL.					
30 min	Groepbegeleide Lees en Onafhanklike Werk	Groepbegeleide Lees en Onafhanklike Werk	Groepbegeleide Lees en Onafhanklike Werk	Groepbegeleide Lees en Onafhanklike Werk	Groepbegeleide Lees en Onafhanklike Werk
15 min					Sien na en gee terugvoering
LEWENSVAARDIGHEID					
30 min	Liggaams-opvoeding (GBL vir die inhaalrooster)	Liggaams-opvoeding	Liggaams-opvoeding (GBL vir die inhaalrooster)	Liggaams-opvoeding	Liggaams-opvoeding (GBL vir die inhaalrooster)
30 min	Visuele Kunste	Visuele Kunste (GBL vir die inhaal-rooster)	Uitvoerende Kunste	Uitvoerende Kunste (GBL vir die inhaalrooster)	
30 min/25 min vir die inhaalrooster	EAT*	EAT*	EAT*	EAT*	EAT*
15 min	2de AT*	2de AT*	2de AT*	2de AT*	

* Nie by hierdie lesplanne ingesluit nie

Aktiwiteite vir Liggaamsopvoeding, Kwartaal 4

Kies vier aktiwiteite per week met die fokus op verskillende vaardighede.



LOKOMOTORIES

- Stap, hardloop en spring deur tekens te gebruik om van stap na hardloop na spring te verander.
- Nielokomotories: draai – verskillende maniere van draai; draai alleen en saam met ’n maat.

PERSEPTUEEL-MOTORIES

- Sirkelvorming – speletjies soos “vang die bal”.
- Gooi boontjiesak hoog in die lug en vang.



RITME

- Speletjies wat toue gebruik – *Ugqaphu/Kgati/Ntimo* (twee leerders swaai die tou en ’n derde spring daaroor terwyl die res van die groep rympies sing).
- Volg instruksies met ’n drom om verandering in ritme aan te dui. Klap hande in pare terwyl hulle rympie opsê.

LATERALITEIT

- Draai op die plek na links en regs.
- Skop ’n bal na ’n teiken met linker-/regtervoet; gooi ’n bal deur ’n hoepel met linker-/regterhand.
- Hop op linker- en regterbene (volg die leier).



BALANS

- Loop op toue – agtertoe, vorentoe en sywaarts met of sonder om voete te oorkruis.
- Loop op toue met hande op koppe, hande agter rug, hande op heupe. Staan op die tone, hurk op hurke, loop op die binnekant van die voete, loop stadig op die hakke.



KOÖRDINASIE

- Handsokker met groot balle.
- Voet-oog-koördinasie, groet mekaar deur aan die voete te raak.
- Gooi/vang boontjiesakkies saam met ’n maat.

SPORT EN SPELETJIES

- Speel vangspeletjies, soos kat-en-muis.
- Stapresies – loop op tone, loop op hakke, loop op plat voete.
- Aflosspeletjies.



RUIMTELIKE ORIËNTASIE

- Speel speletjies soos kat-en-muis in ’n afgebakende area.
- Liggamlike vorms – vorm die nommers 1, 2, 3 of letters A, B, C, ens. met die lyf en vorm ’n ry.
- Hindernisbaan: spring oor/beweeg onderdeur hindernisse, kruip, klim, spring, ens.

OORSIG VAN WEEK



Verskillende soorte huise

VOORBEREIDING

Flitskaarte

huis | paleis | brom | kwaad | skielik

RIGLYNE VIR GROEPBEGELEIDE LEES (GBL) EN ONAFHANKLIKE WERK (OW)

Werk elke dag met twee groepbegeleide leesgroepe vir 15 minute elk (30 minute elk vir inhaalrooster).

Ken gepaste onafhanklike aktiwiteite aan die ander groepe toe deur die volgende hulpbronne te gebruik:

- Onafhanklike aktiwiteite in die LB
- DBO-werkboeke, WKOD se interaktiewe plakkaat, of jou eie hulpbronne.

BENODIGDHEDE VIR AKTIWITEITE

- karton/papier
- kryte/viltpenne, potlode
- prente van huise
- rekwisiete vir dramatisering (byvoorbeeld feetjievlerkies, tiaras, brille)
- tellers vir die *voëltjie-speletjie*
- sakkies/houers vir hierdie week se letters
- apparaat vir gekose Liggaamsopvoedingsaktiwiteite



Die ou vrou wat in 'n skoen gebly het



Lank, lank gelede was daar 'n vrou wat nie in 'n huis gewoon het nie. Sy het in 'n groot, ou skoen gewoon! Sy was nie gelukkig met haar huis nie. Sy het altyd oor haar skoenhuis ge**brom**. Dit was baie donker en moeilik om skoon te maak.

Op 'n dag het 'n gawe feetjie die vrou hoor brom en haar jammer gekry. Die feetjie het gesê: "Dit moet aaklig wees om in 'n skoen te woon, en nie in 'n huis nie. Ek sal jou help, maar dan moet jy ophou brom." Die ou vrou het belowe om op te hou brom en skielik, soos deur towerkrag, was sy in 'n **kothuis** met vensters en 'n deur. Sy was baie bly om uit die ou skoen te wees.

Maar na 'n rukkie het sy moeg geword vir die kothuis en weer begin brom. "Hierdie huis is te klein. Ek wil meer kamers en 'n groot tuin hê. Ek wens ek het in 'n GROOT huis gewoon."

Die gawe feetjie het die ou vrou hoor brom en gesê: "Ek sal jou nog 'n kans gee. Ek sal vir jou 'n GROOT huis gee, maar dan moet jy ophou brom." En so was die ou vrou skielik in 'n groot huis.

In die begin was sy gelukkig, maar na 'n rukkie het sy weer begin brom: "Hierdie huis is ook te klein. Ek wil 'n baie groter huis hê. Ek wil baie kamers en 'n swembad in my tuin hê." Die gawe feetjie het gesê: "Ek sal vir jou 'n GROOT huis gee, maar dit is jou heel laaste kans: jy moet ophou brom!"

Weer het die ou vrou belowe om op te hou brom en skielik was sy in 'n GROOT huis. In die begin was sy baie gelukkig, maar na 'n rukkie was die GROOT huis nie meer goed genoeg vir haar nie. "Hierdie huis is te moeilik om skoon te maak," het sy gebrom. "Ek moet te hard werk. Ek wil 'n koningin wees en in 'n **paleis** woon met baie huishulpe wat vir my werk."

Die gawe feetjie het die ou vrou gehoor brom, maar die keer was sy baie kwaad. Sy wou die ou vrou 'n les leer. Sy het haar towerstaf geswaai en die ou vrou was skielik in …

Raai waar het sy beland. Ja, sy was terug in die ou skoen! Die ou vrou het nie opgehou brom nie en die feetjie het haar nooit weer besoek nie.

WOORDESKAT

brom – onderlangs mompel; kla

kothuis – 'n klein en eenvoudige huis

paleis – 'n baie groot huis met baie kamers waar konings en koninginne woon

MAANDAG



OGGENDBYEENKOMS — Nuus

15 min



Berei voor
- Gee vir die leerders 'n onderwerp om nuus oor te vertel.

Dink
- Watter nuus wil jy oor hierdie onderwerp deel?

Pare
- Gebruik die *My nuus*-raam om jou nuus vir jou maat te vertel.

Bied aan
- Kies 'n paar leerders om hul nuus met die klas te deel.



HARDOPLEES-STORIE — *Die ou vrou wat in 'n skoen gebly het*

OG bl. 3

15 min



Vóór lees
- Vra: Wat weet julle van feetjies? *(Feetjies is toweragtige wesens met vlerke en hulle kan vlieg. Hulle kan ook wense laat waar word.)*

Lees die storie hardop, met uitdrukking
- Gebruik verskillende stemme vir verskillende karakters.
- Moenie lees onderbreek om woorde te verduidelik of vrae te vra nie. Die doel hiervan is dat leerders moet hoor hoe vloeiende lees klink en dat hulle die storie geniet.

Ná lees
- Laat leerders toe om op die storie te reageer en te sê wat in die storie hulle geniet of oor gewonder het.
- Verduidelik kortliks woordeskat in vetdruk.



AANVANGSKENNIS EN PSW — Verskillende Suid-Afrikaanse huise

GB bl. 1

30 min



Bestaande kennis
- Wat is 'n huis?
- Hoekom het ons 'n huis nodig?
- Hoekom het sommige kinders nie huise nie?
- Hoe laat dit ons voel?

Lees die GB bladsy 1
- Kyk saam na die prente. Watter van hierdie soorte huise het julle al gesien?
- Vra die vrae op die GB-bladsy.



KLANKE — Hersiening

LB bl. 2

15 min

OG bl. 136-141



Volg die WKOD se Klanke-program.
- Hersien
- Ouditiewe analise en sintese
- Woordbou en rymwoorde
- Sinsbou
- Skriftelike aktiwiteite

Gebruik die LB-bladsy vir ekstra oefening of Onafhanklike Werk.



HANDSKRIF

OG bl. 142-146

15 min



- Volg die WKOD se Handskrif-program.
- Herhaal enige van Kwartaal 3 se Handskrif-lesse vir oefening en vaslegging.

ONAFHANKLIKE WERK

LB
bl. 7-9



- Ken aan elke groep onafhanklike aktiwiteite op die korrekte vlak toe.
- Herinner leerders om in stilte op hul eie te werk.
- Wanneer die klas gereed is, roep die eerste groep na die mat vir GBL.

GROEPBEGELEIDE LEES

30 min

LB
bl. 10

OG
bl. 147-192



- Volg die WKOD se program vir Groepbegeleide Lees.
- Demonstreer hoe om in pare te lees en laat leerders oefen deur bladsy 10 in die LB vir mekaar te lees.

LIGGAAMSOPVOEDING — Aktiwiteitstasies

30 min

MG
bl. 51-52



- Kies vier verskillende aktiwiteite op bladsy 1 vir die week of die WKOD se e-Klaskamer vir Lewensvaardigheid, berei die apparaat voor, en verdeel die klas in vier groepe.

Stel aktiwiteitstasies bekend

- Vra leerders wat selfvertroue het om aktiwiteite te demonstreer.

Klasaktiwiteit

- Speel 'n speletjie soos vang-vang, krappe-en-kraaie of wegkruipertjie.

Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas aktiwiteite uit die DBO-werkboeke doen.

VISUELE KUNSTE — Kyk na vorms in huise

30 min



Buite

- Leerders kyk noukeurig na 'n huis naby die skool. Gebruik 'n huis uit 'n tydskrif, indien nodig.
- Bekyk die vorm, posisie en kleur van die vensters, deure, dak, tuin, ensovoorts.

In die klaskamer

- Bespreek wat die leerders ten opsigte van die kenmerke van die huis waargeneem het. Moedig hulle aan om besonderhede by te voeg.
- Gebruik woordeskat soos vierkant, driehoek, aan die regterkant, bo, aan die voorkant, ensovoorts.
- Teken die huis op die bord.
- Laat die leerders tuis na die vorm en posisie van hierdie kenmerke ten opsigte van hul eie huise kyk sodat hulle dit môre kan teken.

DINSDAG



OGGENDBYEENKOMS

15 min



Register, kalender, weer

Speel die klankspeletjie: dieselfde of verskillend

- Sê twee klanke (byvoorbeeld, SSS en SSS, of LLL en FFF).
- Leerders lig een vinger op as die klanke dieselfde is, en twee vingers as hulle verskillende klanke hoor.
- Herhaal met nuwe klanke.



LUISTER EN PRAAT — Bespreek in pare

OG bl. 3

15 min



Herinner leerders aan die storie *Die ou vrou wat in 'n skoen gebly het*

Dink-pare-deel

- Sou julle graag in 'n skoen wou gebly het? Hoekom nie?
- Die feetjie het vir die ou vrou drie huise gegee. Watter huis dink julle moes sy gehou het? Hoekom?
- Het jy van die einde van die storie gehou? Sê hoekom, of hoekom nie.



AANVANGSKENNIS EN PSW — Tradisionele huise

LB bl. 3

15 min



Hersien

- Verskillende soorte Suid-Afrikaanse huise.

Lees

- Bespreek prente en lees byskrifte saam met die leerders.

Bespreek

- Merk die huise af wat julle al gesien het.
- Hoe is hierdie huise dieselfde of verskillend van mekaar?
- Watter vorms kan julle sien?



KLANKE — Hersiening

OG bl. 136-141

15 min



Volg die WKOD se Klanke-program.

- Hersien
- Ouditiewe analise en sintese
- Woordbou en rymwoorde
- Sinsbou
- Skriftelike aktiwiteite



HANDSKRIF

OG bl. 142-146

15 min



- Volg die WKOD se Handskrif-program.
- Herhaal enige van Kwartaal 3 se Handskrif-lesse vir oefening en vaslegging.

GEDEELDE LEES (1) *Die ou vrou wat in 'n skoen gebly het*

GB bl. 2-5

15 min



Lees

- Lees *Die ou vrou wat in 'n skoen gebly het* vir die klas.
- Vra die **Dag 1**-vrae op elke bladsy.
- Lees die storie saam as 'n klas.

Wys die flitskaartwoorde: huis, paleis, grom, kwaad, skielik

- Wys die flitskaarte en sê die woorde hardop saam met die leerders.
- Pas die flitskaarte by 'n woord in die Grootboek.

ONAFHANKLIKE WERK

LB bl. 7-9



- Ken aan elke groep onafhanklike aktiwiteite op die korrekte vlak toe.
- Herinner leerders om in stilte op hul eie te werk.
- Wanneer die klas gereed is, roep die eerste groep na die mat vir GBL.

GROEPBEGELEIDE LEES

30 min

LB bl. 10

OG bl. 147-192



- Volg die WKOD se program vir Groepbegeleide Lees.
- Demonstreer hoe om in pare te lees en laat leerders oefen deur bladsy 10 in die LB vir mekaar te lees. v

LIGGAAMSOPVOEDING Aktiwiteitstasies

30 min

MG bl. 51-52



Warm op

Aktiwiteitstasies

- Stuur elke groep na 'n aktiwiteitstasie.
- Leerders doen die aktiwiteit.
- Neem waar en ondersteun.

Koel af

VISUELE KUNSTE Teken jou huis

30 min



Berei voor

- Deel papier, potlode en kryte/viltpenne uit.
- Sê aan leerders om hul eie huise te teken.

Leerders teken hul huise

- Moedig leerders aan om besonderhede in te teken.
- Vra individuele leerders om oor hul huise te praat.

Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas aktiwiteite uit die DBO-werkboeke doen.

WOENSDAG



OGGENDBYEENKOMS

15 min

- Register, kalender, weer
- Speel die klankspeletjie: dieselfde of verskillend.





AANVANGSKENNIS EN PSW — Ongewone huise

LB bl. 4

15 min

Lees

- Kyk na die prente.
- Lees oor elke soort huis.

Bespreek ongewone huise

- Het julle al enige van hierdie huise gesien?
- Bespreek die huise en vergelyk met die huise in hul omgewing, byvoorbeeld huise vir warm en koue klimaat.
- In watter een sou julle graag wou woon? Sê hoekom.





KLANKE — Hersiening

LB bl. 5

15 min

OG bl. 136-141

Volg die WKOD se Klanke-program.

- Hersien
- Ouditiewe analise en sintese
- Woordbou en rymwoorde
- Sinsbou
- Skriftelike aktiwiteite

Gebruik die LB-bladsy vir ekstra oefening of Onafhanklike Werk.





HANDSKRIF

OG bl. 142-146

15 min

- Volg die WKOD se Handskrif-program.
- Herhaal enige van Kwartaal 3 se Handskrif-lesse vir oefening en vaslegging.





GEDEELDE LEES (2) — *Die ou vrou wat in 'n skoen gebly het*

GB bl. 2-5

15 min

Lees

- Lees *Die ou vrou wat in 'n skoen gebly het* vir die klas.
- Vra die **Dag 2**-vrae op elke bladsy.
- Lees die storie saam as 'n klas.

Hersien die flitskaartwoorde: huis, paleis, grom, kwaad, skielik

- Wys die flitskaarte en sê die woorde hardop saam met die leerders.
- Pas die flitskaarte by 'n woord in die Grootboek.



GEDEELDE SKRYF — Storiekaart

15 min

MG bl. 38-41

Berei voor
- Kopieer die skryfraam op die bord.

Bespreek die skryfraam
- Watter inligting word deur 'n storiekaart gegee?

Voltooi die storiekaart vir *Die ou vrou wat in 'n skoen gebly het*
- Leerders verskaf die inligting om die raam te voltooi.
- Vra leerders om toepaslike woorde te spel soos jy hul v oorstelle op die bord skryf.

Lees die storiekaart saam



ONAFHANKLIKE WERK

LB bl. 7-9

- Ken aan elke groep onafhanklike aktiwiteite op die korrekte vlak toe.
- Herinner leerders om in stilte op hul eie te werk.
- Wanneer die klas gereed is, roep die eerste groep na die mat vir GBL.



GROEPBEGELEIDE LEES

30 min

LB bl. 10

OG bl. 147-192

- Volg die WKOD se program vir Groepbegeleide Lees.
- Demonstreer hoe om in pare te lees en laat leerders oefen deur bladsy 10 in die LB vir mekaar te lees.



LIGGAAMSOPVOEDING — Aktiwiteitstasies

30 min

MG bl. 51-52

Warm op

Aktiwiteitstasies
- Stuur elke groep na 'n aktiwiteitstasie.
- Leerders doen die aktiwiteit.
- Neem waar en ondersteun.

Koel af

Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas aktiwiteite uit die DBO-werkboeke doen.



UITVOERENDE KUNSTE — Dramatiseer 'n storie

30 min

Pare
- Leerders vertel die storie oor van die ou vrou wat in 'n skoen gewoon het.

Dramatiseer
- Pare dramatiseer die storie.
- Neem waar en prys toepaslike gesiguitdrukkings en bewegings.



DONDERDAG



OGGENDBYEENKOMS

15 min

- Register, kalender, weer
- Speel die klankspeletjie: dieselfde of verskillend.





LUISTER EN PRAAT — Sê 'n gedig op

15 min

Die ou vrou in die skoen

Daar was 'n ou vrou
wat woon in 'n skoen
Sy was kwaad en ongelukkig
Sy weet nie wat om te doen.
Van oggend tot aand
het sy gekerm en gekla

Haar klagtes was so baie
Niemand kon dit meer verdra
My huis is koud en donker
Is 'n beter huis te veel gevra?



KLANKE — Hersiening

OG
bl. 136-141
15 min

Volg die WKOD se Klanke-program.

- Hersien
- Ouditiewe analise en sintese
- Woordbou en rymwoorde
- Sinsbou
- Skriftelike aktiwiteite





HANDSKRIF

OG
bl. 142-146
15 min

- Volg die WKOD se Handskrif-program.
- Herhaal enige van Kwartaal 3 se Handskrif-lesse vir oefening en vaslegging.





GEDEELDE LEES (3) — *Die ou vrou wat in 'n skoen gebly het*

GB
bl. 2-5
15 min

Lees

- Lees *Die ou vrou wat in 'n skoen gebly het* vir die klas.
- Vra die **Dag 3**-vrae op elke bladsy.
- Lees die storie saam as 'n klas.

Hersien die flitskaartwoorde: huis, paleis, grom, kwaad, skielik

- Wys die flitskaarte en sê die woorde hardop saam met die leerders.
- Pas die flitskaarte by 'n woord in die Grootboek.
- Plaas die flitskaarte teen die woordmuur.





SKRYF Skryf oor die ou vrou se huis

15 min



Lees weer die storiekaart wat die vorige dag voltooi is.

Leerders teken en skryf

- Leerders teken 'n prent van een van die ou vrou se huise.
- Leerders skryf 'n beskrywing van die huis.
- Moedig hulle aan om spelling te bemeester.



ONAFHANKLIKE WERK

LB bl. 7-9



- Ken aan elke groep onafhanklike aktiwiteite op die korrekte vlak toe.
- Herinner leerders om in stilte op hul eie te werk.
- Wanneer die klas gereed is, roep die eerste groep na die mat vir GBL.



GROEPBEGELEIDE LEES

30 min

LB bl. 10

OG bl. 147-192



- Volg die WKOD se program vir Groepbegeleide Lees.
- Demonstreer hoe om in pare te lees en laat leerders oefen deur bladsy 10 in die LB vir mekaar te lees.



LIGGAAMSOPVOEDING Aktiwiteitstasies

30 min

MG bl. 51-52



Warm op

Aktiwiteitstasies

- Stuur elke groep na 'n aktiwiteitstasie.
- Leerders doen die aktiwiteit.
- Neem waar en ondersteun.

Koel af



UITVOERENDE KUNSTE Voer dramatiserings op

30 min



Berei voor

- Voorsien rekwisiete soos towerstaffies, feetjievlerkies, tjalie, brille.

Voer op

- Een paar voer die eerste deel van die storie van die ou vrou wat in 'n skoen gebly het, op.
- Ander pare neem oor om elk van die ander dele van die storie op te voer.
- Herhaal totdat al die pare 'n deel opgevoer het.
- Gee positiewe terugvoering aan die einde van elke opvoering.

Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas aktiwiteite uit die DBO-werkboeke doen.

VRYDAG



OGGENDBYEENKOMS — Nuus

15 min



Berei voor
- Gee vir die leerders 'n onderwerp om nuus oor te vertel.

Dink
- Watter nuus wil jy oor hierdie onderwerp deel?

Pare
- Gebruik die *My nuus*-raam om jou nuus vir jou maat te vertel.

Bied aan
- Kies 'n paar leerders om hul nuus met die klas te deel.



KLANKE — Hersiening

LB bl. 6

15 min

OG bl. 136-141



Volg die WKOD se Klanke-program.
- Hersien
- Ouditiewe analise en sintese
- Woordbou en rymwoorde
- Sinsbou
- Skriftelike aktiwiteite

Gebruik die LB-bladsy vir ekstra oefening of Onafhanklike Werk.



SKRYF — Deel jou skryfwerk

15 min



Pare
- Leerders deel hul tekening van die vorige dag en lees hul sinne hardop.
- Hulle verduidelik wat hulle geteken het en waarom.
- Vertoon die skryf in die leeshoekie.



ONAFHANKLIKE WERK

LB bl. 7-9



- Ken aan elke groep onafhanklike aktiwiteite op die korrekte vlak toe.
- Herinner leerders om in stilte op hul eie te werk.
- Wanneer die klas gereed is, roep die eerste groep na die mat vir GBL.



GROEPBEGELEIDE LEES

30 min

LB bl. 10

OG bl. 147-192



- Volg die WKOD se program vir Groepbegeleide Lees.
- Demonstreer hoe om in pare te lees en laat leerders oefen deur bladsy 10 in die LB vir mekaar te lees.

SIEN NA EN GEE TERUGVOERING

15 min



Dink na oor die week
- Waarvan het jy gedurende die skoolweek gehou?
- Waarvan het jy nie gehou nie?

Sien Onafhanklike Werk na
- Gee terugvoering en onderrig weer, indien nodig.

LIGGAAMSOPVOEDING Aktiwiteitstasies

30 min

MG bl. 51-52



Warm op

Aktiwiteitstasies
- Stuur elke groep na 'n aktiwiteitstasie.
- Leerders doen die aktiwiteit.
- Neem waar en ondersteun.

Koel af

Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas aktiwiteite uit die DBO-werkboeke doen.

ONDERWYSER SE OORSIG VAN WEEK

Hierdie week het ek:
- kommentaar gelewer op leerders se skryfwerk.
- die **LB-aktiwiteite nagegaan en reggemaak** en probleme van spesifieke leerders geïdentifiseer wat meer ondersteuning nodig het.
- **terugverwys na die Oorsig van Week** en lesse geïdentifiseer wat ek nie kon voltooi nie.
- my **aantekeningboek nagegaan** en die name van leerders wat volgende week bykomende een-tot-een-onderrigtyd of individuele leesoefening saam met my nodig het, aangeteken.

Ek het volgende week tyd geskeduleer vir:
- **enige inhaal deur die klas** of algemene terugvoering wat nodig is.
- **individuele**, een-tot-een-onderrig, byvoorbeeld wanneer die res van die klas besig is, of vroeg in die oggend.

Ek het vooruit gekyk na volgende week om te verseker dat ek voorbereid is en alles het wat ek nodig het om die week mee te begin.

OORSIG VAN WEEK







Boumateriale

VOORBEREIDING

Flitskaarte

hout | baksteen | gras | teëls | sink

RIGLYNE VIR GROEPBEGELEIDE LEES (GBL) EN ONAFHANKLIKE WERK (OW)

Werk elke dag met twee groepbegeleide leesgroepe vir 15 minute elk (30 minute elk vir inhaalrooster).

Ken gepaste onafhanklike aktiwiteite aan die ander groepe toe deur die volgende hulpbronne te gebruik:

- Onafhanklike aktiwiteite in die LB
- DBO-werkboeke, WKOD se interaktiewe plakkaat, of jou eie hulpbronne.

BENODIGDHEDE VIR AKTIWITEITE

- kryte/viltpenne en 'n potlood
- groot velle papier (A4 of groter, wit of gekleurd)
- plakkaatverf/vetkryt
- afval materiaal van die huis (skoon en met geen skerp rante nie)
- bokse, karton
- skêre, gom, kleeflint
- sakkies/houers vir hierdie week se letters
- apparaat benodig vir gekose Liggaamsopvoedingsaktiwiteite



Drie speelhuise



Op 'n dag het Mamma 'n nuwe stoof gekry. Dit was in 'n groot kartonboks verpak.

"Wat kan ek met hierdie boks doen?" het Mamma gewonder nadat Pappa die stoof uitgepak het.

Toe ek en my suster die boks sien, wou ons dit hê. "Kan ons dit kry, Mamma?" het ons gevra. "Ons wil 'n kartonhuis maak."

En so het ons ons eie kartonhuis gemaak. Ons het kussings, komberse en speelgoed in ons nuwe huis gesit. Ons het baie pret daarin gehad. Ons katjie wou daarin bly omdat dit baie warm was en omdat daar 'n lekker sagte kussing in was om op te slaap. Maar na 'n rukkie het ons kartonhuis begin verniel en breek. So ons kon nie meer in ons kartonhuis speel nie.

Op 'n dag het ons niks gehad om te doen nie. "Mamma, wat kan ons doen? Ons is vandag baie verveeld," het ons gekerm.

"Ek het 'n idee," het Mamma gesê. "Julle kan 'n klein speelhuisie bou."

"Maar hoe? Ons het nie **sement** of bakstene nie, Mamma," het ek gesê.

"Kyk 'n bietjie buite op ons erf. Kyk of daar iets is waarmee julle mure kan bou," het Mamma gesê.

Ek het sand en water gemeng om modder te maak. Toe het ek dit saam met 'n paar klippe gebruik om die mure te bou. My sussie het nogal 'n mooi dak van gras gemaak. En dit is hoe ons ons speelhuis gebou het. Dit was so klein dat my suster se poppe nie eens daarin kon pas nie, maar gou-gou het 'n spinnekop in ons huis ingetrek en 'n web gespin. Die spinnekop het baie tuis in ons klein modderhuisie gelyk.

En toe kry ons 'n baie lekker verrassing. Pappa het vir ons 'n speelhuis in die groot ou boom op ons erf gebou. Hy het hout**plank**e, tou en spykers gekoop. Hy het in die motorhuis gekap en gesaag. Hy het vir ons 'n boomhuis met 'n deur en vensters gebou. Pappa het vir ons 'n **touleer** gemaak om tot bo te klim. Ons het twee stoele, 'n tafel en 'n paar kussings daarin gesit. Toe kon ons lekker saam met ons vriende daarin speel.

WOORDESKAT

sement – 'n grys poeier wat met sand en water gemeng word om beton te maak

plank – 'n lang dun stuk hout

touleer – twee lang stukke tou met stukke hout tussenin om op of af te klim

MAANDAG



OGGENDBYEENKOMS — Nuus

15 min

- Gee vir die leerders 'n onderwerp om nuus oor te vertel.
- Leerders gebruik die dink-paar-deel-metode en die *My nuus*-raam om hul nuus te vertel.





HARDOPLEESSTORIE — *Drie speelhuise*

OG bl. 15

15 min

Vóór lees
- Wat is 'n speelhuis?

Lees die storie hardop
- Verduidelik nuwe woordeskat.

Nà lees
- Van watter speelhuis in die storie het julle die meeste gehou? Hoekom?





AANVANGSKENNIS EN PSW — Boumateriale vir huise

GB bl. 6

30 min

LB bl. 11

Bestaande kennis
- Het julle al gesien hoe 'n huis gebou word? Watter boumateriaal het die bouers gebruik vir die verskillende dele van die huis?
- Ons het gesien dat huise verskillend lyk. Van watter materiaal kan mure/vloere/dakke gemaak word? (verwys terug na die storie)

Bespreek die teks
- Lees die teks saam en bespreek die vrae in die Grootboek.





KLANKE — Aanleer van die **ui**-klank

LB bl. 12

15 min

OG bl. 136-141

Volg die WKOD se Klanke-program.
1. Storie
2. Aksie
3. Letterkaart
4. Lettervorming
5. Ouditiewe analise en sintese
6. Visueel
7. Taktiel
8. Liedjie

Gebruik die LB-bladsy vir ekstra oefening of Onafhanklike Werk.





HANDSKRIF

OG bl. 142-146

15 min

- Volg die WKOD se Handskrif-program.
- Herhaal enige van Kwartaal 3 se Handskrif-lesse vir oefening en vaslegging.



ONAFHANKLIKE WERK

LB
bl. 16-19



- Ken aan elke groep onafhanklike aktiwiteite op die korrekte vlak toe.
- Herinner leerders om in stilte op hul eie te werk.
- Wanneer die klas gereed is, roep die eerste groep na die mat vir GBL.

GROEPBEGELEIDE LEES

OG bl. 147-192
30 min

Volg die WKOD se program vir Groepbegeleide Lees.



LIGGAAMSOPVOEDING Aktiwiteitstasies

30 min

MG
bl. 51-52



Berei voor
Kies vier verskillende aktiwiteite op bladsy 1 vir die week of die WKOD se e-Klaskamer vir Lewensvaardigheid, berei die apparaat voor, en verdeel die klas in vier groepe.

Stel aktiwiteitstasies bekend
- Vra leerders wat selfvertroue het om aktiwiteite te demonstreer.

Klasaktiwiteit
- Speel 'n speletjie soos vang-vang, krappe-en-kraaie of wegkruipertjie.

Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas aktiwiteite uit die DBO-werkboeke doen.

VISUELE KUNSTE ASSESSERING 1 Maak 'n speelhuis

30 min



Gebruik hierdie voorbeeld van assessering of ontwerp jou eie.

Stel bekend
- Herinner leerders aan die storie *Drie speelhuise*.

Verduidelik die taak
- Leerders maak 'n speelhuis, in pare of in groepe.
- Leerders beplan en bring die materiaal.
- Herinner hulle om karton te bring wat as die straat gebruik kan word en waarop die geboue geplaas sal word.
- Die aktiwiteit word oor twee dae voltooi (Maandag en Dinsdag)

Addisionele tyd
- Gebruik tyd van LO of Uitvoerende Kunste, indien nodig.

Sien na: Sien bladsy 119
Punte: 5

DINSDAG



OGGENDBYEENKOMS

15 min



- Register, kalender, weer
- Speel die klankspeletjie: dieselfde of verskillend.



LUISTER EN PRAAT — Maak as klas 'n staafgrafiek

15 min



Berei voor

- Teken 'n staafgrafiek op die bord.
- Vra: Hoe sal ons uitvind van watter soort materiaal die meeste van die dakke van ons huise gemaak is? *(deur vrae te vra en dan hande te tel)*
- Van watter materiaal kan dakke gemaak word? *(teëls, metaalplate, riete/dekgras)*

Voltooi die grafiek

- Vra vir die leerders die vrae en teken die uitslae op.
- Stel die getalle in elke kolom voor deur die blokke in te kleur.
- Wanneer dit voltooi is, vra: Watter dakke is die mees/minste algemene in hierdie klas.



AANVANGSKENNIS EN PSW — Boumateriaal

LB bl. 13

15 min



Kyk na die prente

- Bespreek die boumateriaal wat in elke prent gebruik word.

Beantwoord die vrae

- Leerders beantwoord die vrae deur die foto se nommer langs die vraag te skryf.
- Leerders beantwoord mondelings die vraag oor hul eie huise.



KLANKE — Vaslegging van die ui-klank

OG bl. 136-141

15 min



Volg die WKOD se Klanke-program.

- Liedjie
- Aksie
- Lettervorming
- Flitskaarte
- Skriftelike aktiwiteit
- Vasleggingspeletjies



HANDSKRIF

OG bl. 142-146

15 min



- Volg die WKOD se Handskrif-program.
- Herhaal enige van Kwartaal 3 se Handskrif-lesse vir oefening en vaslegging.

GEDEELDE LEES (1) *Drie speelhuise*

GB bl. 7-10
15 min


Drie speelhuise

Ons nuwe stoof was in 'n groot kartondoos verpak. Ons het die kartondoos in 'n huis verander sodat ons daarin kon speel.

Lees
- Lees *Drie speelhuise* vir die klas.
- Vra die **Dag 1**-vrae op elke bladsy.
- Lees die storie saam as 'n klas.

Wys die flitskaartwoorde: hout, baksteen, gras, teëls, sink
- Wys die flitskaarte en sê die woorde hardop saam met die leerders.
- Pas die flitskaarte by 'n woord in die Grootboek.

ONAFHANKLIKE WERK

LB bl. 16-19



- Ken aan elke groep onafhanklike aktiwiteite op die korrekte vlak toe.
- Herinner leerders om in stilte op hul eie te werk.
- Wanneer die klas gereed is, roep die eerste groep na die mat vir GBL.

GROEPBEGELEIDE LEES

OG bl. 147-192
30 min

Volg die WKOD se program vir Groepbegeleide Lees.



LIGGAAMSOPVOEDING *Aktiwiteitstasies*

30 min
MG bl. 51-52



Warm op

Aktiwiteitstasies
- Stuur elke groep na 'n aktiwiteitstasie.
- Leerders doen die aktiwiteit.
- Neem waar en ondersteun.

Koel af

VISUELE KUNSTE ASSESSERING 1 Maak 'n speelhuis (vervolg)

30 min



Gebruik hierdie voorbeeld van assessering of ontwerp jou eie.

Skep
- Leerders gaan voort met die bou van hul speelhuise.

Aanbieding
- Leerders doen 'n aanbieding van hul speelhuise vir die klas.
- Hulle verduidelik die ontwerp en bou daarvan.

Sien na: Sien bladsy 119
Punte: 5

WOENSDAG



OGGENDBYEENKOMS

15 min

- Register, kalender, weer
- Speel die klankspeletjie: dieselfde of verskillend.





AANVANGSKENNIS EN PSW *Die drie klein varkies*

LB bl. 14

15 min

Vertel die storie

- Gebruik die prente in die LB om die storie *Die drie klein varkies* vir die klas te vertel.

Plaas die prente in die korrekte volgorde

- Leerders voltooi die aktiwiteit in die LB.

Vertel die storie oor

- Leerders vertel die storie oor in pare, deur die prente op die LB bladsy te gebruik.





KLANKE Vaslegging van die ui-klank

LB bl. 15

15 min

OG bl. 136-141

Volg die WKOD se Klanke-program.

- Liedjie
- Aksie
- Lettervorming
- Flitskaarte
- Skriftelike aktiwiteit
- Vasleggingspeletjies

Gebruik die LB-bladsy vir ekstra oefening of Onafhanklike Werk.





HANDSKRIF

OG bl. 142-146

15 min

- Volg die WKOD se Handskrif-program.
- Herhaal enige van Kwartaal 3 se Handskrif-lesse vir oefening en vaslegging.





GEDEELDE LEES (2) *Drie speelhuise*

GB bl. 7-10

15 min

Lees

- Lees *Drie speelhuise* vir die klas.
- Vra die **Dag 2**-vrae op elke bladsy.
- Lees die storie saam as 'n klas.

Hersien die flitskaartwoorde: hout, baksteen, gras, teëls, sink

- Wys die flitskaarte en sê die woorde hardop saam met die leerders.
- Pas die flitskaarte by 'n woord in die Grootboek.



GEDEELDE SKRYF — Nuus

15 min

MG bl. 38-41

Berei die bord voor
- Kopieer die skryfraam op die bord.

Bespreek die nuus
- Verduidelik dat nuus iets is wat onlangs gebeur het, en wat ander interessant vind.
- Kom ons skryf vandag oor iemand met wie ons gespeel het of iewers waarheen ons gegaan het.

Skryf sommige leerders se voorstelle neer
- Lees die aansporingsvrae.
- Leerders verskaf idees en help jou om die boodskap te skryf.

Lees die sinne saam



ONAFHANKLIKE WERK

LB bl. 16-19

- Ken aan elke groep onafhanklike aktiwiteite op die korrekte vlak toe.
- Herinner leerders om in stilte op hul eie te werk.
- Wanneer die klas gereed is, roep die eerste groep na die mat vir GBL.



GROEPBEGELEIDE LEES

OG bl. 147-192

30 min

Volg die WKOD se program vir Groepbegeleide Lees.



LIGGAAMSOPVOEDING — Aktiwiteitstasies

30 min

MG bl. 51-52

Warm op

Aktiwiteitstasies
- Stuur elke groep na 'n aktiwiteitstasie.
- Leerders doen die aktiwiteit.
- Neem waar en ondersteun.

Koel af

Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas aktiwiteite uit die DBO-werkboeke doen.



UITVOERENDE KUNSTE — Dramatiseer Die drie klein varkies

30 min

Berei voor
- Vra vrywilligers om te beskryf wat in die storie van *Die drie klein varkies* gebeur het.
- Verdeel leerders in groepe van vier.
- Hulle kies leerders om die rolle van die drie varkies en die wolf te vertolk.

Dramatiseer
- Groep oefen dramatisering van die storie.
- Elke groep sal die volgende dag vir die res van die klas opvoer.



DONDERDAG



OGGENDBYEENKOMS

15 min

- Register, kalender, weer
- Speel die klankspeletjie: dieselfde of verskillend.





LUISTER EN PRAAT — Sê 'n gedig op

15 min

Die huis wat Jan gebou het

Dit is die huis wat Jan gebou het.
Dit is die kaas wat in die huis gelê het wat Jan gebou het.
Dit is die rot wat die kaas geëet het, wat in die huis gelê het wat Jan gebou het.

Dit is die kat wat die rot gevang het, wat die kaas geëet het wat in die huis gelê het wat Jan gebou het.
Dit is die hond wat die kat gejaag het, wat die rot gevang het, wat die kaas geëet het, wat in die huis gelê het wat Jan gebou het.



KLANKE — Vaslegging van die ui-klank

OG bl. 136-141
15 min

Volg die WKOD se Klanke-program.

- Liedjie
- Aksie
- Lettervorming
- Flitskaarte
- Skriftelike aktiwiteit
- Vasleggingspeletjies





HANDSKRIF

OG bl. 142-146
15 min

- Volg die WKOD se Handskrif-program.
- Herhaal enige van Kwartaal 3 se Handskrif-lesse vir oefening en vaslegging.





GEDEELDE LEES (3) — *Drie speelhuise*

GB bl. 7-10
15 min

Lees

- Lees *Drie speelhuise* vir die klas.
- Vra die **Dag 3**-vrae op elke bladsy.
- Lees die storie saam as 'n klas.

Hersien die flitskaartwoorde: hout, baksteen, gras, teëls, sink

- Wys die flitskaarte en sê die woorde hardop saam met die leerders.
- Pas die flitskaarte by 'n woord in die Grootboek.
- Plaas die flitskaarte teen die woordmuur.


Drie speelhuise

Ons nuwe stoof was in 'n groot kartondoos verpak. Ons het die kartondoos in 'n huis verander sodat ons daarin kon speel.



SKRYF Skryf jou nuus

15 min



Herlees Gedeelde Lees-sinne van die vorige dag

Leerders teken en skryf

- Leerders dink aan nuus wat hulle graag wil deel.
- Leerders teken 'n prent oor hul nuus.
- Leerders skryf drie sinne oor wat hulle gedoen het.



ONAFHANKLIKE WERK

LB bl. 16-19



- Ken aan elke groep onafhanklike aktiwiteite op die korrekte vlak toe.
- Herinner leerders om in stilte op hul eie te werk.
- Wanneer die klas gereed is, roep die eerste groep na die mat vir GBL.



GROEPBEGELEIDE LEES

OG bl. 147-192

30 min

Volg die WKOD se program vir Groepbegeleide Lees.





LIGGAAMSOPVOEDING Aktiwiteitstasies

30 min

MG bl. 51-52



Warm op

Aktiwiteitstasies

- Stuur elke groep na 'n aktiwiteitstasie.
- Leerders doen die aktiwiteit.
- Neem waar en ondersteun.

Koel af



UITVOERENDE KUNSTE Bied dramatisering aan

30 min



Voer op

- Groepe voer hul dramatisering van *Die drie klein varkies* op.

Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas aktiwiteite uit die DBO-werkboeke doen.

VRYDAG



OGGENDBYEENKOMS Nuus

15 min



- Gee vir die leerders 'n onderwerp om nuus oor te vertel.
- Leerders gebruik die dink-paar-deel-metode en die *My nuus*-raam om hul nuus te vertel.



KLANKE Hersien die ui-klank

OG bl. 136-141

15 min

Volg die WKOD se Klanke-program.

- Hersien
- Ouditiewe analise en sintese
- Woordbou en rymwoorde
- Sinsbou
- Skriftelike aktiwiteite





ONAFHANKLIKE SKRYF Deel jou skryfwerk

15 min

- Leerders lees hul skryfwerk vir 'n maat.
- Vra 'n paar leerders om hul skryfwerk vir die klas te lees.





ONAFHANKLIKE WERK

LB bl. 16-19

- Ken aan elke groep onafhanklike aktiwiteite op die korrekte vlak toe.
- Herinner leerders om in stilte op hul eie te werk.
- Wanneer die klas gereed is, roep die eerste groep na die mat vir GBL.





GROEPBEGELEIDE LEES

OG bl. 147-192

30 min

Volg die WKOD se program vir Groepbegeleide Lees.



SIEN NA EN GEE TERUGVOERING

15 min



Dink na oor die week
- Waarvan het jy gedurende die skoolweek gehou?
- Waarvan het jy nie gehou nie?

Sien Onafhanklike Werk na
- Gee terugvoering en onderrig weer, indien nodig.

LIGGAAMSOPVOEDING Aktiwiteitstasies

30 min

MG bl. 51-52



Warm op

Aktiwiteitstasies
- Stuur elke groep na 'n aktiwiteitstasie.
- Leerders doen die aktiwiteit.
- Neem waar en ondersteun.

Koel af

Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas aktiwiteite uit die DBO-werkboeke doen.

ONDERWYSER SE OORSIG VAN WEEK

Hierdie week het ek:
- kommentaar gelewer op leerders se skryfwerk.
- die **LB-aktiwiteite nagegaan en reggemaak** en probleme van spesifieke leerders geïdentifiseer wat meer ondersteuning nodig het.
- **terugverwys na die Oorsig van Week** en lesse geïdentifiseer wat ek nie kon voltooi nie.
- my **aantekeningboek nagegaan** en die name van leerders wat volgende week bykomende een-tot-een-onderrigtyd of individuele leesoefening saam met my nodig het, aangeteken.

Ek het volgende week tyd geskeduleer vir:
- **enige inhaal deur die klas** of algemene terugvoering wat nodig is.
- **individuele**, een-tot-een-onderrig, byvoorbeeld wanneer die res van die klas besig is, of vroeg in die oggend.

Ek het vooruit gekyk na volgende week om te verseker dat ek voorbereid is en alles het wat ek nodig het om die week mee te begin.

OORSIG VAN WEEK



’n Besoek aan die dieretuin

VOORBEREIDING

Flitskaarte

dieretuin | besoek | aap | leeu | krokodil

RIGLYNE VIR GROEPBEGELEIDE LEES (GBL) EN ONAFHANKLIKE WERK (OW)

Werk elke dag met twee groepbegeleide leesgroepe vir 15 minute elk (30 minute elk vir inhaalrooster).

Ken gepaste onafhanklike aktiwiteite aan die ander groepe toe deur die volgende hulpbronne te gebruik:

- Onafhanklike aktiwiteite in die LB
- DBO-werkboeke, WKOD se interaktiewe plakkaat, of jou eie hulpbronne.

BENODIGDHEDE VIR AKTIWITEITE

- bestandele om speeldeeg te maak: meel, sout, olie, voedselkleursel, water/klaargemaakte speeldeeg (of papier en skêre)
- kryte/viltpenne en ’n potlood
- kartonbokse (platgedruk), velle karton
- apparaat vir gekose Liggaamsopvoedingsaktiwiteite



’n Besoek aan die dieretuin



Op ’n dag het ons juffrou aangekondig dat ons die dieretuin in Johannesburg gaan besoek. “Watter diere wil julle die graagste sien?” het sy gevra.

“Ek wil die kwaaiste en **gevaarlik**ste dier in die dieretuin sien,” het Thabo gesê.

“Ek wil die grootste dier wat op land leef, sien,” het Vera gesê.

“Daar is soveel verskillende diere in die dieretuin,” het ons juffrou gesê. “Ek wil hê julle moet mooi na die diere kyk en na die uitstappie vir my vertel van wat julle alles gesien het. Julle sal sien dat al die diere spesiaal is!”

Toe ons by die dieretuin aankom, het ons heel eerste die apies in ’n groot **hok** gesien. Party mamma-apies het hul babas op hul rûe gedra. Ander was besig om hul babas te leer klim. Hulle het daarvan gehou om mekaar te druk en skoon te maak. Ons het gedink die apies was baie slim!

Daarna het ons na ’n deel van die dieretuin gegaan wat net ’n stuk oop veld sonder hokke was. Ons het die grootste dier in die wêreld gesien – ’n olifant! Die olifant het sy lang slurp geswaai en dit dan gebruik om gras op te tel. Ons het die sebras maklik gesien omdat hulle swart en wit strepe het. Ons het gesien hoe ’n lang kameelperd sy lang, **elegant**e nek strek om blare van ’n boom te pluk en te eet. Ons het ’n springbok met lang horings en bruin strepe gesien wat hoog in die lug spring.

In ’n ander deel van die dieretuin het die leeus vir ons gebrul. Hulle was die kwaaiste diere wat ons gesien het. Ons het gehou van die kolle op die velle van die jagluiperds en luiperds.

Ons het na die diere gekyk wat naby die meer gewoon het. ’n Seekoei het sy yslike mond so wyd oopgemaak dat ons sy groot tande kon sien. Daar was ’n groot stomp wat in die water gedryf het, maar toe ons sien dat dit beweeg, het ons geweet dit is ’n krokodil.

Heel laaste het ons na die voëls gaan kyk. Die mooiste voël was ’n blou pou. Die pou het goue en blou kolle op sy pragtige groen stertvere gehad.

Die volgende dag moes elkeen van ons vir die klas vertel van ’n dier wat ons by die dieretuin gesien het. Ons het beskryf hoe die dier gelyk het, wat ons gesien het die dier doen en hoekom ons die meeste van die dier gehou het. Wat dink jy was my gunsteling?

WOORDESKAT

gevaarlik – skrikwekkend, sterk en kwaad

hok – ’n struktuur gemaak van metaalstawe of draad waarin diere of voëls aangehou word

elegant – grasieus en aangenaam

MAANDAG



OGGENDBYEENKOMS Nuus

15 min

- Gee vir die leerders 'n onderwerp om nuus oor te vertel.
- Leerders gebruik die dink-paar-deel-metode en die *My nuus*-raam om hul nuus te vertel.





HARDOPLEESSTORIE *'n Besoek aan die dieretuin*

OG bl. 27

15 min

Voor lees
- Stel die storie bekend: *'n Besoek aan die dieretuin*
- Was julle al ooit by 'n dieretuin?
- Watter soort diere sal julle by 'n dieretuin sien?

Lees die storie hardop
- Verduidelik nuwe woordeskat.

Ná lees
- Wat was die langste/grootste/gevaarlikste dier wat die leerders gesien het?
- Wie was al by die dieretuin?
- Watter soort diere het julle by die dieretuin gesien?





AANVANGSKENNIS EN PSW Kaart van die dieretuin

GB bl. 11

30 min

Bestaande kennis
- Herinner leerders aan die padkaarte in Kwartaal 1 (*Vusi gaan na Sipho se huis*) en Kwartaal 3 (*Plekke in ons gemeenskap*)
- Wat is 'n kaart? *('n skets van 'n plek wat wys waar dinge is: kaarte is gewoonlik kleiner as dit wat dit verteenwoordig*)

- Waarvoor gebruik ons dit? (*om ons weg te vind, en te weet hoe ver dinge van mekaar is*)
- Van watter soorte kaarte weet julle van? (*byvoorbeeld: aardbolle, Google maps op selfone; Google Earth word opgestel deur foto's wat van baie hoog af geneem word)*

Lees saam en bespreek
- Vra die vrae in die GB.





KLANKE Hersiening

LB bl. 21

15 min

OG bl. 136-141

Volg die WKOD se Klanke-program.
- Hersien
- Ouditiewe analise en sintese
- Woordbou en rymwoorde
- Sinsbou
- Skriftelike aktiwiteite

Gebruik die LB-bladsy vir ekstra oefening of Onafhanklike Werk.





HANDSKRIF

OG bl. 142-146

15 min

- Volg die WKOD se Handskrif-program.
- Herhaal enige van Kwartaal 3 se Handskrif-lesse vir oefening en vaslegging.



ONAFHANKLIKE WERK

LB
bl. 26-29



- Ken aan elke groep onafhanklike aktiwiteite op die korrekte vlak toe.
- Herinner leerders om in stilte op hul eie te werk.
- Wanneer die klas gereed is, roep die eerste groep na die mat vir GBL.

GROEPBEGELEIDE LEES

OG bl. 147-192
30 min

Volg die WKOD se program vir Groepbegeleide Lees.



LIGGAAMSOPVOEDING Aktiwiteitstasies

30 min

MG
bl. 51-52



Berei voor
Kies vier verskillende aktiwiteite op bladsy 1 vir die week of die WKOD se e-Klaskamer vir Lewensvaardigheid, berei die apparaat voor, en verdeel die klas in vier groepe.

Stel aktiwiteitstasies bekend
- Vra leerders wat selfvertroue het om aktiwiteite te demonstreer.

Klasaktiwiteit
- Speel 'n speletjie soos vang-vang, krappe-en-kraaie of wegkruipertjie.

Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas aktiwiteite uit die DBO-werkboeke doen.

VISUELE KUNSTE Maak 'n wilde dier

30 min



Berei voor
- Maak speeldeeg
- Bestanddele:
  - 2 koppies meel
  - 1 koppie sout
  - 1 eetlepel olie
  - 2 druppels voedselkleursel
  - 1 koppie water
- Metode:
  - Meng die meel en sout in 'n bak
  - Voeg die water, olie en voedselkleursel by.
  - Knie op 'n plat oppervlak totdat dit nie meer taai is nie.

Maak 'n wilde dier
- Leerders maak die wilde diere met speeldeeg.

Alternatief
- Leerders teken en knip die diere uit.

Bêre die diere tot die volgende dag om dit te gebruik.

DINSDAG



OGGENDBYEENKOMS

15 min



- Register, kalender, weer
- Speel die klankspeletjie: dieselfde of verskillend.



LUISTER EN PRAAT ASSESSERING 1 — 'n Uitstappie

Gebruik hierdie voorbeeld van assessering of ontwerp jou eie.

Verduidelik taak

- Dink aan 'n uitstappie waarop jy gegaan het (besoek aan 'n familielid/winkels/naby dorp/'n kerkuitstappie ensovoorts).
- Roep die leerders een vir een na jou tafel sodat hulle oor hul uitstappie kan praat.

Aansporingsvrae

- Waarheen het jy gegaan?
- Saam met wie het jy gegaan?
- Hoe het julle daar gekom?
- Wat het jy gesien?
- Wat het jy gedoen?

Nasienrubriek

- Assessering van individuele leerders kan die daaropvolgende dae/weke enige tyd gedoen word, terwyl die klas met 'n ander aktiwiteit besig is, byvoorbeeld leerders is besig om in hul LB's te werk.

Sien na:
Sien bladsy 113
Punte: 5

LB bl. 22
15 min



Res van klas gee aanwysings

- Terwyl jy besig met die assessering is, doen die res van die klas die aktiwiteit in die LB.
- Leerders werk in pare.
- Leerder A kies 'n dier.
- Leerder B verduidelik in woorde hoe daardie dier vanaf die ingang tot die korrekte hok/kamp beweeg.
- Leerder A luister en volg die roete met hul vingers om te sien of die rigting korrek is.
- Ruil rolle.



AANVANGSKENNIS EN PSW — Bedreigde diere

15 min



Gesels oor bedreigde diere

- Bedreigde diere is diere wat op die rand staan om uitgeroei te word.
- Uitroeiing beteken dat daar nie meer van daardie spesifieke diere in die wêreld oor gaan wees nie.
- Bedreigde diere moet beskerm word.
- Hoe kan mens diere beskerm?

Vertel die leerders van die ietermagog

- 'n Voorbeeld van 'n bedreigde dier is die ietermagog.
- Ietermagogge is die enigste soogdiere met skubbe.
- Ons moet hulle beskerm teen jagters of anders sal daar niks meer van hulle in die wêreld oor wees nie.

Huiswerk: Leerders vind meer uit

- Help die dieretuine om bedreigde diere te beskerm?
- Leerders bied hul bevindinge Vrydag aan.



KLANKE — Hersiening

OG bl. 136-141
15 min

Volg die WKOD se Klanke-program.

- Hersien
- Ouditiewe analise en sintese
- Woordbou en rymwoorde
- Sinsbou
- Skriftelike aktiwiteite

doel	vuil
boek	huis
hoes	tuis



HANDSKRIF

OG bl. 142-146
15 min

- Volg die WKOD se Handskrif-program.
- Herhaal enige van Kwartaal 3 se Handskrif-lesse vir oefening en vaslegging.





GEDEELDE LEES (1) *'n Besoek aan die dieretuin*

GB bl. 12-15
15 min

Lees

- Lees *'n Besoek aan die dieretuin* vir die klas.
- Vra die **Dag 1**-vrae op elke bladsy.
- Lees die storie saam as 'n klas.

Wys die flitskaartwoorde: dieretuin, besoek, aap, leeu, krokodil

- Wys die flitskaarte en sê die woorde hardop saam met die leerders.
- Pas die flitskaarte by 'n woord in die Grootboek.


'n Besoek aan die dieretuin

Toe ons by die dieretuin kom, het ons eerste die apies gesien.

Die apies het in die bome geklim en aan die takke geswaai. Mamma-apies het hulle babas gedra.

12



ONAFHANKLIKE WERK

LB bl. 26-29
OG bl. 147-192
30 min

- Leerders doen twee take per dag tensy hulle GBL het.
- Herinner hulle om in stilte op hul eie te werk.
- Wanneer die klas gereed is, roep die volgende groep na die mat vir GBL.





GROEPBEGELEIDE LEES

Volg die WKOD se program vir Groepbegeleide Lees.



LIGGAAMSOPVOEDING *Aktiwiteitstasies*

30 min
MG bl. 51-52

Warm op

Aktiwiteitstasies

- Stuur elke groep na 'n aktiwiteitstasie.
- Leerders doen die aktiwiteit.
- Neem waar en ondersteun.

Koel af





VISUELE KUNSTE *Ontwerp en maak 'n kaart van die dieretuin*

30 min

Berei voor

- Deel karton/kaart, potlode en kryte/viltpenne uit.
- Leerders werk in groepe.
- Leerders wys hul speeldeegdiere.
- Groepe bespreek habitatte en kampe wat hul speeldeegdiere mag benodig.

Teken 'n kaart

- Groepe teken die ingang, 'n voetpad, vier kampe en enige ander kenmerke (winkel, piekniekarea).
- Leerders plaas hul diere op die kaart.
- Moedig individuele interpretasies en kreatiewe denke aan.

Leerders sal hul kaart tydens die Uitvoerende Kunste-les aanbied.



Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas aktiwiteite uit die DBO-werkboeke doen.

WOENSDAG



OGGENDBYEENKOMS

15 min

- Register, kalender, weer
- Speel die klankspeletjie: dieselfde of verskillend.





AANVANGSKENNIS EN PSW — Prentekaarte

LB bl. 23

15 min

Hersien die konsep van 'n kaart

- Verduidelik dat 'n kaart wys hoe 'n plek van bo lyk.
- Verduidelik die verskil tussen 'n tekening op 'n kaart en die werklike voorwerp of 'n foto van die voorwerp.
- Leerders kyk van bo na algemene voorwerpe (potloodsakkie, potlood, uitveër).

Doen die aktiwiteit





KLANKE — Hersiening

LB bl. 24

15 min

OG bl. 136-141

Volg die WKOD se Klanke-program.

- Hersien
- Ouditiewe analise en sintese
- Woordbou en rymwoorde
- Sinsbou
- Skriftelike aktiwiteite

Gebruik die LB-bladsy vir ekstra oefening of Onafhanklike Werk.





HANDSKRIF

OG bl. 142-146

15 min

- Volg die WKOD se Handskrif-program.
- Herhaal enige van Kwartaal 3 se Handskrif-lesse vir oefening en vaslegging.





GEDEELDE LEES (2) — *'n Besoek aan die dieretuin*

GB bl. 12-15

15 min

Lees

- Lees *'n Besoek aan die dieretuin* vir die klas.
- Vra die **Dag 2**-vrae op elke bladsy.
- Lees die storie saam as 'n klas.

Hersien die flitskaartwoorde: dieretuin, besoek, aap, leeu, krokodil

- Wys die flitskaarte en sê die woorde hardop saam met die leerders.
- Pas die flitskaarte by 'n woord in die Grootboek.



GEDEELDE SKRYF — Oorvertelling

15 min

MG bl. 38-41



Berei voor

- Kopieer die skryfraam op die bord.
- Bespreek wat die leerders in die storie by die dieretuin gesien het (of oor 'n werklike uitstappie wat die klas onlangs geneem het).
- Praat oor wat gebeur het, in die korrekte volgorde as wat dit gebeur het.

Skryf leerders se voorstelle op die bord

- Help leerders om die storie oor te vertel deur vrae met tydwoorde te vra. Byvoorbeeld: Wat het hulle eerste gesien? Tweede? Daarna? Watter diere het hulle naby die meer gesien? Wanneer het hulle die voëls gesien?
- Wys hoe om die skryfraam en die leerders se antwoorde te gebruik om die storie te skryf.

Lees die sinne saam

ONAFHANKLIKE WERK

LB bl. 26-29



- Ken aan elke groep onafhanklike aktiwiteite op die korrekte vlak toe.
- Herinner leerders om in stilte op hul eie te werk.
- Wanneer die klas gereed is, roep die eerste groep na die mat vir GBL.

GROEPBEGELEIDE LEES

OG bl. 147-192

30 min

Volg die WKOD se program vir Groepbegeleide Lees.



LIGGAAMSOPVOEDING — Aktiwiteitstasies

30 min

MG bl. 51-52



Warm op

Aktiwiteitstasies

- Stuur elke groep na 'n aktiwiteitstasie.
- Leerders doen die aktiwiteit.
- Neem waar en ondersteun.

Koel af

Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas aktiwiteite uit die DBO-werkboeke doen.

UITVOERENDE KUNSTE — Bied dieretuinkaarte aan

30 min



Berei voor

- Groepe beplan en berei hul aanbiedings oor dieretuinkaarte voor.

Bied aan

- Leerders bied hul dieretuinkaarte aan en verduidelik hul ontwerpe, keuses en denkwyses.

DONDERDAG



OGGENDBYEENKOMS

15 min

- Register, kalender, weer
- Speel die klankspeletjie: dieselfde of verskillend.





LUISTER EN PRAAT — Sê 'n gedig op

15 min

Dieretuin-telrympie
Een, een! Waar gaan ons heen?
Twee, twee! Hoor die apies skree.
Drie, drie! Die eendjies in die dammetjie.
Vier, vier! Kameelperd is die langste dier.
Vyf, vyf! Kyk olifant se grote lyf.
Ses, ses! Sien die reier op sy nes.
Sewe, sewe! Die leeu se brul laat my bene bewe.
Ag, ag! Wat 'n wonderlike dag.
Nege, nege! Dis 'n dieretuin-sege.
Tien, tien! Hoera, ons het al die diere gesien!



KLANKE — Hersiening

OG bl. 136-141
15 min

Volg die WKOD se Klanke-program.

- Hersien
- Ouditiewe analise en sintese
- Woordbou en rymwoorde
- Sinsbou
- Skriftelike aktiwiteite





HANDSKRIF

OG bl. 142-146
15 min

- Volg die WKOD se Handskrif-program.
- Herhaal enige van Kwartaal 3 se Handskrif-lesse vir oefening en vaslegging.





GEDEELDE LEES (3) — *'n Besoek aan die dieretuin*

GB bl. 12-15
15 min

Lees

- Lees *'n Besoek aan die dieretuin* vir die klas.
- Vra die **Dag 3**-vrae op elke bladsy.
- Lees die storie saam as 'n klas.

Hersien die flitskaartwoorde: dieretuin, besoek, aap, leeu, krokodil

- Wys die flitskaarte en sê die woorde hardop saam met die leerders.
- Pas die flitskaarte by 'n woord in die Grootboek.
- Plaas die flitskaarte teen die woordmuur.


'n Besoek aan die dieretuin

Toe ons by die dieretuin kom, het ons eerste die apies gesien.

Die apies het in die bome geklim en aan die takke geswaai. Mamma-apies het hulle babas gedra.

12

SKRYF — Skryf oor besoek aan dieretuin

15 min

Herlees Gedeelde Skryf sinne van die vorige dag

Leerders teken en skryf

- Leerders teken die kinders wat na een van die dieretuindiere kyk.
- Hulle gebruik die skryfraam om te skryf oor wat gebeur het toe die kinders dieretuin toe gegaan het.



ONAFHANKLIKE WERK

LB bl. 26-29

- Ken aan elke groep onafhanklike aktiwiteite op die korrekte vlak toe.
- Herinner leerders om in stilte op hul eie te werk.
- Wanneer die klas gereed is, roep die eerste groep na die mat vir GBL.



GROEPBEGELEIDE LEES

OG bl. 147-192

30 min

Volg die WKOD se program vir Groepbegeleide Lees.



LIGGAAMSOPVOEDING — Aktiwiteitstasies

30 min

MG bl. 51-52

Warm op

Aktiwiteitstasies

- Stuur elke groep na 'n aktiwiteitstasie.
- Leerders doen die aktiwiteit.
- Neem waar en ondersteun.

Koel af



UITVOERENDE KUNSTE — Beweeg op die maat van musiek

30 min

Gaan voort met die aanbiedings van dieretuinkaarte indien nodig

Ontwikkel nie-lokomotoriese bewegings met bewegings op musiek

- Indien die aanbiedings voltooi is, speel musiek of sing 'n liedjie saam.
- Leerders beweeg met die musiek (draaiing, swaai arms, sywaarts buig, sweef, draai ensovoorts).

Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas aktiwiteite uit die DBO-werkboeke doen.



VRYDAG



OGGENDBYEENKOMS Nuus

15 min



- Gee vir die leerders 'n onderwerp om nuus oor te vertel.
- Leerders gebruik die dink-paar-deel-metode en die *My nuus*-raam om hul nuus te vertel.



KLANKE Hersiening

LB bl. 25

15 min

OG bl. 136-141



Volg die WKOD se Klanke-program.

- Hersien
- Ouditiewe analise en sintese
- Woordbou en rymwoorde
- Sinsbou
- Skriftelike aktiwiteite

Gebruik die LB-bladsy vir ekstra oefening of Onafhanklike Werk.



SKRYF Deel jou skryfwerk

15 min



Gedeelde Skryf

- Leerders kontroleer mekaar se geskrewe volgordes om seker te maak dit is korrek.
- Vra vrywilligers om hul sinne vir die klas te lees.



ONAFHANKLIKE WERK

LB bl. 26-29



- Ken aan elke groep onafhanklike aktiwiteite op die korrekte vlak toe.
- Herinner leerders om in stilte op hul eie te werk.
- Wanneer die klas gereed is, roep die eerste groep na die mat vir GBL.



GROEPBEGELEIDE LEES

OG bl. 147-192

30 min



Volg die WKOD se program vir Groepbegeleide Lees.

SIEN NA EN GEE TERUGVOERING

15 min



Dink na oor die week
- Waarvan het jy gedurende die skoolweek gehou?
- Waarvan het jy nie gehou nie?

Sien Onafhanklike Werk na
- Gee terugvoering en onderrig weer, indien nodig.

LIGGAAMSOPVOEDING Aktiwiteitstasies

30 min

MG bl. 51-52



Warm op

Aktiwiteitstasies
- Stuur elke groep na 'n aktiwiteitstasie.
- Leerders doen die aktiwiteit.
- Neem waar en ondersteun.

Koel af

Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas aktiwiteite uit die DBO-werkboeke doen.

ONDERWYSER SE OORSIG VAN WEEK

Hierdie week het ek:
- kommentaar gelewer op leerders se skryfwerk.
- die **LB-aktiwiteite nagegaan en reggemaak** en probleme van spesifieke leerders geïdentifiseer wat meer ondersteuning nodig het.
- **terugverwys na die Oorsig van Week** en lesse geïdentifiseer wat ek nie kon voltooi nie.
- my **aantekeningboek nagegaan** en die name van leerders wat volgende week bykomende een-tot-een-onderrigtyd of individuele leesoefening saam met my nodig het, aangeteken.

Ek het volgende week tyd geskeduleer vir:
- **enige inhaal deur die klas** of algemene terugvoering wat nodig is.
- **individuele**, een-tot-een-onderrig, byvoorbeeld wanneer die res van die klas besig is, of vroeg in die oggend.

Ek het vooruit gekyk na volgende week om te verseker dat ek voorbereid is en alles het wat ek nodig het om die week mee te begin.

OORSIG VAN WEEK



Ruby se roete

VOORBEREIDING

Flitskaarte

raaisel | langste | grootste | vinnig | kolle

RIGLYNE VIR GROEPBEGELEIDE LEES (GBL) EN ONAFHANKLIKE WERK (OW)

Werk elke dag met twee groepbegeleide leesgroepe vir 15 minute elk (30 minute elk vir inhaalrooster).

Ken gepaste onafhanklike aktiwiteite aan die ander groepe toe deur die volgende hulpbronne te gebruik:

- Onafhanklike aktiwiteite in die LB
- DBO-werkboeke, WKOD se interaktiewe plakkaat, of jou eie hulpbronne.

BENODIGDHEDE VIR AKTIWITEITE

- kryte/viltpenne en 'n potlood
- velle A4-papier
- sakkies/houers vir hierdie week se letters
- apparaat benodig vir gekose Liggaamsopvoedingsaktiwiteite



Watter dier is ek?

Ek is die grootste dier wat op land bly.
Ek het 'n slurp om goed mee op te tel.
Ek hou daarvan om blare en gras te eet.
Ek is donkergrys.
Wat is ek?



Ek woon in riviere en mere.
Ek hou van swem.
Ek gaan land toe om vrugte, gras en blare te eet.
Ek is baie groot en swaar.
Ek is bruinerige-grys.
Wat is ek?



Ek is die koning van al die diere.
Ek is sterk en kan baie hard brul.
Ek jag en eet ander diere.
Ek het baie groot pote en skerp tande.
Ek is bruinerige-geel.
Wat is ek?



Ek is die langste van al die diere.
Ek het 'n baie lang nek.
Ek eet blare, takkies en vrugte van bome.
My jas is wit met 'n patroon van bruin vlekke.
Wat is ek?



Ruby die hen

Ruby die hen het elke dag op die plaas gaan stap. Op 'n dag het Jakkals gesien hoe sy uit die hoenderhok kom om te gaan stap. Hy het besluit om haar te vang en vir aandete te eet.



Ruby het nie geweet dat Jakkals haar dophou om te vang nie. Sy het gelukkig deur die hoenderhok se hekkie gestap op pad dam toe. Sy het om die dam gestap en na die visse gekyk. Jakkals het haar saggies bekruip, maar, o wee, hy het gegly en in die dam geval! Hy het druipnat uitgeklim.

Toe kom Ruby by die stapel hout. Sy het liggies oor die stapel hout geloop om na die mielies in die veld verder weg te kyk. Jakkals het haar gevolg, maar, o wee, die hout het begin rol en Jakkals het agteroor geval!

Daarna het Ruby na die byekorf gestap. Die bye het soet heuning vir die boer gemaak. Ruby het onder die byekorf deurgeloop. Jakkals het haar bestorm, maar, o wee, hy het sy kop teen die byekorf gestamp. Al die bye het uit die byekorf gekom en Jakkals oral oor begin steek!

Ruby het rustig teruggestap hoenderhok toe en die hek agter haar toegemaak. Sy was veilig. Jakkals het verleë weggesluip en nooit weer na daardie plaaswerf teruggekom nie.

MAANDAG



OGGENDBYEENKOMS — Nuus

15 min



- Gee vir die leerders 'n onderwerp om nuus oor te vertel.
- Leerders gebruik die dink-paar-deel-metode en die *My nuus*-raam om hul nuus te vertel.



HARDOPLEESSTORIE — *Watter dier is ek?*

OG bl. 39

15 min



Vóór lees

- In plaas daarvan om 'n storie te lees gaan jy vandag raaisels vra.
- Verduidelik: 'n Raaisel is 'n vraag met leidrade wat 'n moeilike of snaakse antwoord het.

Lees die raaisels hardop

- Verduidelik enige nuwe woordeskat
- Leerders raai die antwoorde.

Ná lees

- Watter ander wildediere het julle al gesien?
- Waar het julle dit gesien?
- Hoe het dit gelyk?



AANVANGSKENNIS EN PSW — Watter dier is dit?

GB bl. 16

30 min



Bestaande kennis

- Bespreek: Ons weet dat dinge anders lyk van ver af.
- Dinge lyk ook anders van baie naby.
- Die prente op die boonste lyn van hierdie bladsy is verskillende diere. Hulle is so naby dat hulle anders lyk as wat julle normaalweg sien.

Kyk na die prente en bespreek

- Van watter dier is elke naby-prent 'n deel?



KLANKE — Aanleer van die ei-klank

LB bl. 30

15 min

OG bl. 136-141



Volg die WKOD se Klanke-program.

1. Storie
2. Aksie
3. Letterkaart
4. Lettervorming
5. Ouditiewe analise en sintese
6. Visueel
7. Taktiel
8. Liedjie

Gebruik die LB-bladsy vir ekstra oefening of Onafhanklike Werk.



HANDSKRIF

OG bl. 142-146

15 min



- Volg die WKOD se Handskrif-program.
- Herhaal enige van Kwartaal 3 se Handskrif-lesse vir oefening en vaslegging.

ONAFHANKLIKE WERK

LB bl. 34-37



- Ken aan elke groep onafhanklike aktiwiteite op die korrekte vlak toe.
- Herinner leerders om in stilte op hul eie te werk.
- Wanneer die klas gereed is, roep die eerste groep na die mat vir GBL.

GROEPBEGELEIDE LEES

OG bl. 147-192

30 min

Volg die WKOD se program vir Groepbegeleide Lees.



LIGGAAMSOPVOEDING Aktiwiteitstasies

30 min

MG bl. 51-52



Berei voor

Kies vier verskillende aktiwiteite op bladsy 1 vir die week of die WKOD se e-Klaskamer vir Lewensvaardigheid, berei die apparaat voor, en verdeel die klas in vier groepe.

Stel aktiwiteitstasies bekend

- Vra leerders wat selfvertroue het om aktiwiteite te demonstreer.

Klasaktiwiteit

- Speel 'n speletjie soos vang-vang, krappe-en-kraaie of wegkruipertjie.

Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas aktiwiteite uit die DBO-werkboeke doen.

UITVOERENDE KUNSTE ASSESSERING 1

Gebruik klank en bewegings om 'n raaisel voor te stel

30 min



Gebruik hierdie voorbeeld van assessering of ontwerp jou eie.

Bekendstelling

- Werk in pare.
- Berei 'n aksieraaisel wat 'n dier met beweging en geluide voorstel, voor.
- Byvoorbeeld: Ek beweeg soos hierdie...
- Ek klink soos hierdie ...
- Ek eet graag ...
- Ek is só groot ...

Berei voor en voer op

- Leerders berei voor en voer hul raaisel in pare op.
- Die klas die raaisel probeer oplos.

Gebruik die nasienrubriek op bl. 120

- Gaan voort met die assessering die volgende dag.
- Jy kan ook die LO-tyd gebruik om die assesserings te voltooi.

Sien na: Sien bladsy 120
Punte: 5

DINSDAG



OGGENDBYEENKOMS

15 min

- Register, kalender, weer
- Speel die klankspeletjie: dieselfde of verskillend.





LUISTER EN PRAAT — Woordraaisels

15 min

Leerders werk in pare

- Elke leerder dink aan enige wilde dier maar mag nie sê wat dit is nie.
- Hulle gee vir hul maat drie leidrade oor die dier (dit is die raaisel). Byvoorbeeld:
  - Watter grootte dit is.
  - Wat dit eet.
  - Waar dit woon.
  - Watter geluid dit maak.
  - Wat spesiaal is daaromtrent.

Die maat raai die antwoord





AANVANGSKENNIS EN PSW — *Ruby se roete*

LB bl. 31

15 min

Lees die storie

- Lees die storie Ruby se roete op bl. 39 in die OG, terwyl die leerders na die illustrasies in die LB kyk.

Pas die byskrifte by die prente

- Leerders lees die opskrifte onder die prente.
- Skryf die nommer van die ooreenstemmende prent langs elke opskrif neer.





KLANKE — Vaslegging van die ei-klank

OG bl. 136-141

15 min

Volg die WKOD se Klanke-program.

- Liedjie
- Aksie
- Lettervorming
- Flitskaarte
- Skriftelike aktiwiteit
- Vasleggingspeletjies

Gebruik die LB-bladsy vir ekstra oefening of Onafhanklike Werk.





HANDSKRIF

OG bl. 142-146

15 min

- Volg die WKOD se Handskrif-program.
- Herhaal enige van Kwartaal 3 se Handskrif-lesse vir oefening en vaslegging.



GEDEELDE LEES (1) *Wilde diere*

GB bl. 17-19
15 min

Lees
- Lees *Wilde diere* vir die klas.
- Vra die **Dag 1**-vrae op elke bladsy.
- Lees die storie saam as 'n klas.

Wys die flitskaartwoorde: raaisel, langste, grootste, verste, kolle
- Wys die flitskaarte en sê die woorde hardop saam met die leerders.
- Pas die flitskaarte by 'n woord in die Grootboek.


Wilde diere

Ek is 'n aap. Ek eet amper enige iets – voëls, eiers, paddas, vrugte en insekte. Ek klim boom om veilig te bly.

17

ONAFHANKLIKE WERK

LB bl. 34-37

- Ken aan elke groep onafhanklike aktiwiteite op die korrekte vlak toe.
- Herinner leerders om in stilte op hul eie te werk.
- Wanneer die klas gereed is, roep die eerste groep na die mat vir GBL.



GROEPBEGELEIDE LEES

OG bl. 147-192
30 min

Volg die WKOD se program vir Groepbegeleide Lees.



LIGGAAMSOPVOEDING *Aktiwiteitstasies*

30 min
MG bl. 51-52

Warm op

Aktiwiteitstasies
- Stuur elke groep na 'n aktiwiteitstasie.
- Leerders doen die aktiwiteit.
- Neem waar en ondersteun.

Koel af



UITVOERENDE KUNSTE ASSESSERING 1

Gebruik klank en bewegings om 'n raaisel voor te stel (vervolg)

30 min

Gebruik hierdie voorbeeld van assessering of ontwerp jou eie.

Gaan voort met assessering



Sien na: Sien bladsy 120
Punte: 5

WOENSDAG



OGGENDBYEENKOMS

15 min

- Register, kalender, weer
- Speel die klankspeletjie: dieselfde of verskillend.





AANVANGSKENNIS EN PSW — Kaart van Ruby se roete

LB bl. 32

15 min

Lees en bespreek die kaart

Teken Ruby se roete

- Lees weer die storie van *Ruby se roete*.
- Leerders teken waar Ruby gegaan het.





KLANKE — Vaslegging van die ei-klank

LB bl. 33

15 min

OG bl. 136-141

Volg die WKOD se Klanke-program.

- Liedjie
- Aksie
- Lettervorming
- Flitskaarte
- Skriftelike aktiwiteit
- Vasleggingspeletjies

Gebruik die LB-bladsy vir ekstra oefening of Onafhanklike Werk.





HANDSKRIF

OG bl. 142-146

15 min

- Volg die WKOD se Handskrif-program.
- Herhaal enige van Kwartaal 3 se Handskrif-lesse vir oefening en vaslegging.





GEDEELDE LEES (2) — *Wilde diere*

GB bl. 17-19

15 min

Lees

- Lees *Wilde diere* vir die klas.
- Vra die **Dag 2**-vrae op elke bladsy.
- Lees die storie saam as 'n klas.

Hersien die flitskaartwoorde: raaisel, langste, grootste, verste, kolle

- Wys die flitskaarte en sê die woorde hardop saam met die leerders.
- Pas die flitskaarte by 'n woord in die Grootboek.



GEDEELDE SKRYF — Raaisels

15 min

MG bl. 38-41



Berei die bord voor

- Kopieer die skryfraam op die bord.

Verduidelik hoe om 'n raaisel te skryf

- Kies 'n dier vir die raaisel
- Moet nooit die dier se naam skryf nie, want dit is die antwoord.
- Dink aan 2–3 kort leidrade oor die dier.
- Vra die vraag aan die einde: Wat is ek?
- Skryf 'n voorbeeld van 'n raaisel oor 'n olifant.
- Spoor die leerders aan om voorstelle te gee.
  - Is olifante groot of klein? (*Ek is 'n groot dier.*)
  - Wat gebruik olifante om dinge mee op te tel? (*Ek het 'n slurp.*)
  - Watter kleur is olifante? (*Ek is grys.*)
  - Wat eet olifante? (*Ek eet gras, blare en takkies.*)

ONAFHANKLIKE WERK

LB bl. 34-37



- Ken aan elke groep onafhanklike aktiwiteite op die korrekte vlak toe.
- Herinner leerders om in stilte op hul eie te werk.
- Wanneer die klas gereed is, roep die eerste groep na die mat vir GBL.

GROEPBEGELEIDE LEES

OG bl. 147-192

30 min

Volg die WKOD se program vir Groepbegeleide Lees.



LIGGAAMSOPVOEDING — Aktiwiteitstasies

30 min

MG bl. 51-52



Warm op

Aktiwiteitstasies

- Stuur elke groep na 'n aktiwiteitstasie.
- Leerders doen die aktiwiteit.
- Neem waar en ondersteun.

Koel af

Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas aktiwiteite uit die DBO-werkboeke doen.

VISUELE KUNSTE — Maak 'n konsertinaboekie

30 min

Berei voor

- Deel karton/papier, potlode en kryte/vilte uit.
- Demonstreer hoe om die papier in ses bladsye te vou, konsertina-styl.
- Vertel weer die storie van Ruby se roete.

Teken Ruby se roete

- Leerders teken elke stap en skryf 'n byskrif onder dit.

Alternatief

- Maak 'n afdruk van so 'n rooster vir elke leerder om prente te teken en die storie te skryf.

DONDERDAG



OGGENDBYEENKOMS

15 min

- Register, kalender, weer
- Speel die klankspeletjie: dieselfde of verskillend.





LUISTER EN PRAAT — Sê 'n aksiegedig

15 min

As jy ... is en jy weet dit

As jy 'n olifant is en jy weet dit
As jy 'n olifant is en jy deel dit
Stamp jou voete, stamp jou voete
Stamp! Stamp! Stamp!

As jy 'n leeu is en jy weet dit
As jy 'n leeu is en jy deel dit
Brul so hard, brul so hard
Brul! Brul! Brul!

As jy 'n kameelperd is en jy weet dit
As jy 'n kameelperd is en jy deel dit
Rek jou nek, rek jou nek
Hoog! Hoog! Hoog!

As jy 'n krokodil is en jy weet dit
As jy 'n krokodil is en jy deel dit
Klap jou arms, klap jou arms
Klap! Klap! Klap!



KLANKE — Vaslegging van die ei-klank

OG bl. 136-141
15 min

Volg die WKOD se Klanke-program.

- Liedjie
- Aksie
- Lettervorming
- Flitskaarte
- Skriftelike aktiwiteit
- Vasleggingspeletjies

sein	rein
seil	klei
peil	reis



HANDSKRIF

OG bl. 142-146
15 min

- Volg die WKOD se Handskrif-program.
- Herhaal enige van Kwartaal 3 se Handskrif-lesse vir oefening en vaslegging.





GEDEELDE LEES (3) — *Wilde diere*

GB bl. 17-19
15 min

Lees

- Lees *Wilde diere* vir die klas.
- Vra die **Dag 3**-vrae op elke bladsy.
- Lees die storie saam as 'n klas.

Hersien die flitskaartwoorde: raaisel, langste, grootste, verste, kolle

- Wys die flitskaarte en sê die woorde hardop saam met die leerders.
- Pas die flitskaarte by 'n woord in die Grootboek.
- Plaas die flitskaarte teen die woordmuur.



SKRYF 'n Raaisel

15 min

MG bl. 38-41



Herlees Gedeelde Skryf van die vorige dag

- Herlees die raaisel wat die klas die vorige dag saam geskryf het.

Leerders teken en skryf

- Leerders teken 'n dier waarvan hulle hou.
- Leerders skryf 'n raaisel oor die dier.

ONAFHANKLIKE WERK

LB bl. 34-37



- Ken aan elke groep onafhanklike aktiwiteite op die korrekte vlak toe.
- Herinner leerders om in stilte op hul eie te werk.
- Wanneer die klas gereed is, roep die eerste groep na die mat vir GBL.

GROEPBEGELEIDE LEES

OG bl. 147-192

30 min

Volg die WKOD se program vir Groepbegeleide Lees.



LIGGAAMSOPVOEDING Aktiwiteitstasies

30 min

MG bl. 51-52



Warm op

Aktiwiteitstasies

- Stuur elke groep na 'n aktiwiteitstasie.
- Leerders doen die aktiwiteit.
- Neem waar en ondersteun.

Koel af

VISUELE KUNSTE Maak 'n konsertinaboekie (vervolg)

30 min

Leerders voltooi boeke

- Leerders voltooi hul konsertinaboeke.

Deel

- Leerders lees mekaar se stories.



Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas aktiwiteite uit die DBO-werkboeke doen.

VRYDAG



OGGENDBYEENKOMS Nuus

15 min



- Gee vir die leerders 'n onderwerp om nuus oor te vertel.
- Leerders gebruik die dink-paar-deel-metode en die *My nuus*-raam om hul nuus te vertel.



LUISTER EN PRAAT

15 min

- Onderrig 'n les uit die e-klaskamer.



KLANKE Hersien die ei-klank

OG
bl. 136-141
15 min

Volg die WKOD se Klanke-program.

- Hersien
- Ouditiewe analise en sintese
- Woordbou en rymwoorde
- Sinsbou
- Skriftelike aktiwiteite

dief

muis

klei

wiel

sein



SKRYF Deel jou skryfwerk

15 min



Werk in pare

- Lees die raaisel wat julle die vorige dag geskryf, het vir jou maat. Laat hulle die antwoord raai.
- Moedig leerders aan om saam met iemand te werk saam met wie hulle nie gewoonlik werk nie.



ONAFHANKLIKE WERK

LB
bl. 34-37



- Ken aan elke groep onafhanklike aktiwiteite op die korrekte vlak toe.
- Herinner leerders om in stilte op hul eie te werk.
- Wanneer die klas gereed is, roep die eerste groep na die mat vir GBL.



GROEPBEGELEIDE LEES

OG bl. 147-192
30 min

Volg die WKOD se program vir Groepbegeleide Lees.



SIEN NA EN GEE TERUGVOERING

15 min



Dink na oor die week
- Waarvan het jy gedurende die skoolweek gehou?
- Waarvan het jy nie gehou nie?

Sien Onafhanklike Werk na
- Gee terugvoering en onderrig weer, indien nodig.

LIGGAAMSOPVOEDING Aktiwiteitstasies

30 min

MG bl. 51-52



Warm op

Aktiwiteitstasies
- Stuur elke groep na 'n aktiwiteitstasie.
- Leerders doen die aktiwiteit.
- Neem waar en ondersteun.

Koel af

Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas aktiwiteite uit die DBO-werkboeke doen.

ONDERWYSER SE OORSIG VAN WEEK

Hierdie week het ek:
- kommentaar gelewer op leerders se skryfwerk.
- die **LB-aktiwiteite nagegaan en reggemaak** en probleme van spesifieke leerders geïdentifiseer wat meer ondersteuning nodig het.
- **terugverwys na die Oorsig van Week** en lesse geïdentifiseer wat ek nie kon voltooi nie.
- my **aantekeningboek nagegaan** en die name van leerders wat volgende week bykomende een-tot-een-onderrigtyd of individuele leesoefening saam met my nodig het, aangeteken.

Ek het volgende week tyd geskeduleer vir:
- **enige inhaal deur die klas** of algemene terugvoering wat nodig is.
- **individuele**, een-tot-een-onderrig, byvoorbeeld wanneer die res van die klas besig is, of vroeg in die oggend.

Ek het vooruit gekyk na volgende week om te verseker dat ek voorbereid is en alles het wat ek nodig het om die week mee te begin.

OORSIG VAN WEEK



Diere het water nodig

VOORBEREIDING

Flitskaarte

watergat | drink | afkoel | asemhaal | getrek

RIGLYNE VIR GROEPBEGELEIDE LEES (GBL) EN ONAFHANKLIKE WERK (OW)

Werk elke dag met twee groepbegeleide leesgroepe vir 15 minute elk (30 minute elk vir inhaalrooster).

Ken gepaste onafhanklike aktiwiteite aan die ander groepe toe deur die volgende hulpbronne te gebruik:

- Onafhanklike aktiwiteite in die LB
- DBO-werkboeke, WKOD se interaktiewe plakkaat, of jou eie hulpbronne.

BENODIGDHEDE VIR AKTIWITEITE

- materiaal vir waterfilter: leë 2L koeldrank bottel, klippies, growwe sand, steenkool, fyn sand, water, skoon lap
- kryte/viltpenne en 'n potlood
- groot velle papier (A4 of groter, wit of gekleurd)
- verfkwaste, verf, flessies met water
- ou tydskryfte/gekleurde papier
- skêre, gom
- klein voorwerpe uit die natuur (bv. Blare, takkies, akkers/neute/sade, klippies, ens.)
- tellers vir die *wurm-speletjie*
- sakkies/houers vir hierdie week se letters
- apparaat benodig vir gekose Liggaamsopvoedingsaktiwiteite



By die watergat



Daar is 'n **watergat** in die veld. Dit is 'n diep poel vol heerlike koue water. Elke dag kan 'n mens 'n klomp diere daar sien.

Seekoeie spandeer die hele dag in die watergat om koel te bly. Reier, die groot watervoël, maak nes in 'n boom naby die watergat. Sy stap in die water in om paddas en visse te vang. Olifante kom drink elke aand water. Hulle spuit water op hul rûe om koel te bly.

Maar daar is een, baie gevaarlike dier wat naby die water woon en altyd gereed is om 'n smaaklike maaltyd te gryp. Dit is Krokodil!

Een warm middag lê hy baie stil soos 'n stomp in die water en wag vir iets om te kan eet.

Toe die son begin sak, het vyf gestreepte sebras **donderend** soos perde na die watergat gekom. Krokodil het hulle gesien, maar gedink hy sal wag vir iets kleiner.

Toe kom vier lang kameelperde water drink. Hulle het hul lang nekke afgebuig om water te drink. Krokodil het hulle gesien, maar gedink hy sal wag vir iets korter.

Daarna het drie sterk, jong buffels kom water drink. Hulle het op die grond gesnuif en gesnork op soek na die beste plek om water te drink. Krokodil het hulle gesien en gedink hy sal wag vir iets swakker.

Ná die buffels het twee stewige vlakvarke watergat toe gekom. Hulle was klein, maar het skerp tande gehad. Krokodil het hulle gesien, maar gedink hy sal wag vir iets dunner.

Uiteindelik het 'n rooibok watergat toe gekom – heeltemal alleen. Sy het versigtig tot by die water gestap en haar kop laat sak om water te drink. Sy het nie gesien hoe Krokodil op haar afpyl nie.

Maar iemand anders het! Reier was besig om haar vlerke in die laaste sonstrale droog te skud toe sy opkyk en Krokodil na die klein bokkie sien swem. Sy het in die lug opgevlieg en luidkeels begin **kwetter**: "Kwê, kwêkwê!" Die rooibokkie het die reier gehoor en haar kop opgelig. Sy het vir Krokodil met sy mond wawyd oop en rye skerp en blink tande gesien. Net betyds het die rooibokkie uit die water teruggespring en so vinnig sy kon, weggehardloop.

Krokodil was teleurgesteld. Hy het geweet hy sal nou langer moes wag om daardie aand sy aandete te kry.

WOORDESKAT

watergat – 'n natuurlike poel water waarby diere water drink

donderend – 'n rommelgeluid wat klink soos donderslae

kwetter – 'n harde, skerp geluid wat party voëls maak

MAANDAG

OGGENDBYEENKOMS — Nuus

15 min



- Gee vir die leerders 'n onderwerp om nuus oor te vertel.
- Leerders gebruik die dink-paar-deel-metode en die *My nuus*-raam om hul nuus te vertel.

HARDOPLEESSTORIE — *By die watergat*

OG bl. 51

15 min



Voor lees

- Het julle al van 'n watergat gehoor?
- Wat dink julle gebeur by 'n watergat?

Lees die storie hardop

- Verduidelik nuwe woordeskat.

Ná lees

- Waarvoor gebruik die diere die water? (*om te drink, af te koel, jag vir kos, asemhaling, was/skoon te maak*)

AANVANGSKENNIS EN PSW — *By die watergat*

GB bl. 21

30 min

LB bl. 39



Lees die storie

Bespreek die prente

- Wat is 'n watergat?
- Watter diere sien julle daar?
- Hoe gebruik hulle die water?

KLANKE — Hersiening

LB bl. 40

15 min

OG bl. 136-141



Volg die WKOD se Klanke-program.

- Hersien
- Ouditiewe analise en sintese
- Woordbou en rymwoorde
- Sinsbou
- Skriftelike aktiwiteite

Gebruik die LB-bladsy vir ekstra oefening of Onafhanklike Werk.

HANDSKRIF

OG
bl. 142-146
15 min



- Volg die WKOD se Handskrif-program.
- Herhaal enige van Kwartaal 3 se Handskrif-lesse vir oefening en vaslegging.

ONAFHANKLIKE WERK

LB
bl. 44-47



- Ken aan elke groep onafhanklike aktiwiteite op die korrekte vlak toe.
- Herinner leerders om in stilte op hul eie te werk.
- Wanneer die klas gereed is, roep die eerste groep na die mat vir GBL.

GROEPBEGELEIDE LEES

OG bl. 147-192
30 min

Volg die WKOD se program vir Groepbegeleide Lees.



LIGGAAMSOPVOEDING Aktiwiteitstasies

30 min

MG
bl. 51-52



Berei voor
Kies vier verskillende aktiwiteite op bladsy 1 vir die week of die WKOD se e-Klaskamer vir Lewensvaardigheid, berei die apparaat voor, en verdeel die klas in vier groepe.

Stel aktiwiteitstasies bekend

Klasaktiwiteit

Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas aktiwiteite uit die DBO-werkboeke doen.

VISUELE KUNSTE Teken 'n vis

30 min



Stel bekend
- Deel papier, potlode, kryte, ou tydskrifte/ gekleurde papier, skêre, gom uit.
- Demonstreer hoe om 'n eenvoudige vis met skubbe te teken.

Skep
- Leerders teken 'n vis met skubbe.
- Leerders kleur die skubbe in met vetkryte of stukkies kleurpapier te gebruik.

Alternatief
- Leerders knip skubbe uit ou tydskrifbladsye en plak dit op die tekening van die vis.

DINSDAG



OGGENDBYEENKOMS

15 min



- Register, kalender, weer
- Speel die klankspeletjie: dieselfde of verskillend.



LUISTER EN PRAAT — Klassifiseer diere

15 min



Berei voor

- Kopieer die diagram op die bord.

Klassifiseer diere

- Vra leerders om verskillende diere te noem en eers 'n lys te maak (*olifant, krokodil, vis, seekoei, padda, kameelperd, bok, slang, voël, ensovoorts).*
- Leerders besluit of die diere op land, in water of beide leef.
- Leerders verduidelik hul besluite.



AANVANGSKENNIS EN PSW ASSESSERING 1 — Hoe diere water gebruik

OG bl. 130

15 min



Gebruik hierdie voorbeeld van assessering of ontwerp jou eie.

Deel afskrifte van bladsy 130 in hierdie gids uit.

Assesseer kennis

- Lees saam die opskrifte.
- Leerders merk die relevante kolomme vir elke dier.
- Kan die leerders inligting vergelyk en klassifiseer?

Sien na:
Sien bladsy 118
Punte: 10



KLANKE — Hersiening

15 min

OG bl. 136-141

duif reis
ruit seil
kuif feit

Volg die WKOD se Klanke-program.

- Hersien
- Ouditiewe analise en sintese
- Woordbou en rymwoorde
- Sinsbou
- Skriftelike aktiwiteite



HANDSKRIF

OG bl. 142-146

15 min



- Volg die WKOD se Handskrif-program.
- Herhaal enige van Kwartaal 3 se Handskrif-lesse vir oefening en vaslegging.

GEDEELDE LEES (1) *Hoe Ezra sy slurp gekry het*

GB bl. 22-25
15 min

Lees

- Lees *Hoe Ezra sy slurp gekry het* vir die klas.
- Vra die **Dag 1**-vrae op elke bladsy.
- Lees die storie saam as 'n klas.

Wys die flitskaartwoorde: watergat, drink, afkoel, asemhaal, getrek

- Wys die flitskaarte en sê die woorde hardop saam met die leerders.
- Pas die flitskaarte by 'n woord in die Grootboek.


Hoe Ezra sy slurp gekry het

Ezra was dors. Hy het na die watergat gegaan. Hy het geen krokodille gesien nie, en het begin water drink.

ONAFHANKLIKE WERK

LB bl. 44-47

- Ken aan elke groep onafhanklike aktiwiteite op die korrekte vlak toe.
- Herinner leerders om in stilte op hul eie te werk.
- Wanneer die klas gereed is, roep die eerste groep na die mat vir GBL.



GROEPBEGELEIDE LEES

OG bl. 147-192
30 min

Volg die WKOD se program vir Groepbegeleide Lees.



LIGGAAMSOPVOEDING *Aktiwiteitstasies*

30 min
MG bl. 51-52

Warm op

Aktiwiteitstasies

- Neem waar en ondersteun.

Koel af



VISUELE KUNSTE *Verf met waterverf*

30 min

Demonstreer

- Verskaf papier, verfkwaste, verf en flessies met water.
- Wys hoe om verf met water te verdun om verskillende skakerings te maak.
- Wys hoe om om kwaste tussen die gebruik van kleure te was.

Leerders verf iets uit die natuur

- Wys voorbeelde van klein voorwerpe wat leerders kan kopieer, of hulle kan hul verbeeldings gebruik.

Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas aktiwiteite uit die DBO-werkboeke doen.



WOENSDAG



OGGENDBYEENKOMS

15 min

- Register, kalender, weer
- Speel die klankspeletjie: dieselfde of verskillend.





AANVANGSKENNIS EN PSW — Veilige drinkwater

LB bl. 41

15 min



Eksperiment: Filtreer vuil water

Materiaal:

- Leë koeldrankbottel (sny die bodem af), modderige water, skoon lap, watte, rekkie, filters (houtskool, gruis, growwe sand, fyn sand).
- As een of meer van hierdie filters moeilik is om te bekom, gebruik net die lap en watte.

Metode:

- Verduidelik die doel van die eksperiment – om uit te vind of jy die vuil water skoon en helder kan maak.
- Laat leerders die fles modderige water ondersoek voordat jy dit deur die filter gooi.
- Pak watte in die opening van die bottel en bedek met skoon lap en rekkie.
- Plaas die boonste deel van die bottel in die onderste helfte.
- Plaas die filters in lae soos in die LB aangedui.
- Gooi die modderige water in die filter.
- Ondersoek die versamelde gefiltreerde water om te sien of dit skoner lyk.
- Vra: Wat het van die gruis, klippies en grond geword?
- Verduidelik dat, al lyk die water skoon, jy dit vir 'n paar minute moet kook om enige kieme dood te maak voordat jy dit drink.

Skryf byskrifte by die tekening in die LB



KLANKE — Hersiening

LB bl. 42

15 min

OG bl. 136-141



Volg die WKOD se Klanke-program.

- Hersien
- Ouditiewe analise en sintese
- Woordbou en rymwoorde
- Sinsbou
- Skriftelike aktiwiteite

Gebruik die LB-bladsy vir ekstra oefening of Onafhanklike Werk.



HANDSKRIF

OG bl. 142-146

15 min

- Volg die WKOD se Handskrif-program.
- Herhaal enige van Kwartaal 3 se Handskrif-lesse vir oefening en vaslegging.



GEDEELDE LEES (2) *Hoe Ezra sy slurp gekry het*

GB bl. 22-25
15 min



Lees

- Lees *Hoe Ezra sy slurp gekry het* vir die klas.
- Vra die **Dag 2**-vrae op elke bladsy.
- Lees die storie saam as 'n klas.

Hersien die flitskaartwoorde: watergat, drink, afkoel, asemhaal, getrek

- Wys die flitskaarte en sê die woorde hardop saam met die leerders.
- Pas die flitskaarte by 'n woord in die Grootboek.

GEDEELDE SKRYF Juffrou se roete

15 min
MG bl. 38-41



Berei voor

- Kopieer die skryfraam op die bord.

Verduidelik

- Leerders sal sinne opmaak om 'n Juffrou se roete deur die skool te beskryf.
- Gebruik die struktuur van *Ruby se roete*.

Skryf leerders se voorstelle

- Vra die aansporingsvrae: Waar het die onderwyser geloop?
- Fokus op verskillende voorsetsels, soos langs, verby, om, onder, deur.

Lees die sinne saam

ONAFHANKLIKE WERK

LB bl. 44-47



- Ken aan elke groep onafhanklike aktiwiteite op die korrekte vlak toe.
- Herinner leerders om in stilte op hul eie te werk.
- Wanneer die klas gereed is, roep die eerste groep na die mat vir GBL.

GROEPBEGELEIDE LEES

OG bl. 147-192
30 min



Volg die WKOD se program vir Groepbegeleide Lees.

LIGGAAMSOPVOEDING Aktiwiteitstasies

30 min
MG bl. 51-52



Warm op

Aktiwiteitstasies

- Neem waar en ondersteun.

Koel af

Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas aktiwiteite uit die DBO-werkboeke doen.

UITVOERENDE KUNSTE ASSESSERING 2

Voer 'n tradisionele liedjie of dans op

30 min

Gebruik hierdie voorbeeld van assessering of ontwerp jou eie.

Kies en oefen 'n tradisionele liedjie

- Leerders werk in groepe.
- Doen bewegings, danspassies of tromspel op die liedjie.
- Besluit hoe om jou liedjie bekend te stel, deur te verduidelik watter taal dit is en waaroor dit gaan.
- Oefen vandag en bied die volgende dag aan.

Sien na:
Sien bladsy 120
Punte: 5

DONDERDAG



OGGENDBYEENKOMS

15 min

- Register, kalender, weer
- Speel die klankspeletjie: dieselfde of verskillend.





LUISTER EN PRAAT Sê 'n gedig op

15 min

- Sluit rympie by hierdie week se tema aan.
- Onderrig die gedig en aksies.
- Leerders doen mee soos hulle kan.

'n Druppel water

Klein druppeltjies water
Klein korreltjies sand
Maak die grote oseaan
Maak die berg en land

Klein dade van goedheid
Klein woordjies van liefde
Maak ons wêreld beter
Maak dit vol van liefde



KLANKE Hersiening

OG
bl. 136-141
15 min

Volg die WKOD se Klanke-program.

- Hersien
- Ouditiewe analise en sintese
- Woordbou en rymwoorde
- Sinsbou
- Skriftelike aktiwiteite

seil	suid
feit	kuil
lei	vuis



HANDSKRIF

OG
bl. 142-146
15 min

- Volg die WKOD se Handskrif-program.
- Herhaal enige van Kwartaal 3 se Handskrif-lesse vir oefening en vaslegging.





GEDEELDE LEES (2) *Hoe Ezra sy slurp gekry het*

GB
bl. 22-25
15 min

Lees

- Lees *Hoe Ezra sy slurp gekry het* vir die klas.
- Vra die **Dag 3**-vrae op elke bladsy.
- Lees die storie saam as 'n klas.

Hersien die flitskaartwoorde: watergat, drink, afkoel, asemhaal, getrek

- Wys die flitskaarte en sê die woorde hardop saam met die leerders.
- Pas die flitskaarte by 'n woord in die Grootboek.
- Plaas die flitskaarte teen die woordmuur.


Hoe Ezra sy slurp gekry het

Ezra was dors. Hy het na die watergat gegaan. Hy het geen krokodille gesien nie, en het begin water drink.

22

SKRYF Gebruik voorsetsels

15 min



Dinkskrum voorsetsels

- Skryf die woorde op die bord

Skryf sinne

- Leerders kies 'n persoon om oor te skryf.
- Hulle skryf drie sinne oor daardie persoon se staproete, met behulp van die skryfraam van gister.
- Byvoorbeeld: Asanda loop **deur** die deur. Asanda loop **oor** die mat. Asanda loop met die trappe **af**.

ONAFHANKLIKE WERK

LB bl. 44-47



- Ken aan elke groep onafhanklike aktiwiteite op die korrekte vlak toe.
- Herinner leerders om in stilte op hul eie te werk.
- Wanneer die klas gereed is, roep die eerste groep na die mat vir GBL.

GROEPBEGELEIDE LEES

OG bl. 147-192

30 min

Volg die WKOD se program vir Groepbegeleide Lees.



LIGGAAMSOPVOEDING Aktiwiteitstasies

30 min

MG bl. 51-52



Warm op

Aktiwiteitstasies

- Neem waar en ondersteun.

Koel af

UITVOERENDE KUNSTE ASSESSERING 2

Voer 'n tradisionele liedjie of dans op (vervolg)

30 min



Gebruik hierdie voorbeeld van assessering of ontwerp jou eie.

Assesseer groepe se optredes

- Hoe het hulle as 'n groep saamgewerk?
- Het hulle die liedjie met selfvertroue en gepaste lyftaal opgevoer?

Sien na: Sien bladsy 120
Punte: 5

VRYDAG



OGGENDBYEENKOMS Nuus

15 min

- Gee vir die leerders 'n onderwerp om nuus oor te vertel.
- Leerders gebruik die dink-paar-deel-metode en die *My nuus*-raam om hul nuus te vertel.





LUISTER EN PRAAT

15 min

- Onderrig 'n les van die e-klaskamer.



KLANKE Hersiening

LB bl. 43

15 min

Volg die WKOD se Klanke-program.

- Hersien
- Ouditiewe analise en sintese
- Woordbou en rymwoorde
- Sinsbou
- Skriftelike aktiwiteite

Gebruik die LB-bladsy vir ekstra oefening of Onafhanklike Werk.





SKRYF Deel jou skryfwerk

15 min

Werk in pare

- Leerders lees hul sinne vir 'n maat.
- Vra 'n paar leerders om hul skryfwerk vir die klas te lees.





ONAFHANKLIKE WERK

LB bl. 44-47

- Ken aan elke groep onafhanklike aktiwiteite op die korrekte vlak toe.
- Herinner leerders om in stilte op hul eie te werk.
- Wanneer die klas gereed is, roep die eerste groep na die mat vir GBL.





GROEPBEGELEIDE LEES

OG bl. 147-192

30 min

Volg die WKOD se program vir Groepbegeleide Lees.



SIEN NA EN GEE TERUGVOERING

15 min



Dink na oor die week
- Waarvan het jy gedurende die skoolweek gehou?
- Waarvan het jy nie gehou nie?

Sien Onafhanklike Werk na
- Gee terugvoering en onderrig weer, indien nodig.

LIGGAAMSOPVOEDING Aktiwiteitstasies

30 min

MG bl. 51-52



Warm op

Aktiwiteitstasies
- Neem waar en ondersteun.

Koel af

Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas aktiwiteite uit die DBO-werkboeke doen.

ONDERWYSER SE OORSIG VAN WEEK

Hierdie week het ek:
- kommentaar gelewer op leerders se skryfwerk.
- die **LB-aktiwiteite nagegaan en reggemaak** en probleme van spesifieke leerders geïdentifiseer wat meer ondersteuning nodig het.
- **terugverwys na die Oorsig van Week** en lesse geïdentifiseer wat ek nie kon voltooi nie.
- my **aantekeningboek nagegaan** en die name van leerders wat volgende week bykomende een-tot-een-onderrigtyd of individuele leesoefening saam met my nodig het, aangeteken.

Ek het volgende week tyd geskeduleer vir:
- **enige inhaal deur die klas** of algemene terugvoering wat nodig is.
- **individuele**, een-tot-een-onderrig, byvoorbeeld wanneer die res van die klas besig is, of vroeg in die oggend.

Ek het vooruit gekyk na volgende week om te verseker dat ek voorbereid is en alles het wat ek nodig het om die week mee te begin.

OORSIG VAN WEEK



Mense het water nodig

VOORBEREIDING

Flitskaarte

vislyn | diep | sukkel | stomp | red

RIGLYNE VIR GROEPBEGELEIDE LEES (GBL) EN ONAFHANKLIKE WERK (OW)

Werk elke dag met twee groepbegeleide leesgroepe vir 15 minute elk (30 minute elk vir inhaalrooster).

Ken gepaste onafhanklike aktiwiteite aan die ander groepe toe deur die volgende hulpbronne te gebruik:

- Onafhanklike aktiwiteite in die LB
- DBO-werkboeke, WKOD se interaktiewe plakkaat, of jou eie hulpbronne.

BENODIGDHEDE VIR AKTIWITEITE

- kryte/viltpenne en potlode
- groot velle papier (A4 of groter, wit of gekleurd)
- plakkaatverf en kwaste/vetkryte/dik viltpenne
- sakkies/houers vir hierdie week se letters
- apparaat benodig vir gekose Liggaamsopvoedingsaktiwiteite



Die groot vis

Deon en Jonathan het dit baie geniet om in die dam te gaan visvang. Hulle het nooit diep in die dam ingegaan nie en altyd in die **vlak** water visgevang. Die modder onderin die dam was slymerig en 'n mens kon maklik gly of wegsak as jy te ver ingaan.



Een Saterdagoggend het hulle vroeg opgestaan en hul hoede, toebroodjies, drinkgoed, visstokke en **aas** ingepak. Hulle wou 'n baie groot vis vang wat Pappa daardie aand vir aandete sou kon braai. Soos gewoonlik het hulle 'n paar klein vissies gevang, maar toe gebeur iets baie opwindends. Deon het 'n harde pluk aan sy vislyn gevoel. Hy het nog nooit voorheen so 'n harde pluk gevoel nie. Kon dit uiteindelik 'n groot vis wees? Hy was baie opgewonde.

"Ek voel 'n grote! Dit pluk baie hard aan my lyn!" het Deon opgewonde geskree.

"Kry die vis! Kry die vis!" het Jonathan net so opgewonde teruggeskree.

Die vis het uit die water gespring en Deon kon sien hoe groot dit was. Hy het al hoe meer opgewonde geraak hoe meer die vis rondgespartel het. Hy het heeltemal vergeet om nie te diep in die dam in te gaan nie. Hy het net probeer om die vis te vang wat probeer het om weg te kom.

Skielik was Deon te diep in die dam. Die water was amper tot by sy arms. Jonathan kon sien dat Deon in gevaar was.

"Laat die vis gaan! Laat die vis gaan! Jy is te diep!" het Jonathan benoud geskree. "Los alles en kom uit!"

"Ek kan nie! Ek het in die modder ingesak! Help! Help!" het Deon om hulp geskree.

Jonathan het nie geweet wat om te doen nie. Moes hy hardloop en iemand kry om te help? Dalk is hy dan nie betyds terug nie. Hy moes vinnig dink oor hoe om sy vriend te help. Daar was 'n groot houtstomp wat naby die rand van die dam gedryf het. Hy het die stomp hard gestamp om tot naby Deon te kon dryf sodat Deon dit kon vasgryp.

Toe hardloop Jonathan na die naaste huis en roep om hulp. Twee mans het dam toe gehardloop en Deon gekry waar hy aan die stomp vasgeklou het. Hulle het vir Deon ge**red** en Jonathan geprys vir wat hy gedoen het om sy vriend te red. Die twee seuns sou nooit die dag vergeet toe hul groot vis weggekom het nie!

WOORDESKAT

vlak – die deel van die water in die dam wat nie te diep is nie

aas – die kos wat jy aan 'n hoek sit om 'n vis mee te vang

red – om uit gevaar te help

MAANDAG



OGGENDBYEENKOMS — Nuus

15 min

- Gee vir die leerders 'n onderwerp om nuus oor te vertel.
- Leerders gebruik die dink-paar-deel-metode en die *My nuus*-raam om hul nuus te vertel.





HARDOPLEESSTORIE — *Die groot vis*

OG bl. 63

15 min

Vóór lees

- Het julle al ooit in 'n dam geswem?

Lees die storie hardop

- Verduidelik nuwe woordeskat.

Ná lees

- Watter les, dink julle, het die seuns geleer nadat hulle gaan visvang het?
- Dink julle hulle sal weer gaan visvang? Sê hoekom, of hoekom nie.





AANVANGSKENNIS EN PSW — Die gebruik van water by die huis

GB bl. 26

30 min

LB bl. 48

Vra inleidingsvrae

- Wat is die verskil tussen hierdie twee huise?
- Waar kry elke familie hul water vandaan? *(Gesin in prent 1 kry hul water van 'n pomp; gesin in prent 2 kry dit uit 'n kraan.)*

Lees saam en bespreek

- Die GB-bladsy is ook in die LB, so die leerders kan na die prente kyk as jy die vrae lees.
- Hou 'n klasbespreking oor die gebruik van water by die huis.





KLANKE — Aanleer van die **ou**-klank

LB bl. 49

15 min

OG bl. 136-141

Volg die WKOD se Klanke-program.

1. Storie
2. Aksie
3. Letterkaart
4. Lettervorming
5. Ouditiewe analise en sintese
6. Visueel
7. Taktiel
8. Liedjie

Gebruik die LB-bladsy vir ekstra oefening of Onafhanklike Werk.





HANDSKRIF

OG bl. 142-146

15 min

- Volg die WKOD se Handskrif-program.
- Herhaal enige van Kwartaal 3 se Handskrif-lesse vir oefening en vaslegging.



ONAFHANKLIKE WERK

- Ken aan elke groep onafhanklike aktiwiteite op die korrekte vlak toe.
- Herinner leerders om in stilte op hul eie te werk.
- Wanneer die klas gereed is, roep die eerste groep na die mat vir GBL.

LB bl. 52-55



GROEPBEGELEIDE LEES

Volg die WKOD se program vir Groepbegeleide Lees.

OG bl. 147-192

30 min



LIGGAAMSOPVOEDING ASSESSERING 1

Vorm alfabetletters met jou lyf

30 min



Gebruik hierdie voorbeeld van assessering of ontwerp jou eie.

Assessering neem twee lesse in beslag

- Leerders sal die aktiwiteit op Maandag voorberei en Vrydag aanbied.

Maak alfabetletters met jou lyf

- Leerders werk in klein groepies van 4–5 om die voorletters van hul name (in hoofletters) te vorm.
- Elke groep kies drie letters om vir die klas te demonstreer.
- Assesseer leerders se soepelheid, hul vermoë om hul liggame kreatief te gebruik en ook om met ander saam te kan werk.

Sien na: Sien bladsy 121
Punte: 5

VISUELE KUNSTE ASSESSERING 2

Teken jouself in water

30 min



Gebruik hierdie voorbeeld van assessering of ontwerp jou eie.

Stel bekend

- Deel potlode en kryte uit
- Verduidelik die taak noukeurig.

Skep

- Leerders teken hulself waar hulle iets in die water doen (byvoorbeeld swem, roei, visvang, bad).
- Moedig leerders aan om besonderhede en kleur by te voeg, en om die volle bladsy te gebruik.
- Neem waar hoe leerders hul tekening implimenteer.

Leerders voltooi môre hul tekeninge

- Leerders gee hul tekeninge in om Dinsdag te voltooi.

Sien na: Sien bladsy 119
Punte: 5

DINSDAG



OGGENDBYEENKOMS

15 min



- Register, kalender, weer
- Speel die klankspeletjie: dieselfde of verskillend.



LUISTER EN PRAAT ASSESSERING 2 Luisterbegrip

OG bl. 131

15 min


NAAM _____ DATUM _____

Merk die korrekte antwoorde.

1 Waarheen het die kinders gegaan om vis te vang?

2 Wat het volgende gebeur?

Help!

3 Wat het Johan eerste gedoen?

4 Wat het Johan tweede gedoen?

5 Hoe het die storie geëindig?

LUISTER EN PRAAT ASSESSERING 2 Week 6 Dinsdag 131

Gebruik hierdie voorbeeld van assessering of ontwerp jou eie.

Deel afskrifte van bladsy 131 in hierdie gids uit.

Lees *Die groot vis*

- Verduidelik dat die leerders geskrewe vrae na afloop van die storie moet beantwoord, so hulle moet baie mooi luister.

Lees die vrae en verduidelik die formaat van die antwoord

- Leerders kan klokslag met jou werk, of teen hul eie pas.

Assesseer

- Assesseer leerders se vermoëns om te luister, te verstaan en vrae oor 'n storie te beantwoord.

Sien na: Sien bladsy 113
Punte: 5



KLANKE Vaslegging van die ou-klank

OG bl. 136-141

15 min

hout	boud
goud	boul
sout	kous

Volg die WKOD se Klanke-program.

- Liedjie
- Aksie
- Letterverming
- Flitskaarte
- Skriftelike aktiwiteit
- Vasleggingspeletjies



HANDSKRIF

OG bl. 142-146

15 min



- Volg die WKOD se Handskrif-program.
- Herhaal enige van Kwartaal 3 se Handskrif-lesse vir oefening en vaslegging.

GEDEELDE LEES (1) *Die groot vis*

GB bl. 27-30
15 min

Lees
- Lees *Die groot vis* vir die klas.
- Vra die **Dag 1**-vrae op elke bladsy.
- Lees die storie saam as 'n klas.

Wys die flitskaartwoorde: vislyn, diep, sukkel, stomp, red
- Wys die flitskaarte en sê die woorde hardop saam met die leerders.
- Pas die flitskaarte by 'n woord in die Grootboek.


Die groot vis

Deon en Johan het by die dam gaan visvang. Hulle wou 'n paar visse vang.

Hou vas!

Ek het 'n groot vis gevang!

Deon het gevoel hoe iets hard aan sy lyn trek.

27

ONAFHANKLIKE WERK

LB bl. 52-55

- Ken aan elke groep onafhanklike aktiwiteite op die korrekte vlak toe.
- Herinner leerders om in stilte op hul eie te werk.
- Wanneer die klas gereed is, roep die eerste groep na die mat vir GBL.



GROEPBEGELEIDE LEES

OG bl. 147-192
30 min

Volg die WKOD se program vir Groepbegeleide Lees.



LIGGAAMSOPVOEDING *Aktiwiteitstasies*

30 min
MG bl. 51-52

Warm op

Aktiwiteitstasies
- Neem waar en ondersteun.

Koel af



VISUELE KUNSTE ASSESSERING 2

Teken jouself in water (vervolg)

30 min

Gebruik hierdie voorbeeld van assessering of ontwerp jou eie.

Deel die leerders se tekeninge uit
- Leerders gaan voort om hulself in water te teken.
- Gebruik vetkryte of verf om jou tekening in te kleur.



Sien na: Sien bladsy 119
Punte: 5

WOENSDAG



OGGENDBYEENKOMS

15 min

- Register, kalender, weer
- Speel die klankspeletjie: dieselfde of verskillend.





AANVANGSKENNIS EN PSW — Berging van water

LB bl. 50

15 min

Bespreek houers om water in te berg

- Bring houers van verskillende groottes en vorms klas toe.
- Gebruik 'n maatbeker voor in die klas om die hoeveelheid water te meet.
- Lees die bladsy in die LB saam met die leerders.
- Bespreek die vrae as klas.

Leerders voltooi die aktiwiteit

- Leerders werk op hul eie.





KLANKE — Vaslegging van die ou-klank

LB bl. 51

15 min

OG bl. 136-141

Volg die WKOD se Klanke-program.

- Liedjie
- Aksie
- Lettervorming
- Flitskaarte
- Skriftelike aktiwiteit
- Vasleggingspeletjies

Gebruik die LB-bladsy vir ekstra oefening of Onafhanklike Werk.





HANDSKRIF

OG bl. 142-146

15 min

- Volg die WKOD se Handskrif-program.
- Herhaal enige van Kwartaal 3 se Handskrif-lesse vir oefening en vaslegging.





GEDEELDE LEES (2) — *Die groot vis*

GB bl. 27-30

15 min

Lees

- Lees *Die groot vis* vir die klas.
- Vra die **Dag 2**-vrae op elke bladsy.
- Lees die storie saam as 'n klas.

Hersien die flitskaartwoorde: vislyn, diep, sukkel, stomp, red

- Wys die flitskaarte en sê die woorde hardop saam met die leerders.
- Pas die flitskaarte by 'n woord in die Grootboek.



GEDEELDE SKRYF — Storiekaart

15 min

MG pp. 38-41

Berei die bord voor

- Kopieer die skryfraam op die bord.
- Herinner leerders oor storiekaarte.

Vertel en skryf die storie oor

- Skryf die storie saam deur die leerders se antwoorde op hierdie vrae te gebruik:
  - Wat was die name van die twee seuns in die storie?
  - Waarheen het hulle gegaan?
  - Wat het met Deon gebeur?
  - Watter fout het hy gemaak?
  - Wat het Johan eerste gedoen?
  - Wat het hy volgende gedoen?
  - Hoe het die storie geëindig?

Lees die storiekaart saam



ONAFHANKLIKE WERK

LB bl. 52-55

- Ken aan elke groep onafhanklike aktiwiteite op die korrekte vlak toe.
- Herinner leerders om in stilte op hul eie te werk.
- Wanneer die klas gereed is, roep die eerste groep na die mat vir GBL.



GROEPBEGELEIDE LEES

OG bl. 147-192

30 min

Volg die WKOD se program vir Groepbegeleide Lees.



LIGGAAMSOPVOEDING — Aktiwiteitstasies

30 min

MG bl. 51-52

Warm op

Aktiwiteitstasies

- Neem waar en ondersteun.

Koel af

Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas aktiwiteite uit die DBO-werkboeke doen.



UITVOERENDE KUNSTE — Reageer op musiek

30 min

Ontwikkel musiekwaardering

- Speel 'n verskeidenheid instrumentele musiek aan die leerders (gebruik 'n slimfoon of musiekspeler). Sluit verskillende soorte musiek, verskillende tempo's en verskillende instrumente in.
- Moedig leerders aan om hul oë toe te maak en regtig na die musiek te luister.
- Vra ná afloop van elke musiekstuk vir die leerders om na 'n maat te draai en te sê hoe dit hulle laat voel het.
- Leerders kan ook saam met ván die musiek klap, klik of beweeg.



DONDERDAG



OGGENDBYEENKOMS

15 min

- Register, kalender, weer
- Speel die klankspeletjie: dieselfde of verskillend.





LUISTER EN PRAAT Aksietelrympie

15 min

Vissies wat na kossies soek

Vissies wat na kossies soek
(sit hande teen mekaar en beweeg hulle soos vissies wat swem)
Pappa vang hul aan die hoek
(maak visvang beweging)
Mamma braai hul in die pan
(draai een hand palm na bo en weer terug, asof iets in 'n pan omgedraai word)
Boetie eet daar heerlik van
(vryf jou magie)



KLANKE Vaslegging van die ou-klank

OG
bl. 136-141
15 min

Volg die WKOD se Klanke-program.

- Liedjie
- Aksie
- Lettervorming
- Flitskaarte
- Skriftelike aktiwiteit
- Vasleggingspeletjies

sout	woud
goud	fout
tou	koud



HANDSKRIF

OG
bl. 142-146
15 min

- Volg die WKOD se Handskrif-program.
- Herhaal enige van Kwartaal 3 se Handskrif-lesse vir oefening en vaslegging.





GEDEELDE LEES (3) *Die groot vis*

GB
bl. 27-30
15 min

Lees

- Lees *Die groot vis* vir die klas.
- Vra die **Dag 3**-vrae op elke bladsy.
- Lees die storie saam as 'n klas.

Hersien die flitskaartwoorde: vislyn, diep, sukkel, stomp, red

- Wys die flitskaarte en sê die woorde hardop saam met die leerders.
- Pas die flitskaarte by 'n woord in die Grootboek.
- Plaas die flitskaarte teen die woordmuur.


Die groot vis

Deon en Johan het by die dam gaan visvang. Hulle wou 'n paar visse vang.

Hou vas!

Ek het 'n groot vis gevang!

Deon het gevoel hoe iets hard aan sy lyn trek.

27

SKRYF 'n Storiekaart

15 min



Berei voor

- Vee Woensdag se Gedeelde Skryf-teks van die bord af.

Skryf

- Leerders skryf 4 sinne oor wat in die storie met Deon en Johan gebeur het.

ONAFHANKLIKE WERK

LB bl. 52-55



- Ken aan elke groep onafhanklike aktiwiteite op die korrekte vlak toe.
- Herinner leerders om in stilte op hul eie te werk.
- Wanneer die klas gereed is, roep die eerste groep na die mat vir GBL.

GROEPBEGELEIDE LEES

OG bl. 147-192

30 min

Volg die WKOD se program vir Groepbegeleide Lees.



LIGGAAMSOPVOEDING Aktiwiteitstasies

30 min

MG bl. 51-52



Warm op

Aktiwiteitstasies

- Neem waar en ondersteun.

Koel af

UITVOERENDE KUNSTE Reageer op musiek (vervolg)

30 min



Speel opnames van verskillende soorte musiek

- Speel weer die musiek waarna die klas gister geluister het.
- Laat leerders met gevoel daarop dans.

Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas aktiwiteite uit die DBO-werkboeke doen.

VRYDAG



OGGENDBYEENKOMS Nuus

15 min



- Gee vir die leerders 'n onderwerp om nuus oor te vertel.
- Leerders gebruik die dink-paar-deel-metode en die *My nuus*-raam om hul nuus te vertel.



LUISTER EN PRAAT

15 min

- Onderrig 'n les uit die e-klaskamer.



KLANKE Hersien die ou-klank

OG bl. 136-141

15 min

Volg die WKOD se Klanke-program.

- Hersien
- Ouditiewe analise en sintese
- Woordbou en rymwoorde
- Sinsbou
- Skriftelike aktiwiteite

reis

kuif

koud

diep

hout



SKRYF Deel jou skryfwerk

15 min



Leerders deel hul skryfwerk

- Leerders lees hul skryfwerk vir 'n maat.
- Vra 'n paar leerders om hul skryfwerk vir die klas te lees.



ONAFHANKLIKE WERK

LB bl. 52-55



- Ken aan elke groep onafhanklike aktiwiteite op die korrekte vlak toe.
- Herinner leerders om in stilte op hul eie te werk.
- Wanneer die klas gereed is, roep die eerste groep na die mat vir GBL.



GROEPBEGELEIDE LEES

OG bl. 147-192

30 min

Volg die WKOD se program vir Groepbegeleide Lees.



SIEN NA EN GEE TERUGVOERING

15 min



Dink na oor die week

- Waarvan het jy gedurende die skoolweek gehou?
- Waarvan het jy nie gehou nie?

Sien Onafhanklike Werk na

- Gee terugvoering en onderrig weer, indien nodig.

LIGGAAMSOPVOEDING ASSESSERING 1

Vorm alfabetletters met jou lyf (vervolg)

30 min



Gebruik hierdie voorbeeld van assessering of ontwerp jou eie.

Bied aan

- Groepe bied hul letters wat hulle Maandag voorberei het vir die klas aan.
- Assesseer leerders se soepelheid, hul vermoë om hul liggame kreatief te gebruik, en vermoë om saam met ander te werk.

Sien na: Sien bladsy 121
Punte: 5

ONDERWYSER SE OORSIG VAN WEEK

Hierdie week het ek:

- kommentaar gelewer op leerders se skryfwerk.
- die **LB-aktiwiteite nagegaan en reggemaak** en probleme van spesifieke leerders geïdentifiseer wat meer ondersteuning nodig het.
- **terugverwys na die Oorsig van Week** en lesse geïdentifiseer wat ek nie kon voltooi nie.
- my **aantekeningboek nagegaan** en die name van leerders wat volgende week bykomende een-tot-een-onderrigtyd of individuele leesoefening saam met my nodig het, aangeteken.

Ek het volgende week tyd geskeduleer vir:

- **enige inhaal deur die klas** of algemene terugvoering wat nodig is.
- **individuele**, een-tot-een-onderrig, byvoorbeeld wanneer die res van die klas besig is, of vroeg in die oggend.

Ek het vooruit gekyk na volgende week om te verseker dat ek voorbereid is en alles het wat ek nodig het om die week mee te begin.

OORSIG VAN WEEK





Dag- en naghemel

VOORBEREIDING

Flitskaarte

dag | nag | maan | ster | son

RIGLYNE VIR GROEPBEGELEIDE LEES (GBL) EN ONAFHANKLIKE WERK (OW)

Werk elke dag met twee groepbegeleide leesgroepe vir 15 minute elk (30 minute elk vir inhaalrooster).

Ken gepaste onafhanklike aktiwiteite aan die ander groepe toe deur die volgende hulpbronne te gebruik:

- Onafhanklike aktiwiteite in die LB
- DBO-werkboeke, WKOD se interaktiewe plakkaat, of jou eie hulpbronne.

BENODIGDHEDE VIR AKTIWITEITE

- kryte/viltpenne en potlode
- skêre, gom
- groot velle papier (A4 of groter, wit of gekleurd) of karton
- teller en dobbelsteen vir die *slak-speletjie*
- sakkies/houers vir hierdie week se letters
- apparaat benodig vir gekose Liggaamsopvoedingsaktiwiteite



Twee blink, silwer jasse



Lank, lank gelede was daar 'n slim **kleremaker** wat klere vir mense van verskillende groottes kon maak. Dit het nie saak gemaak of sy **kliënte** groot of klein, kort of lank, maer of vet, was nie. Die klere wat hy vir hulle gemaak het, het hulle perfek gepas.

Op 'n dag het 'n baie lang, skraal man die kleremaker gevra om vir hom 'n jas te maak. Hy het 'n lieflike blink silwer materiaal gekies en die kleremaker het aan die werk gespring. Maar iets baie **verbasend** het gebeur toe die man sy jas kom haal het. Hy was nie meer lank en skraal nie. Hy was nou baie rond en vet!

"Wat!" het die kleremaker gesê, baie verbaas om te sien hoe baie die man verander het. "Die jas wat ek gemaak het, was vir jou toe jy maer was. Dit sal jou nie pas nou dat jy so rond en vet is nie!"

Maar tot sy verbasing wou die man die jas steeds hê, al het dit nie vir hom gepas omdat hy rond en vet was nie. Hy het selfs 'n tweede jas bestel. Hy het dieselfde blink silwer materiaal vir sy tweede jas gekies, net soos vir sy eerste jas. "Ek het 'n jas nodig vir wanneer ek maer is en nóg een vir wanneer ek rond en vet is," het die man gesê.

Die kleremaker was baie verward. Hy het vir die man gevra: "Hoe het jy so vinnig so rond en vet geword?"

"Jy sal uitvind as jy vir 'n maand lank elke aand na die naghemel kyk," het die man gesê.

Die kleremaker het gedoen wat die man gesê het. Elke aand het hy uitgegaan en na die hemelruim gekyk. En wat dink jy het hy opgelet? Party nagte was dit baie donker en ander nagte was dit weer ligter. Wat het snags met die hemelruim gebeur? Wat het verander?

Die kleremaker het gesien dat die maan sy vorm verander van lank en maer na rond en vet. Toe het hy geweet dat die man nie 'n regte man was nie, maar dat die man die maan was wat twee nuwe silwerige kledingstukke nodig gehad het sodat hy elke aand kon skyn soos hy van vorm verander.

WOORDESKAT

kleremaker – 'n persoon wie se werk dit is om klere te maak

kliënt – iemand wat 'n produk of diens aankoop

verbasend – 'n gevoel van verwondering; verstom

MAANDAG



OGGENDBYEENKOMS — Nuus

15 min

- Gee vir die leerders 'n onderwerp om nuus oor te vertel.
- Leerders gebruik die dink-paar-deel-metode en die *My nuus*-raam om hul nuus te vertel.





HARDOPLEESSTORIE — *Twee blink, silwer jasse*

OG bl. 75

15 min

Vóór lees

- Lyk die maan elke aand dieselfde?

Lees die storie hardop

- Verduidelik nuwe woordeskat.

Ná lees

- Die man wat van vorm verander het, was nie 'n regte man nie. Wat was hy?
- Watter vorm was die man aan die begin van die storie? En aan die einde van die storie?





AANVANGSKENNIS EN PSW — Dag en nag

GB bl. 31

30 min

LB bl. 57

Lees saam en bespreek

- Wanneer is dit lig? Wanneer is dit donker?
- Wat is sommige van die dinge wat jy doen/sien in die dag en nag?





KLANKE — Hersiening

LB bl. 58

15 min

OG bl. 136-141

Volg die WKOD se Klanke-program.

- Hersien
- Ouditiewe analise en sintese
- Woordbou en rymwoorde
- Sinsbou
- Skriftelike aktiwiteite

Gebruik die LB-bladsy vir ekstra oefening of Onafhanklike Werk.



HANDSKRIF

OG
bl. 142-146
15 min

- Volg die WKOD se Handskrif-program.
- Herhaal enige van Kwartaal 3 se Handskrif-lesse vir oefening en vaslegging.



ONAFHANKLIKE WERK

LB
bl. 63-66

- Ken aan elke groep onafhanklike aktiwiteite op die korrekte vlak toe.
- Herinner leerders om in stilte op hul eie te werk.
- Wanneer die klas gereed is, roep die eerste groep na die mat vir GBL.



GROEPBEGELEIDE LEES

OG bl. 147-192
30 min

Volg die WKOD se program vir Groepbegeleide Lees.



LIGGAAMSOPVOEDING — Aktiwiteitstasies

30 min

MG
bl. 51-52

Berei voor
Kies vier verskillende aktiwiteite op bladsy 1 vir die week of die WKOD se e-Klaskamer vir Lewensvaardigheid, berei die apparaat voor, en verdeel die klas in vier groepe.

Stel aktiwiteitstasies bekend

Klasaktiwiteit

Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas aktiwiteite uit die DBO-werkboeke doen.



UITVOERENDE KUNSTE — Dag-en-nag-aanbiedinge

30 min

Klein groepe

- Groepe besluit hoe om dag en nag deur beweging en klank voor te stel.
- Hulle kan dag-/nagdiere en -insekte, of die aktiwiteite wat mense doen, voorstel.
- Hulle kan selfs die son/maan voorstel.
- Hulle gaan hul werk die volgende dag aanbied.



DINSDAG



OGGENDBYEENKOMS

15 min



- Register, kalender, weer
- Speel die klankspeletjie: dieselfde of verskillend.



LUISTER EN PRAAT Dag en nag

15 min



Vertel vir jou maat

- Wat jy graag in die dag doen.
- Wat jy gewoonlik in die aand doen.
- Van watter tyd van die dag/nag jy die meeste hou.



AANVANGSKENNIS EN PSW Dag en nag

LB bl. 59

15 min



Verduidelik die aktiwiteit

- Sorteer prente in die korrekte kolomme.

Voltooi die aktiwiteit

- Leerders werk op hul eie om die aktiwiteit te votooi.



KLANKE Hersiening

OG bl. 136-141

15 min



Volg die WKOD se Klanke-program.

- Hersien
- Ouditiewe analise en sintese
- Woordbou en rymwoorde
- Sinsbou
- Skriftelike aktiwiteite



HANDSKRIF

OG bl. 142-146

15 min



- Volg die WKOD se Handskrif-program.
- Herhaal enige van Kwartaal 3 se Handskrif-lesse vir oefening en vaslegging.

GEDEELDE LEES (1) *Twee blink, silwer jasse*

GB
bl. 32-35
15 min


Twee blink, silwer jasse
Daar was eendag 'n slim kleremaker wat klere kon maak wat mense van alle vorms en groottes pas. Eendag het hy 'n pragtige blink, silwer jas vir 'n baie lang, skraal man gemaak.
32

Lees

- Lees *Twee blink silwer jasse*vir die klas.
- Vra die **Dag 1**-vrae op elke bladsy.
- Lees die storie saam as 'n klas.

Wys die flitskaartwoorde: dag, nag, maan, ster, son

- Wys die flitskaarte en sê die woorde hardop saam met die leerders.
- Pas die flitskaarte by 'n woord in die Grootboek.

ONAFHANKLIKE WERK

LB
bl. 63-66



- Ken aan elke groep onafhanklike aktiwiteite op die korrekte vlak toe.
- Herinner leerders om in stilte op hul eie te werk.
- Wanneer die klas gereed is, roep die eerste groep na die mat vir GBL.

GROEPBEGELEIDE LEES

OG bl. 147-192
30 min

Volg die WKOD se program vir Groepbegeleide Lees.



LIGGAAMSOPVOEDING *Aktiwiteitstasies*

30 min

MG
bl. 51-52



Warm op

Aktiwiteitstasies

- Neem waar en ondersteun.

Koel af

UITVOERENDE KUNSTE *Dag-en-nag-aanbiedinge (vervolg)*

30 min



Groepe bied hul aanbiedinge oor dag en nag aan.

Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas aktiwiteite uit die DBO-werkboeke doen.

WOENSDAG



OGGENDBYEENKOMS

15 min

- Register, kalender, weer
- Speel die klankspeletjie: dieselfde of verskillend.





AANVANGSKENNIS EN PSW — Die maan van gisteraand

LB bl. 60

15 min

Bespreek die maan

- Hoe het die maan gisteraand gelyk?

Leerders voltooi die werkblad

- Leerders teken 'n prent om te wys hoe die maan die vorige aand gelyk het.
- Leerders voltooi die sinne om te beskryf wat hulle gesien het.

Kyk na die maan

- Sê vir leerders om vanaand na die maan te kyk en te let op die vorm en grootte daarvan. Hulle sal môre hul waarnemings gebruik.





KLANKE — Hersiening

LB bl. 61

15 min

OG bl. 136-141

Volg die WKOD se Klanke-program.

- Hersien
- Ouditiewe analise en sintese
- Woordbou en rymwoorde
- Sinsbou
- Skriftelike aktiwiteite

Gebruik die LB-bladsy vir ekstra oefening of Onafhanklike Werk.





HANDSKRIF

OG bl. 142-146

15 min

- Volg die WKOD se Handskrif-program.
- Herhaal enige van Kwartaal 3 se Handskrif-lesse vir oefening en vaslegging.





GEDEELDE LEES (2) — *Twee blink, silwer jasse*

GB bl. 32-35

15 min

Lees

- Lees *Twee blink silwer jasse* vir die klas.
- Vra die **Dag 2**-vrae op elke bladsy.
- Lees die storie saam as 'n klas.

Hersien die flitskaartwoorde: dag, nag, maan, ster, son

- Wys die flitskaarte en sê die woorde hardop saam met die leerders.
- Pas die flitskaarte by 'n woord in die Grootboek.



GEDEELDE SKRYF — Dag en nag

15 min

MG bl. 38-41



Berei die bord voor
- Kopieer die skryfraam op die bord
- Hersien die kenmerke van 'n lys: opskrifte, geen leestekens, woorde in kleinletters, een onder die ander.

Skryf: In die lug
- Leerders lys al die dinge wat hulle gedurende die nag en dag in die lug sien.
- Skryf hul voorstelle in die raam wat jy voorberei het.

Lees die woorde en sinne saam

ONAFHANKLIKE WERK

LB bl. 63-66



- Ken aan elke groep onafhanklike aktiwiteite op die korrekte vlak toe.
- Herinner leerders om in stilte op hul eie te werk.
- Wanneer die klas gereed is, roep die eerste groep na die mat vir GBL.

GROEPBEGELEIDE LEES

OG bl. 147-192

30 min

Volg die WKOD se program vir Groepbegeleide Lees.



LIGGAAMSOPVOEDING — Aktiwiteitstasies

30 min

MG bl. 51-52



Warm op

Aktiwiteitstasies
- Neem waar en ondersteun.

Koel af

Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas aktiwiteite uit die DBO-werkboeke doen.

AANVANGSKENNIS EN PSW ASSESSERING 2 — Dag-en-nag-plakkaat

LB bl. 59

30 min



Gebruik hierdie voorbeeld van assessering of ontwerp jou eie.

Stel bekend
- Deel skerp potlode, kryte, skêre, gom, karton uit.

Skep
- Leerders werk in pare om 'n plakkaat te maak wat die verskil tussen nag en dag aandui.
- Leerders maak hul eie tekeninge.
- Elke item moet duidelike byskrifte hê.

Assessering vind plaas gedurende die Visuele Kunste-lesse vandag en môre
- Neem leerders se plakkate in om môre te voltooi.

Sien na:
Sien bladsy 118
Punte: 20

DONDERDAG



OGGENDBYEENKOMS

15 min

- Register, kalender, weer
- Speel die klankspeletjie: dieselfde of verskillend.





LUISTER EN PRAAT — Sê 'n gedig op

15 min

Die maan se speletjie

Ek is die maan en ek speel 'n spel
Weet jy hoe ek lyk, kan jy my vertel?
Soms is ek rond,
'n Groot silwer bal
En soms is ek dun
'n Glimlag so smal
Kyk op in die nagruim
'n Groot lig wat lag
Wanneer die sterretjies uitkom vannag.



KLANKE — Hersiening

OG bl. 136-141

15 min

Volg die WKOD se Klanke-program.

- Hersien
- Ouditiewe analise en sintese
- Woordbou en rymwoorde
- Sinsbou
- Skriftelike aktiwiteite





HANDSKRIF ASSESSERING 1 — Letterformasie

15 min

Gebruik hierdie voorbeeld van assessering of ontwerp jou eie.

Assesseer die leerders se vermoë om letters te vorm

- Skryf 'n kort sin op die bord vir leerders om te kopieer.
- Kyk na konsekwente vorm, spasiëring en helling, sowel as hul vermoë om goeie lettervorming te identifiseer.
- Neem oefenboeke in om handskrif te assesseer.



Sien na: Sien bladsy 116
Punte: 5



GEDEELDE LEES (3) — *Twee blink, silwer jasse*

GB bl. 32-35

15 min

Lees uit die Grootboek

- Lees *Twee blink silwer jasse* vir die klas.
- Vra die **Dag 3**-vrae op elke bladsy.
- Lees die storie weer as 'n klas saam.

Hersien die flitskaartwoorde: dag, nag, maan, ster, son

- Wys die flitskaarte en sê die woorde hardop saam met die leerders.
- Pas die flitskaarte by 'n woord in die Grootboek.



Twee blink, silwer jasse

Daar was eendag 'n slim kleremaker wat klere kon maak wat mense van alle vorms en groottes pas. Eendag het hy 'n pragtige blink, silwer jas vir 'n baie lang, skraal man gemaak.

32

SKRYF ASSESSERING 1 — Nag en dag

15 min

Gebruik hierdie voorbeeld van assessering of ontwerp jou eie.

Verduidelik dat hierdie 'n assessering is

Skryf en teken

- Skryf die skryfraam op die bord.
- Leerders voltooi die sinne oor wat hulle in die dag en in die nag sien.
- Moedig hulle aan om hul eie idees te skryf.
- Neem in om Vrydag na te sien.



Sien na: Sien bladsy 117
Punte: 5

ONAFHANKLIKE WERK

LB bl. 63-66

- Ken aan elke groep onafhanklike aktiwiteite op die korrekte vlak toe.
- Herinner leerders om in stilte op hul eie te werk.
- Wanneer die klas gereed is, roep die eerste groep na die mat vir GBL.



GROEPBEGELEIDE LEES

OG bl. 147-192

30 min

Volg die WKOD se program vir Groepbegeleide Lees.



LIGGAAMSOPVOEDING — Aktiwiteitstasies

30 min

MG bl. 51-52

Warm op

Aktiwiteitstasies

- Neem waar en ondersteun.

Koel af



AANVANGSKENNIS EN PSW ASSESSERING 2 — Dag-nag-plakkaat (vervolg)

30 min

Gebruik hierdie voorbeeld van assessering of ontwerp jou eie.

- Deel leerders se tekeninge en benodigdhede uit
- Leerders gaan voort om die plakkate waarmee hulle Woensdag begin het, te skep

Sien na: Sien bladsy 118
Punte: 20



VRYDAG



OGGENDBYEENKOMS Nuus

15 min



- Gee vir die leerders 'n onderwerp om nuus oor te vertel.
- Leerders gebruik die dink-paar-deel-metode en die *My nuus*-raam om hul nuus te vertel.



KLANKE Hersiening

LB bl. 62

15 min

OG bl. 136-141



Volg die WKOD se Klanke-program.

- Hersien
- Ouditiewe analise en sintese
- Woordbou en rymwoorde
- Sinsbou
- Skriftelike aktiwiteite

Gebruik die LB-bladsy vir ekstra oefening of Onafhanklike Werk.



SKRYF Deel jou skryfwerk

15 min



Leerders deel hul skryfwerk

- Leerders lees hul skryfwerk vir 'n maat.
- Neem in om na te sien.



ONAFHANKLIKE WERK

LB bl. 63-66



- Ken aan elke groep onafhanklike aktiwiteite op die korrekte vlak toe.
- Herinner leerders om in stilte op hul eie te werk.
- Wanneer die klas gereed is, roep die eerste groep na die mat vir GBL.



GROEPBEGELEIDE LEES

OG bl. 147-192

30 min



Volg die WKOD se program vir Groepbegeleide Lees.

SIEN NA EN GEE TERUGVOERING

15 min



Dink na oor die week
- Waarvan het jy gedurende die skoolweek gehou?
- Waarvan het jy nie gehou nie?

Sien Onafhanklike Werk na
- Gee terugvoering en onderrig weer, indien nodig.

LIGGAAMSOPVOEDING Aktiwiteitstasies

30 min

MG bl. 51-52



Warm op

Aktiwiteitstasies
- Neem waar en ondersteun.

Koel af

Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas aktiwiteite uit die DBO-werkboeke doen.

ONDERWYSER SE OORSIG VAN WEEK

Hierdie week het ek:
- kommentaar gelewer op leerders se skryfwerk.
- die **LB-aktiwiteite nagegaan en reggemaak** en probleme van spesifieke leerders geïdentifiseer wat meer ondersteuning nodig het.
- **terugverwys na die Oorsig van Week** en lesse geïdentifiseer wat ek nie kon voltooi nie.
- my **aantekeningboek nagegaan** en die name van leerders wat volgende week bykomende een-tot-een-onderrigtyd of individuele leesoefening saam met my nodig het, aangeteken.

Ek het volgende week tyd geskeduleer vir:
- **enige inhaal deur die klas** of algemene terugvoering wat nodig is.
- **individuele**, een-tot-een-onderrig, byvoorbeeld wanneer die res van die klas besig is, of vroeg in die oggend.

Ek het vooruit gekyk na volgende week om te verseker dat ek voorbereid is en alles het wat ek nodig het om die week mee te begin.

OORSIG VAN WEEK



Die maan

VOORBEREIDING

Flitskaarte

ruimtevaarder | ruimteskip/-tuig | voetspoor | aarde | vir altyd

RIGLYNE VIR GROEPBEGELEIDE LEES (GBL) EN ONAFHANKLIKE WERK (OW)

Werk elke dag met twee groepbegeleide leesgroepe vir 15 minute elk (30 minute elk vir inhaalrooster).

Ken gepaste onafhanklike aktiwiteite aan die ander groepe toe deur die volgende hulpbronne te gebruik:

- Onafhanklike aktiwiteite in die LB
- DBO-werkboeke, WKOD se interaktiewe plakkaat, of jou eie hulpbronne.

BENODIGDHEDE VIR AKTIWITEITE

- kryte/viltpenne en 'n potlood
- afvalmateriaal (kartonrolletjies van toiletpapier of handdoekrol, tinfoelie, kartonbokse, koerantpapier, plastiekbottels)
- gom, skêre, krammasjien, skuifspelde, ens.
- sakkies/houers vir hierdie week se letters.
- apparaat benodig vir Sportdagsaktiwiteite.



Om op die maan te loop



Het enige iemand al ooit op die maan geloop? Wat dink jy?

Ja, hulle hét. Twaalf mense het al op die maan geloop. Die eerste twee mense wat op die maan geloop het, was Neil Armstrong en Buzz Aldrin. In 1969 is hulle met 'n ruimtetuig maan toe en het daarna weer veilig teruggekom aarde toe. Almal het op televisie gekyk hoe hulle op die maan loop. Mense wat in die ruimte in gaan, word **ruimtevaarder**s genoem. Hierdie twee ruimtevaarders het klippe en stof van die maan versamel om aarde toe terug te bring sodat ons meer oor die maan kon uitvind. Hulle het 'n Amerikaanse vlag op die maan geplant omdat hulle van Amerika was.

Ons sien sagte grys stof, blink klippe en baie gate in die grond. Die gate word **kraters** genoem. Party kraters is baie klein en ander is weer baie groot. Ons kan ook hoë berge en diep valleie sien. Ons voetspore sal vir altyd daar bly, want daar is geen wind wat dit kan wegwaai nie. Daar mag dalk klein stukkies ys aan die donker kant van die maan wees, maar geen water nie. Daar is geen water of lug op die maan nie, en die hemelruim lyk swart, selfs in die dag. Niks kan op die maan lewe nie, en daarom sien ons geen mense, plante of diere nie.

Die maan is altyd in die lug, maar gedurende die dag skyn die son te helder vir ons om dit duidelik te sien. Ons kan egter byna elke nag die maan sien, tensy dit bewolk is. Maar dit lyk vir ons of die maan van vorm verander.

Die aarde en die maan is rond en dryf in die ruimte rond. Die maan draai (**wentel**) stadig rondom die aarde. Terwyl die maan beweeg, kan ons slegs daardie dele sien waarop die son skyn, want die maan het nie sy eie lig nie. En dit laat dit lyk of die maan elke aand van vorm verander. Dit is hoekom ons 'n lang, dun maan (sekelmaan) sien wat verander na 'n groter vorm (bolmaan) en uiteindelik 'n ronde vorm (volmaan). Dan word dit weer elke aand kleiner totdat dit uiteindelik weer 'n lang, dun vorm het.

WOORDESKAT

ruimtevaarder – iemand wat in die ruimte reis

kraters – 'n groot diep gat in die grond

wentel – om 'n geboë paadjie om iets te volg

MAANDAG



OGGENDBYEENKOMS Nuus

15 min



- Gee vir die leerders 'n onderwerp om nuus oor te vertel.
- Leerders gebruik die dink-paar-deel-metode en die *My nuus*-raam om hul nuus te vertel.



HARDOPLEESSTORIE *Om op die maan te loop*

OG bl. 87

15 min



Voor lees

- Weet julle enigiets van die maanlandings?
- Hoe kom mense op die maan?

Lees die storie hardop

- Verduidelik nuwe woordeskat.

Ná lees

- Hoeveel mense het al op die maan geloop? Hoe het hulle tot daar gekom?
- Hoekom lyk dit asof die maan van vorm verander?



AANVANGSKENNIS EN PSW Die maan

GB bl. 36

30 min

LB bl. 67



Vra die inleidingsvrae

- Weet julle hoe die maan beweeg?

Lees saam en bespreek

- Dit lyk of die maan sy vorm elke aand verander.
- Die maan wentel (beweeg) om die aarde.
- Kyk na die prente om te sien wat presies gebeur.
- Die Grootboek-bladsy is ook in die LB sodat leerders kan volg terwyl jy lees.



KLANKE Aanleer van die eu-klank

LB bl. 68

15 min

OG bl. 136-141



Volg die WKOD se Klanke-program.

1. Storie
2. Aksie
3. Letterkaart
4. Lettervorming
5. Ouditiewe analise en sintese
6. Visueel
7. Taktiel
8. Liedjie

Gebruik die LB-bladsy vir ekstra oefening of Onafhanklike Werk.



HANDSKRIF

OG bl. 142-146

15 min



- Volg die WKOD se Handskrif-program.
- Herhaal enige van Kwartaal 3 se Handskrif-lesse vir oefening en vaslegging.

ONAFHANKLIKE WERK

LB
bl. 72-75
30 min



- Ken aan elke groep onafhanklike aktiwiteite op die korrekte vlak toe.
- Herinner leerders om in stilte op hul eie te werk.
- Wanneer die klas gereed is, roep die eerste groep na die mat vir GBL.

LEES EN BEGRIP ASSESSERING 1 — Lees 'n bekende sin

OG
bl. 132
en 133
30 min

Gebruik hierdie voorbeeld van assessering of ontwerp jou eie.

Deel afskrifte van bladsy 132 en 133 in hierdie gids uit.

Assesseer leerders se vermoë om 'n sin te lees wat hulle reeds gesien het

- Leerders fluisterlees enige storie in die Grootboek.
- Roep een leerder op 'n slag om te luister terwyl die leerder vir jou die sin op bladsy 132 en 133 in die OG lees.
- Luister vir een minuut na elke leerder terwyl hulle lees.



NAAM _____ DATUM _____

Lees die sinne.

1. Die ou vrou het gesê: "Ek haat dit om in 'n skoen te bly."
2. Pa het hout en tou gekoop om 'n boomhuis te bou.
3. Toe ons by die dieretuin kom, het ons eerste die apies gesien.
4. Ek is 'n seekoei. Ek hou daarvan om in die dag in die water te wees.
5. Krokodil het onder die water geswem. Hy het vir Ezra gegryp.
6. Deon en Johan het by die dam gaan visvang. Hulle wou 'n paar visse vang.
7. Eendag het hy 'n blink, silwer jas vir 'n baie lang, skraal man gemaak.

132 Week 8 Maandag-Vrydag LEES ASSESSERING 1 LEES ASSESSERING 1 Week 8 Maandag-Vrydag 133

Sien na: Sien bladsy 115
Punte: 5

LIGGAAMSOPVOEDING — Aktiwiteitstasies

30 min

MG
bl. 51-52



Berei voor

Kies vier verskillende aktiwiteite op bladsy 1 vir die week of die WKOD se e-Klaskamer vir Lewensvaardigheid, berei die apparaat voor, en verdeel die klas in vier groepe.

Stel aktiwiteitstasies bekend

Klasaktiwiteit

LIGGAAMSOPVOEDING Assessering 1: Vorm die alfabetletters met jou lyf (Week 6 Maandag en Vrydag) OG bladsys 65, 73					**5 punte**
Kriteria: • Leerders werk saam om die letters te vorm • Ruimtelike oriëntasie: leerders is in staat om herkenbare letters te maak • Lateraliteit: albei kante van die liggaam word gebruik • Beweging: bewegings is beheers • Goeie balans en stabiliteit is duidelik sigbaar	**1**	**2**	**3**	**4**	**5**
	Voldoen aan 1 kriterium	Voldoen aan 2 kriteria	Voldoen aan 3 kriteria	Voldoen aan 4 kriteria	Voldoen aan 5 kriteria
LIGGAAMSOPVOEDING Assessering 2: Sportdag (Week 8 Donderdag en Vrydag) OG bladsys 95, 97					**5 punte**
Kriteria: • Toon algemene fiksheid en uithouvermoë • Tempo/spoed is aanvaarbaar • Koördinasie, perseptueel-motoriese vaardighede is duidelik sigbaar • Toon deelname en vermoë om in ’n span saam te werk • Uitgevoerde lokomotoriese (loop/hardloop en verander) bewegings soos deur sport vereis	**1**	**2**	**3**	**4**	**5**
	Voldoen aan 1 kriterium	Voldoen aan 2 kriteria	Voldoen aan 3 kriteria	Voldoen aan 4 kriteria	Voldoen aan 5 kriteria
LIGGAAMSOPVOEDING Assessering 3: Klaskamerwaarneming (Week 1–9)					**5 punte**
Kriteria: • Neem met entoesiasme deel • Toon goeie spanbewustheid • Demonstreer koördinasie, perseptueel motoriese vaardighede, balans, lateraliteit • Demonstreer toenemende vaardigheidsontwikkeling in sport en speletjies • Algemene fiksheid en uithouvermoë	**1**	**2**	**3**	**4**	**5**
	Voldoen aan 1 kriterium	Voldoen aan 2 kriteria	Voldoen aan 3 kriteria	Voldoen aan 4 kriteria	Voldoen aan 5 kriteria
Totaal					**15 punte**

WKOD SE VOORGESTELDE RUBRIEKE

Die volgende rubrieke kan aangepas word waar nodig, afhangend van die vaardighede wat onderrig word.

LUISTER EN PRAAT				
Beskrywing	**Begin 1**	**Ontwikkelend 2**	**Goed 3**	**Uitstekend 4**
KWARTAAL 1				
Beantwoord vrae wat verband hou met ten minste 3 persoonlike besonderhede.	Het nog aanmoediging nodig om vrae wat verband hou met persoonlike besonderhede te beantwoord.	Kan 1 vraag wat verband hou met persoonlike besonderhede korrek beantwoord.	Kan 2 vrae wat verband hou met persoonlike besonderhede korrek beantwoord.	Kan 3 of meer vrae wat verband hou met persoonlike besonderhede korrek beantwoord.
Beskryf 'n voorwerp deur korrekte woordeskat te gebruik ten opsigte van 4 fisiese eienskappe: kleur, grootte, vorm, ens.	Is in staat om korrekte woordeskat te gebruik om 'n voorwerp ten opsigte van 1 fisiese eienskap (kleur, grootte, vorm, ens.) te beskryf.	Is in staat om korrekte woordeskat te gebruik om 'n voorwerp ten opsigte van 2 fisiese eienskappe (kleur, grootte, vorm, ens.) te beskryf.	Is in staat om korrekte woordeskat te gebruik om 'n voorwerp ten opsigte van 3 fisiese eienskappe (kleur, grootte, vorm, ens.) te beskryf.	Is in staat om korrekte woordeskat te gebruik om 'n voorwerp ten opsigte van 4 of meer fisiese eienskappe (kleur, grootte, vorm, ens.) te beskryf.
Kan 5 prente in die korrekte volgorde plaas volgens 'n bepaalde onderwerp of storie.	Is in staat om 1 van die 5 prente in die korrekte volgorde te plaas.	Is in staat om 2–3 van die 5 prente in die korrekte volgorde te plaas.	Is in staat om 4 van die 5 prente in die korrekte volgorde te plaas.	Is in staat om al 5 prente in die korrekte volgorde te plaas.
KWARTAAL 2				
Praat oor persoonlike ervaringe bv. nuus.	In staat om in 1 sin oor 'n persoonlike ervaring te gesels.	In staat om in 2–3 sinne oor 'n persoonlike ervaring te gesels.	In staat om in 4 sinne oor 'n persoonlike ervaring te gesels.	In staat om in 5 of meer sinne oor 'n persoonlike ervaring te praat.
Beskryf 'n voorwerp deur korrekte woordeskat te gebruik ten opsigte van 5 fisiese eienskappe: ouderdom, grootte, kleur, vorm, rigting, afstand, ens.	Is in staat om korrekte woordeskat te gebruik om 'n voorwerp ten opsigte van 1 fisiese eienskap (ouderdom, grootte, kleur, vorm, rigting, afstand, ens.) te beskryf.	Is in staat om korrekte woordeskat te gebruik om 'n voorwerp ten opsigte van 2–3 fisiese eienskappe (ouderdom, grootte, kleur, vorm, rigting, afstand, ens.) te beskryf.	Is in staat om korrekte woordeskat te gebruik om 'n voorwerp ten opsigte van 4 fisiese eienskappe (ouderdom, grootte, kleur, vorm, rigting, afstand, ens.) te beskryf.	Is in staat om korrekte woordeskat te gebruik om 'n voorwerp ten opsigte van 5 of meer fisiese eienskappe (ouderdom, grootte, kleur, vorm, rigting, afstand, ens.) te beskryf.
Beantwoord 3 vrae wat verband hou met die storie wat vertel of gelees is.	Nie in staat om vrae wat verband hou met die storie wat vertel of gelees word te beantwoord nie.	In staat om 1 vraag wat verband hou met die storie wat vertel of gelees word te beantwoord.	In staat om 2 vrae wat verband hou met die storie wat vertel of gelees word te beantwoord.	In staat om 3 vrae wat verband hou met die storie wat vertel of gelees word te beantwoord.
KWARTAAL 3				
Kan 5 prente in die korrekte volgorde plaas volgens 'n bepaalde onderwerp of storie.	Is in staat om 1 van die 5 prente in die korrekte volgorde te plaas.	Is in staat om 2–3 van die 5 prente in die korrekte volgorde te plaas.	Is in staat om 4 van die 5 prente in die korrekte volgorde te plaas.	Is in staat om al 5 prente in die korrekte volgorde te plaas.
Praat oor persoonlike ervaringe.	In staat om in 1–2 sinne oor 'n persoonlike ervaring te praat.	In staat om in 3 sinne oor 'n persoonlike ervaring te praat.	In staat om in 4 sinne oor 'n persoonlike ervaring te praat.	In staat om in 5 of meer sinne oor 'n persoonlike ervaring te praat.
Beantwoord 4 vrae wat verband hou met die storie wat vertel of gelees is.	In staat om 1 vraag wat verband hou met die storie wat vertel of gelees is te beantwoord.	In staat om 2 vrae wat verband hou met die storie wat vertel of gelees is te beantwoord.	In staat om 3 vrae wat verband hou met die storie wat vertel of gelees is te beantwoord.	In staat om 4 vrae wat verband hou met die storie wat vertel of gelees is te beantwoord.

Beskrywing	Begin 1	Ontwikkelend 2	Goed 3	Uitstekend 4
KWARTAAL 4				
Kan 'n storie oorvertel deur 5 sleutel besonderhede te onthou	Kan 'n storie oorvertel deur 1–2 sleutel besonderhede te onthou.	Kan 'n storie oorvertel deur 3 sleutel besonderhede te onthou.	Kan 'n storie oorvertel deur 4 sleutel besonderhede te onthou.	Kan 'n storie oorvertel deur 5 of meer sleutel besonderhede te onthou.
Praat oor 'n tema of onderwerp in 4 sinne. Gebruik 'n plakkaat.	In staat om in 1 sin oor 'n onderwerp te praat.	In staat om in 2 sinne oor 'n onderwerp te praat.	In staat om in 3 sinne oor 'n onderwerp te praat.	In staat om in 4 of meer sinne oor 'n onderwerp te praat.
Beantwoord 4 vrae wat verband hou met die storie wat vertel of gelees is.	In staat om 1 vraag wat verband hou met die storie wat vertel of gelees word te beantwoord.	In staat om 2 vrae wat verband hou met die storie wat vertel of gelees word te beantwoord.	In staat om 3 vrae wat verband hou met die storie wat vertel of gelees word te beantwoord.	In staat om 4 vrae wat verband hou met die storie wat vertel of gelees word te beantwoord.

GROEPBEGELEIDE LEES				
Beskrywing	**Begin 1**	**Ontwikkelend 2**	**Goed 3**	**Uitstekend 4**
KWARTAAL 1				
Gebruik klankkennis van al die aangeleerde klanke om 10 woorde korrek in 2–3 sinne of frases te lees.	Kan 4 en minder woorde korrek in sinne of frases lees.	Kan 5–6 woorde korrek in 2–3 sinne of frases lees.	Kan 7–9 woorde korrek in 2–3 sinne of frases lees.	Kan 10 en meer woorde korrek in 2–3 sinne of frases lees.
Luisterbegrip: Beantwoord vrae korrek oor sinne of frases wat gelees is.	Nog nie in staat om 1 vraag korrek oor die sinne of frases wat gelees is te beantwoord nie.	Beantwoord 1–2 vrae korrek wat verband hou met die sinne of frases wat gelees is.	Beantwoord 3 vrae korrek wat verband hou met die sinne of frases wat gelees is.	Beantwoord 4 vrae korrek wat verband hou met die sinne of frases wat gelees is.
KWARTAAL 2				
Gebruik klankkennis van al die aangeleerde klanke om 20 woorde korrek in 4–5 sinne te lees.	Kan 9 en minder woorde korrek in 4–5 sinne lees.	Kan 10–14 woorde korrek in 4–5 sinne lees.	Kan 15–19 woorde korrek in 4–5 sinne lees.	Kan 20 en meer woorde korrek in 4–5 sinne lees.
Luisterbegrip: Beantwoord vrae korrek oor sinne wat gelees is.	Beantwoord 1 vraag korrek wat verband hou met die sinne wat gelees is.	Beantwoord 2 vrae korrek wat verband hou met die sinne wat gelees is.	Beantwoord 3 vrae korrek wat verband hou met die sinne wat gelees is.	Beantwoord 4 vrae korrek wat verband hou met die sinne wat gelees is.
KWARTAAL 3				
Gebruik klankkennis van al die aangeleerde klanke om 1 paragraaf van 30 woorde korrek te lees.	Kan 17 en minder woorde korrek in 1 paragraaf lees.	Kan 18–23 woorde korrek in 1 paragraaf lees.	Kan 24–29 woorde korrek in 1 paragraaf lees.	Kan 30 en meer woorde korrek in 1 paragraaf lees.
Luisterbegrip: Beantwoord vrae korrek oor die gelese paragraaf.	Beantwoord 1 vraag korrek oor die gelese paragraaf.	Beantwoord 2 vrae korrek oor die gelese paragraaf.	Beantwoord 3 vrae korrek oor die gelese paragraaf.	Beantwoord 4 vrae korrek oor die gelese paragraaf.
KWARTAAL 4				
Gebruik klankkennis van al die aangeleerde klanke om 1–2 paragrawe van 40 woorde korrek te lees.	Kan 19 en minder woorde korrek in 1–2 paragrawe lees.	Kan 20–29 woorde korrek in 1–2 paragrawe lees.	Kan 30–39 woorde korrek in 1–2 paragrawe lees.	Kan 40 en meer woorde korrek in 1–2 paragrawe lees.
Luisterbegrip: Beantwoord vrae korrek oor die gelese paragraaf.	Beantwoord 1 vraag korrek oor die gelese paragraaf.	Beantwoord 2 vrae korrek oor die gelese paragraaf.	Beantwoord 3 vrae korrek oor die gelese paragraaf.	Beantwoord 4 vrae korrek oor die gelese paragraaf.

WKOD SE VOORGESTELDE RUBRIEKE

HANDSKRIF				
Beskrywing	**Begin 1**	**Ontwikkelend 2**	**Goed 3**	**Uitstekend 4**
KWARTAAL 1				
Vorm ten minste 8 kleinletters korrek.	Kan 1–3 kleinletters vorm, maar het nog ondersteuning nodig.	Kan 4–5 kleinletters korrek vorm.	Kan 6–7 kleinletters korrek vorm	Kan meer as 8 kleinletters korrek vorm.
KWARTAAL 2				
Kopieer en skryf 20 kleinletters korrek met die korrekte letterformasie, grootte en spasiëring.	Kan 1–3 kleinletters korrek kopieer en skryf ten opsigte van letterformasie, grootte en spasiëring.	Kan 4–10 kleinletters korrek kopieer en skryf ten opsigte van letterformasie, grootte en spasiëring.	Kan 11–15 kleinletters korrek kopieer en skryf ten opsigte van letterformasie, grootte en spasiëring.	Kan 16–20 kleinletters korrek kopieer en skryf ten opsigte van letterformasie, grootte en spasiëring.
Kopieer en skryf twee- en drieletter-woorde korrek met die korrekte letterformasie, grootte en spasiëring.	Is gedeeltelik in staat om twee- en drieletterwoorde korrek te kopieer en te skryf, maar letterformasie, grootte en spasiëring het nog baie aandag nodig.	Is in staat om twee- en drieletterwoorde korrek te kopieer en te skryf, maar letterformasie, grootte en spasiëring het nog aandag nodig.	Is in staat om twee- en drieletterwoorde korrek te kopieer en te skryf m.b.t. letterformasie, grootte en spasiëring.	Is in staat om twee- en drieletterwoorde korrek te kopieer en te skryf m.b.t. letterformasie, grootte en spasiëring. Goeie handskrifvaardighede word gedemonstreer.
KWARTAAL 3				
Kopieer en skryf 1 kort sin met 3–4 woorde en skenk aandag aan die korrekte letterformasie, grootte en spasiëring.	Is in staat om die eerste 2 woorde te kopieer, maar het nog ondersteuning met die letterformasie nodig.	Is in staat om 1 kort sin met 3 woorde te skryf, maar vorm nog sommige letters foutief.	Is in staat om 1 kort sin met 3–4 woorde te skryf. Letterformasie en grootte is korrek.	Is in staat om 1 kort sin met 3–4 woorde te skryf. Letterformasie, grootte en spasiëring is korrek.
Kopieer en skryf die meeste hoofletters korrek.	Is in staat om al die hoofletters korrek te skryf, maar letterformasie het nog aandag nodig.	Is in staat om al die hoofletters korrek te skryf. Grootte en spasiëring het egter nog aandag nodig.	Is in staat om al die hoofletters korrek te skryf. Spasiëringsfoute kom nog voor.	Is in staat om al die hoofletters korrek te skryf t.o.v. letterformasie, grootte en spasiëring.
KWARTAAL 4				
Kopieer en skryf 2 kort sinne met meeste hoofletters korrek.		In staat om 1 kort sin te skryf t.o.v. letterformasie, grootte en spasiëring.	In staat om 2 kort sinne te skryf t.o.v. letterformasie, grootte en spasiëring.	In staat om 3 kort sinne te skryf t.o.v. letterformasie, grootte en spasiëring Maak geen foute nie.

SKRYF				
Beskrywing	**Begin 1**	**Ontwikkelend 2**	**Goed 3**	**Uitstekend 4**
KWARTAAL 1				
Teken 'n prent om 'n boodskap oor te dra.	Is nie in staat om 'n prent te teken om 'n boodskap oor te dra nie.	Is in staat om met ondersteuning 'n prent te teken om 'n boodskap oor te dra.	Is in staat om 'n eenvoudige prent te teken om 'n boodskap oor te dra.	Is in staat om 'n gedetailleerde prent te teken om 'n boodskap oor te dra.
Skryf 'n sin wat by die prent pas. Gebruik gepaste leestekens.	Is nie in staat om 'n sin te skryf nie.	Is in staat om 'n sin te skryf, maar gepaste leestekens ontbreek.	Is in staat om 'n sin te skryf. Gepaste leestekens word korrek gebruik.	Is in staat om 'n uitgebreide sin te skryf. Gepaste leestekens word korrek gebruik.
KWARTAAL 2				
Skryf 1–2 sinne wat verband jou met 'n prent.	Kan met ondersteuning 1 woord skryf wat verband hou met die prent.	Leerder kan 1 sin met 3–4 woorde skryf oor 'n prent.	Leerder kan 1 sin met 5 woorde skryf oor 'n prent. Gebruik hoofletters en punte.	Leerder kan 2 relevante sinne korrek skryf oor 'n prent. Gebruik hoofletters en punte.
KWARTAAL 3				
Skryf 1–2 sinne wat verband jou met 'n prent.	Kan 2 woorde skryf wat verband hou met die prent.	Kan 1 sin skryf wat bestaan uit 3–4 woorde.	Kan 1 sin skryf wat bestaan uit 5 woorde. Gebruik hoofletters en punte.	Leerder kan 2 relevante sinne korrek skryf. Gebruik hoofletters en punte.
Skryf die ontbrekende woord in die skryfraam om die sin te voltooi.	Leerder kan 1 sin voltooi met behulp van 'n skryfraam.	Leerder kan 2 sinne voltooi met behulp van 'n skryfraam.	Leerder kan 3–4 sinne voltooi met behulp van 'n skryfraam.	Leerder kan 5 sinne voltooi met behulp van 'n skryfraam.
KWARTAAL 4				
Skryf ten minste 4 sinne oor 'n bekende prent of onderwerp. Sinne moet verband hou met die storie.	Leerder kan 1 sin onafhanklik skryf oor 'n prent of onderwerp.	Leerder kan 2 sinne onafhanklik skryf oor 'n prent of onderwerp.	Leerder kan 3 sinne onafhanklik skryf oor 'n prent of onderwerp.	Leerder kan 4 en meer sinne onafhanklik skryf oor 'n prent of onderwerp.
Skryf die ontbekende woord in die skryfraam om die sin te voltooi (ten minste 3–5 sinne).	Leerder kan 1 sin voltooi met behulp van 'n skryfraam.	Leerder kan 2 sinne voltooi met behulp van 'n skryfraam.	Leerder kan 3–4 sinne voltooi met behulp van 'n skryfraam.	Leerder kan 5 sinne voltooi met behulp van 'n skryfraam.

WKOD SE VOORGESTELDE RUBRIEKE

Die volgende rubrieke kan aangepas word waar nodig, afhangend van die vaardighede wat onderrig word.

WAARNEMING VAN WEER				
Kriteria	**Uitstekend 4 punte**	**Goed 3 punte**	**Ontwikkelend 2 punte**	**Beginstadium 1 punt**
Waarneming van die weer	Neem al die belangrikste kenmerke waar en beskryf dit in besonderhede (bv. son, wolke, wind, reën)	Neem die meeste kenmerke duidelik waar en beskryf dit.	Neem sommige kenmerke waar, maar gee beperkte of basiese besonderhede.	Neem baie min kenmerke waar; beskryf vaag of glad nie.
Teken/Aanteken	Tekeninge of aantekeninge is netjies en toon die korrekte weerkenmerke en simbole.	Tekeninge of aantekeninge toon meestal korrekte kenmerke.	Probeer teken/ aanteken, maar dit is onduidelik of onakkuraat.	Tekeninge/ aantekeninge is deurmekaar of belangrike besonderhede ontbreek.
Weerwoordeskat en beskrywings	Gebruik akkurate weerwoorde (sonnig, winderig, bewolk) en voeg besonderhede soos temperatuur of wind by.	Gebruik meestal korrekte weerwoorde; voeg sommige besonderhede by.	Gebruik enkele weerwoorde; min of geen besonderhede nie.	Gebruik verkeerde of geen weerwoorde; geen beskrywing nie.
Meting van die weer	Teken temperatuur, wind of reën akkuraat aan met korrekte syfers en eenhede.	Meet meestal korrek met enkele foute.	Probeer meet, maar met herhalende foute.	Geen meting of verkeerde aantekening nie.
Konsekwentheid	Teken weer daagliks aan (of soos vereis), toon 'n duidelike patroon oor tyd.	Teken weer meeste dae aan; een of twee leemtes.	Teken weer soms aan; baie leemtes.	Teken weer selde aan; geen patroon sigbaar nie.

MONDELINGE WETENSKAP-AANBIEDING/PLAKKAAT				
Kriteria	**Uitstekend 4 punte**	**Goed 3 punte**	**Ontwikkelend 2 punte**	**Beginstadium 1 punt**
Begrip van Onderwerp	Verduidelik idees korrek en toon goeie kennis van die onderwerp.	Verduidelik meeste idees duidelik; toon basiese begrip.	Gee beperkte of onvolledige verduidelikings; toon onsekerheid.	Verduidelikings is verkeerd of onduidelik; toon min begrip;
Gebruik van Wetenskap-woordeskat	Gebruik kern-wetenskapwoorde korrek en verduidelik hul betekenis.	Gebruik sommige wetenskapwoorde met meestal korrekte betekenis.	Gebruik enkele wetenskapwoorde; sommige verkeerd of onduidelik.	Gebruik min of geen wetenskapwoorde nie; meestal verkeerd.
Organisasie van Idees	Idees is in 'n duidelike, logiese volgorde; maklik om te volg.	Idees is meestal duidelik en in volgorde, met min onsekerhede.	Idees is soms deurmekaar of spring rond.	Idees is onduidelik en ongeorganiseerd.
Gebruik van Visuele Hulpmiddels/ Rekwisiete	Gebruik visuele hulpmiddels/ rekwisiete doeltreffend om aanbieding te ondersteun.	Gebruik visuele hulpmiddels/ rekwisiete, maar nie altyd relevant nie.	Gebruik visuele hulpmiddels/ rekwisiete met beperkte of onduidelike verband.	Gebruik geen visuele hulpmiddels/ rekwisiete nie of dit is steurend/verwarrend.

NATUURWETENSKAP-EKSPERIMENT				
Kriteria	**Uitstekend 4 punte**	**Goed 3 punte**	**Ontwikkelend 2 punte**	**Beginstadium 1 punt**
Waarneming	Sien alle belangrike veranderinge sorgvuldig raak.	Sien meeste veranderinge duidelik raak.	Sien sommige veranderinge raak, maar mis besonderhede.	Sien min of geen veranderinge raak nie.
Teken/Aanteken	Teken duidelike, gedetailleerde prente of maak volledige aantekeninge van waarnemings.	Tekeninge of aantekeninge is meestal volledig.	Tekeninge of aantekeninge toon 'n mate van groei, maar min detail.	Tekeninge of aantekeninge is onduidelik of onvolledig.
Meting	Meet akkuraat met hulpmiddels – standaard of nie-standaard meet-eenhede – en teken korrek aan.	Meet meestal akkuraat met min foute.	Probeer meet, maar met baie foute.	Meet nie of teken verkeerd aan.
Kommunikeer bevindings	Verduidelik deeglik wat gebeur het; gebruik eenvoudige sinne en korrekte woordeskat.	Verduidelik meeste van wat gebeur het duidelik; gebruik sommige korrekte woorde.	Verduidelik sommige idees, maar nie duidelik nie.	Sukkel om te verduidelik wat gebeur het.
Konsekwentheid en gereeldheid	Teken waarnemings gereeld aan soos vereis (daagliks of weekliks).	Teken waarnemings meestal gereeld aan.	Teken waarnemings soms aan, maar ongereeld.	Teken waarnemings selde of nooit aan nie.

SKILDERY/TEKENING				
Kriteria	**Uitstekend 4 punte**	**Goed 3 punte**	**Ontwikkelend 2 punte**	**Beginstadium 1 punt**
Gebruik van kleur	Deurdagte en doeltreffende kleurkeuses; kleure versterk die kunswerk.	Toepaslike kleurgebruik; gedeeltelike verskeidenheid en kontras.	Beperkte kleurverskeidenheid; keuses ondersteun nie altyd die kunswerk nie.	Min of lukrake kleurgebruik; geen doelbewuste kontras nie.
Kreatiwiteit en uitdrukking	Oorspronklike idee; sterk persoonlike uitdrukking en verbeelding.	Kreatiewe elemente teenwoordig; gedeeltelike persoonlike uitdrukking.	Beperkte kreatiwiteit sigbaar; idee kan duideliker wees.	Min of geen kreatiwiteit nie; kopieer of geen persoonlike inset.
Tegniek en beheer	Uitstekende kwas-/potloodbeheer; netjiese lyne en doelbewuste strepe.	Goeie beheer; enkele onnet areas.	Tegniek ontwikkel nog; beheer inkonsekwent.	Geen beheer nie; slordige of nalatige werk.
Moeite en voltooiing	Voltooi met sorg; doen moeite met aandag aan detail.	Doen moeite om te voltooi; meestal klaar.	Onvoltooid of afgejaag; min aandag aan detail.	Onvolledig; doen baie min moeite.

WKOD SE VOORGESTELDE RUBRIEKE

UITVOERENDE KUNSTE: Dramatisering, mondeling, storie vertel, toesprake				
Kriteria	**Uitstekend 4 punte**	**Goed 3 punte**	**Ontwikkelend 2 punte**	**Beginstadium 1 punt**
Uitspraak	Praat duidelik en gemaklik; elke woord verstaanbaar.	Meestal duidelik; enkele huiweringe of onduidelikhede.	Sommige dele moeilik verstaanbaar; huiwer gereeld.	Moeilik om te verstaan; woorde deurmekaar of baie onduidelik.
Interpretasie (uitdrukking en gevoel)	Gebruik uitstekende gesigsuitdrukkings, beweging en stem om gevoel oor te dra.	Toon gevoel en karakter; stem het uitdrukking.	Gedeeltelike uitdrukking, maar soms eentonig of onseker.	Geen uitdrukking nie; praat eentonig en sonder emosie.
Stemtoon en volume	Stem is sterk en duidelik; pas stemtoon aan vir beklemtoning van betekenis.	Goeie volume en stemtoon; pas by aanbieding.	Soms te sag of te hard; stemtoon nie altyd gepas nie.	Baie sag of hard; stemtoon glad nie gepas nie.
Uitspraak	Spreek alle woorde korrek en duidelik uit.	Spreek meeste woorde korrek uit; enkele onduidelike woorde.	Spreek party woorde verkeerd uit; luisteraar moet raai.	Spreek baie woorde verkeerd of onduidelik uit; moeilik om te volg.
Kreatiewe moeite	Dink en beplan sorgvuldig; doen moeite om idees uit te druk.	Goeie poging aangewend, met 'n mate van beplanning.	Middelmatige poging aangewend, afgejaag of onduidelik.	Baie min moeite of beplanning.

KREATIWITEIT – VIR VERSKEIE GENRES				
Kriteria	**Uitstekend 4 punte**	**Goed 3 punte**	**Ontwikkelend 2 punte**	**Beginstadium 1 punt**
Kreatiwiteit en oorspronklikheid	Toon oorspronklike idee met sterk verbeelding en duidelike persoonlike styl.	Sluit sommige kreatiewe elemente en persoonlike raakpunte in.	Basiese idee met beperkte verbeelding of oorspronklikheid.	Kopieer of herhaal ander se idees; geen persoonlike bydrae nie.
Persoonlike uitdrukking	Kunswerk/uitvoering toon duidelike gevoelens, idees of stories van die leerder.	Gedeeltelike persoonlike betekenis of uitdrukking waarneembaar.	Enkele persoonlike elemente, maar geen duidelike uitdrukking nie.	Toon min of geen persoonlike toon of gevoel nie.
Verbeelding en risiko	Probeer iets nuuts of anders; ondersoek idees kreatief.	Toon 'n mate van bereidwilligheid om iets nuuts te probeer.	Bly binne veilige/ bekende idees; min risiko.	Geen risiko of oorspronklikheid nie; kies die veilige opsie, kom onseker voor.
Kreatiewe moeite	Dink en beplan sorgvuldig; doen moeite om idees uit te druk.	Goeie poging aangewend, met 'n mate van beplanning.	Matige poging aangewend, maar afgejaag of onduidelik.	Baie min moeite of beplanning.

VOORBEELD VAN KONTROLELYS VIR LIGGAAMSOPVOEDING				
Merk met 'n ✓ of ✗ vir elke leerder in elke ry. Tel die aantal ✓ (maksimum 16).				
	Leerder se naam	**Leerder se naam**	**Leerder se naam**	**Leerder se naam**
Lokomotories • Kan leerder 'n hindernisbaan voltooi met boontjiesakkie op hand/skouer?				
• Kan leerder 'n hindernisbaan voltooi met boontjiesakkie op voet/kop?				
Perseptueel-motories • Kan leerder 'n tennisbal gooi?				
• Kan leerder 'n tennisbal vang?				
Ritme • Kan leerder touspring in drieë (twee swaai, een spring) en rolle roteer?				
• Kan leerder aan 'n horisontale staaf van 'n klimraam swaai?				
Koördinasie • Kan leerder 'n bal vang?				
• Kan leerder 'n bal gooi?				
Balans • Kan leerder 'n hoepel met die arms swaai?				
• Kan leerder 'n hoepel met die middel swaai?				
Ruimtelike oriëntasie • Kan leerder onder-deur stoele kruip?				
• Kan leerder onderdeur motorbande kruip?				
Lateraliteit • Kan leerder die bal sywaarts gooi?				
• Kan leerder die bal links/regs gooi soos in rugby?				
Speletjies • Volg leerder die reëls van die spel?				
• Neem leerder aktief deel aan die spel?				

NAAM _____ DATUM _____

Hoe diere water gebruik

Merk af om te wys hoe elke dier water gebruik.

	Drink	Was	Afkoel	Asemhaal	Kos vind
					
					
					
					
					
					
					

NAAM _____ DATUM _____

Merk die korrekte antwoorde.

1 Waarheen het die kinders gegaan om vis te vang?





2 Wat het volgende gebeur?





3 Wat het Johan **eerste** gedoen?





4 Wat het Johan **tweede** gedoen?





5 Hoe het die storie geëindig?





NAAM _____ DATUM _____

Lees die sinne.

1 

Die ou vrou het gesê: "Ek haat dit om in 'n skoen te bly."

2 

Pa het hout en tou gekoop om 'n boomhuis te bou.

3 

Toe ons by die dieretuin kom, het ons eerste die apies gesien.

4 

Ek is 'n seekoei. Ek hou daarvan om in die dag in die water te wees.

NAAM _____ DATUM _____

5



Krokodil het onder die water geswem. Hy het vir Ezra gegryp.

6



Deon en Johan het by die dam gaan visvang. Hulle wou 'n paar visse vang.

7



Eendag het hy 'n blink, silwer jas vir 'n baie lang, skraal man gemaak.

NAAM _____ **DATUM** _____

Vul die ontbrekende klank in.



w_ie_l



h____s

10

____ien



vui____



koe____



____out

NAAM _____ **DATUM** _____

Lees weer die storie in die GB bladsy 37–40.
Beantwoord die vrae.

1 Hoekom is daar geen diere op die maan nie?

_____

_____

2 Noem twee dinge wat die mans op die maan gelos het?

_____

_____

3 Hoe het hulle na die maan gereis?

_____

_____

4 Watter kleur is die aarde as jy van die maan af daarna kyk?

_____

5 Hoe verskil die aarde van die maan?

_____

_____

GRAAD 1 – KLANKVOLGORDE 2023				
WEEK	KWARTAAL 1	KWARTAAL 2	KWARTAAL 3	KWARTAAL 4
1	s	Hersien	Hersien	Hersien
2	i	u,w	aa	ui
3	t	b, m	oo	Hersien
4	n, e	p, y	ee	ei
5	o	f, h	uu	Hersien
6	Vaslegging	g, j	Hersien	ou
7	l, k	Woordfamilies "a"	ie	Hersien
8	a, r	Woordfamilies "e"	Hersien	eu
9	v, d	Woordfamilies "i" "u"	oe	Hersien
10	Vaslegging	Woordfamilies " o"	Hersien	Hersien

Western Cape Government
Education
FOR YOU

KLANKE – GRAAD 1 - KWARTAAL 4

Doen daagliks vir 5 min Fonemiese en fonologiese bewustheid: Klankeland

WK	Maandag	Dinsdag	Woensdag	Donderdag	Vrydag
2 15 min per dag	**Aanleer van die "ui" klank** 1. Storie 2. Letterkaart van die "ui"-klank met die prent. 3. Lettervorming Robotletter – Begin en einde van die letter. 4. Ouditiewe analise en sintese Klank woorde (bv. huis, muis, vuis, tuis) met 'n -ui-in die middel. Wys op jou skouer/elmboog en hand. Watter klank hoor jy eerste, in die middel en laaste? (I do, we do, you do) 5. Wys die letterkaarte en prente van die klank. • Powerpoint • Hulpbron prente 6. Maak sinne met die woorde. 7. Liedjie **Skriftelike aktiwiteite** Aktiwiteitsboek of eie aktiwiteit.	**Vaslegging van die "ui" klank** 1. **Hersien** aangeleerde klanke **Rolboek: Prent en woord** 2. **Ouditiewe analise en sintese** Klank 'n woord met 'n -ui- in die middel (duif). Wys op jou skouer/elmboog en hand. Watter klank hoor jy eerste, in die middel en laaste? 3. **Woordbou (huis)**  • Die juffrou/leerders sê die woord. • Breek dit op, bou die woord met los letters. • Die leerders skryf die woord. • Klank die woord en **lees** die woord. • **ELKONIN BOKS Rymwoorde** • Skryf/bou die woord "huis." Gee 'n rymwoord vir die woord deur klankweglating en vervanging van klanke te gebruik om rymwoorde in te oefen. 4. **Sinsbou** Leerders vul die regte aa woorde in 'n sin. Bv. Dit is 'n uil/fiu _____. **Skriftelike aktiwiteite** Aktiwiteitsboek of eie aktiwiteit.	**Vaslegging van die "ui" klank** 1. **Hersien** aangeleerde klanke Leerders skryf die klanke wat hulle hoor in 'n matboek. Juffrou verleen hulp waar nodig. **2. Ouditiewe analise en sintese.** Klank 'n woord met 'n -ui- in die middel (duim). Wys op jou skouer/elmboog en hand. Watter klank hoor jy eerste, in die middel en laaste? 3. **Woordbou (tuis)**  • Die juffrou/leerders sê die woord. • Breek dit op, bou die woord met los letters. • Die leerders skryf die woord. • Klank die woord en **lees** die woord. • Gebruik die woord in 'n sin. **Rymwoorde (uil)** • Skryf die woord "muil." Gee 'n rymwoord vir die woord. • Herhaal met ander woorde. • Skryf 'n sin met die woord. 4. **Sinsbou** Voltooi 'n sin. Ek sien die _____. **Skriftelike aktiwiteite** Aktiwiteitsboek of eie aktiwiteit.	**Vaslegging van die "ui" klank** 1. **Hersien** aangeleerde klanke **Rolboek:** Vul die klanke in (begin, middel en eindklank) 2. **Ouditiewe analise en sintese.** Klank 'n woord met 'n -ui- in die middel (kuis). Wys op jou skouer/elmboog en hand. Watter klank hoor jy eerste, in die middel en laaste? (I do, we do, you do) 3. **Woordbou (kuis)**  • Die juffrou/leerders sê die woord. • Breek dit op, bou die woord met los letters. • Die leerders skryf die woord. • Klank die woord en **lees** die woord. • Gebruik die woord in 'n sin. **Skermmelwoorde** • Skryf die woorde. dmuis, rkuis, tmuis • Leerder skryf die woorde reg. • Skryf 'n sin met die woord 4. **Sinsbou** Leerders skryf 'n skermmelsin reg. **Skriftelike aktiwiteite** Aktiwiteitsboek of eie aktiwiteit.	**Hersien "ui" klank.** 1. **Hersien** aangeleerde klanke **Rolboek:** Wat pas nie? (Rymwoorde) Soek my maat? Rymwoorde/Skermmelwoorde 2. **Weglating en vervanging:** **Mondelings:** vuil • Haal die "v" klank (beginklank) uit en sit 'n "h" klank in. Watter woord hoor jy nou? Ek hoor die woord – huil • Haal die "l" klank (eindklank) uit en sit 'n "s" klank in. Watter woord hoor jy nou? – huis **3. Weglating en vervanging** **Skriftelik** Herhaal weglating en vervanging met die volgende woorde. • Die leerders **skryf** die woord VOORBEELDE ruik – duik (beginklank) duif – duik (eindklank) huis – muis(beginklank) vuis – vuil (eindklank) 4. **Sinsbou** Skryf 'n sin met enige van bogenoemde woorde. **(Konsolidasie volgens jou konteks)** **Skriftelike aktiwiteite** Aktiwiteitsboek of eie aktiwiteit.
	Maandag	**Dinsdag**	**Woensdag**	**Donderdag**	**Vrydag**
3	Hersien	Hersien	Hersien	Hersien	Hersien

Western Cape Government
Education
FOR you

Daaglikse Lesbeplanning vir Klanke: Kwartaal 4, Graad 1

	Maandag	Dinsdag	Woensdag	Donderdag	Vrydag
4	**Aanleer van die "ei" klank** 1. Storie 2. Letterkaart van die -ei-klank met die prent 3. Lettervorming Robotletter – Begin en einde van die letter. 4. Ouditiewe analise en sintese Klank woorde (bv kei, wei, sei) met 'n -ei- in die middel. Wys op jou skouer/elmboog en hand. Watter klank hoor jy eerste, in die middel en laaste? (I do, we do, you do) 5. Wys die letterkaarte en prente van die klank. • Powerpoint. • Hulpbron prente 6. Maak sinne met die woorde 7. Liedjie **Skriftelike aktiwiteit** Aktiwiteitsboek of eie aktiwiteit.	**Vaslegging van die "ei" klank** 1. **Hersien** aangeleerde klanke **Rolboek. Prent en woord** **2. Ouditiewe analise en sintese** Klank 'n woord met 'n -ei- in die middel (sel). Wys op jou skouer/elmboog en hand. Watter klank hoor jy eerste, in die middel en laaste? 3. **Woordbou (sel)**  • Die juffrou/leerders sê die woord. • Breek dit op, bou die woord met los letters. • Die leerders skryf die woord. • Klank die woord en **lees die** woord. • **ELKONIN BOKS Rymwoorde** • Skryf/bou die woord "sel" Gee 'n rymwoord vir die woord deur klankweglating en vervanging van klanke te gebruik om rymwoorde in te oefen. **4. Sinsbou** Leerders vul die regte "ei" woorde in 'n sin. Bv. Die sit 'n _____ op sy kop.) (sel/kei) **Skriftelike aktiwiteite** Aktiwiteitsboek of eie aktiwiteit.	**Vaslegging van die "ei" klank** 1.**Hersien** aangeleerde klanke Leerders skryf die klanke wat hulle hoor in 'n matboek. Juffrou verleen hulp waar nodig **2. Ouditiewe analise en sintese** Klank 'n woord met 'n -ei- in die middel. Wys op jou skouer/elmboog en hand. Watter klank hoor jy eerste, in die middel en laaste? 3. **Woordbou (wei)**  • Die juffrou/leerders sê die woord. • Breek dit op, bou die woord met los letters. • Die leerders skryf die woord. • Klank die woord en **lees** die woord. • Gebruik die woord in 'n sin. • Skryf 'n sin met die woord. **4. Sinsbou** Voltooi 'n sin. Ek speel met _____ Die skaap _____ **Skriftelike aktiwiteite** Aktiwiteitsboek of eie aktiwiteit.	**Vaslegging van die "ei" klank** 1. **Hersien** aangeleerde klanke **Rolboek.** Vul die klanke in (begin, middel en eindklank) **2. Ouditiewe analise en sintese.** Klank 'n woord met 'n -ei- in die middel (brei). Wys op jou skouer/elmboog en hand. Watter klank hoor jy eerste, in die middel en laaste? (I do, we do, you do) 3. **Woordbou: (kei)**  • Die juffrou/leerders sê die woord. • Breek dit op, bou die woord met los letters. • Die leerders skryf die woord. • Klank die woord en **lees** die woord. • Gebruik die woord in 'n sin. **Skommelwoorde** • Skryf die woorde. eiw, eivl, eikl • Leerder skryf die woorde reg • Skryf 'n sin met die woord **4. Sinsbou** Leerders skryf 'n skommelsin reg. (Ek klim, nog is) **Skriftelike aktiwiteite** Aktiwiteitsboek of eie aktiwiteit.	**Hersien "ei" klank:** 1. **Hersien** aangeleerde klanke **Rolboek.** Wat pas nie? (Rymwoorde Soek my maat? (Rymwoorde/Skommelwoorde 2. **Weglating en vervanging. Mondelings (sel)** Haal die "s" klank (beginklank) uit en sit 'n "k" klank in. Watter woord hoor jy nou? Ek hoor die woord — kei **3. Weglating en vervanging Skriftelik** **Herhaal** weglating en vervanging met die volgende woorde. • Die leerders **skryf** die woord boog VOORBEELDE Mei – wei (beginklank) sel – kel (beginklank) **4. Sinsbou** Skryf 'n sin met enige van bogenoemde woorde. **(Konsolidasie volgens jou konteks)** **Skriftelike aktiwiteite** Aktiwiteitsboek of eie aktiwiteit.
	Maandag	**Dinsdag**	**Woensdag**	**Donderdag**	**Vrydag**
5	Hersien	Hersien	Hersien	Hersien	Hersien

Western Cape Government
Education
FOR You

Daaglikse Lesbeplanning vir Klanke: Kwartaal 4, Graad 1

	Maandag	Dinsdag	Woensdag	Donderdag	Vrydag
6	**Aanleer van die "ou" klank:** 1. Storie 2. Letterkaart van die -ou-klank met die prent 3. Lettervorming Robotletter – Begin en einde van die letter. 4. Ouditiewe analise en sintese Klank woorde (bv. fout, sous, mou, hout) met 'n -ou- in die middel. Wys op jou skouer/elmboog en hand. Watter klank hoor jy eerste, in die middel en laaste? (I do, we do, you do) 5. Wys die letterkaarte en prente van die klank. • Powerpoint. • Hulphrone prente 6. Maak sinne met die woorde. 7. Liedjie **Skriftelike aktiwiteit** Aktiwiteitsboek of eie aktiwiteit.	**Vaslegging van die "ou" klank:** I. **Hersien** aangeleerde klanke **Rolboek. Prent en woord** **2. Ouditiewe analise en sintese:** Klank 'n woord met 'n -ou- in die middel (koud). Wys op jou skouer/elmboog en hand. Watter klank hoor jy eerste, in die middel en laaste? 3. **Woordbou (sout)**  • Die juffrou/leerders sê die woord. • Breek dit op, bou die woord met los letters. • Die leerders skryf die woord. • Klank die woord en **lees** die woord. • **ELKONIN BOKS Rymwoorde** • Skryf/bou die woord "fout." Gee 'n rymwoord vir die woord deur klankweglating en vervanging van klanke te gebruik om rymwoorde in te oefen. 4. **Sinsbou** Leerders vul die regte "ou" woorde in 'n sin. (Bv. Ek maak 'n _____ fout/sout. **Skriftelike aktiwiteite** Aktiwiteitsboek of eie aktiwiteit.	**Vaslegging van die "ou" klank:** I.**Hersien** aangeleerde klanke Leerders skryf die klanke wat hulle hoor in 'n matboek. Juffrou verleen hulp waar nodig. **2. Ouditiewe analise en sintese:** Klank 'n woord met 'n -ou- in die middel (sous). Wys op jou skouer/elmboog en hand. Watter klank hoor jy eerste, in die middel en laaste? 3. **Woordbou (hout)**  • Die juffrou/leerders sê die woord. • Breek dit op, bou die woord met los letters. • Die leerders skryf die woord. • Klank die woord en **lees** die woord. • Gebruik die woord in 'n sin. **Rymwoorde (kous)** • Skryf die woord "kous." Gee 'n rymwoord vir die woord. • Herhaal met ander woorde. • Skryf 'n sin met die woord. 4. **Sinsbou** Voltooi die sin. Ek trek my _____ aan. **Skriftelike aktiwiteite** Aktiwiteitsboek of eie aktiwiteit.	**Vaslegging van die "ou" klank** I. **Hersien** aangeleerde klanke **Rolboek.** Vul die klanke in (begin, middel en eindklank) **2. Ouditiewe analise en sintese:** Klank 'n woord met 'n -ou in die middel (woud). Wys op jou skouer/elmboog en hand. Watter klank hoor jy eerste, in die middel en laaste? (I do, we do, you do) 3. **Woordbou (fout)**  • Die juffrou/leerders sê die woord. • Breek dit op, bou die woord met los letters. • Die leerders skryf die woord. • Klank die woord en **lees** die woord. • Gebruik die woord in 'n sin. **Skemmelwoorde** • Skryf die woorde: (t.ou, st.ou, ouft. • Leerder skryf die woorde reg. • Skryf 'n sin met die woord. 4. **Sinsbou** Leerders skryf 'n skemmelsin reg. Die saag maan hout. **Skriftelike aktiwiteite** Aktiwiteitsboek of eie aktiwiteit.	**Hersien "ou" klank:** I. **Hersien** aangeleerde klanke **Rolboek.** Wat pas nie? (Rymwoorde) Soek my maat? (Rymwoorde/Skemmelwoorde) 2. **Weglating en vervanging.** **Mondelings:** Fout. • Haal die "f" klank (beginklank) uit, en sit 'n "s" klank in. Watter woord hoor jy nou? Ek hoor die woord – sout. **3. Weglating en vervanging** **Skriftelik** **Herhaal** weglating en vervanging met die volgende woorde: • Die leerders **skryf** die woord keer VOORBEELDE hout - sout (beginklank) kous- koud (eindklank) kous - sous (beginklank) 4. **Sinsbou** Skryf 'n sin met enige van bogenoemde woorde. **(Konsolidasie volgens jou konteks)** **Skriftelike aktiwiteite** Aktiwiteitsboek of eie aktiwiteit.
	Maandag	**Dinsdag**	**Woensdag**	**Donderdag**	**Vrydag**
7	Hersien	Hersien	Hersien	Hersien	Hersien

Western Cape Government
Education
FOR you

Daaglikse Lesbeplanning vir Klanke: Kwartaal 4, Graad 1

	Maandag	Dinsdag	Woensdag	Donderdag	Vrydag
8	**Aanleer van die "eu" klank:** 1. Storie 2. Letterkaart van die -eu-klank met die prent 3. Lettervorming Robotletter – Begin en einde van die letter. 4. Ouditiewe analise en sintese Klank woorde (bv. deur, neus, geut) met 'n -eu- in die middel. Wys op jou skouer/elmboog en hand. Watter klank hoor jy eerste, in die middel en laaste? (I do, we do, you do) 5. Wys die letterkaarte en prente van die klank. • Powerpoint. • Hulphrn prente 6. Maak sinne met die woorde. 7. Liedjie **Skriftelike aktiwiteit** Aktiwiteitsboek of eie aktiwiteit.	**Vaslegging van die "eu" klank:** 1. **Hersien** aangeleerde klanke **Rolboek. Prent en woord** **2. Ouditiewe analise en sintese:** Klank 'n woord met 'n -eu in die middel (neus). Wys op jou skouer/elmboog en hand. Watter klank hoor jy eerste, in die middel en laaste? 3. **Woordbou (geut)**  • Die juffrou/leerders sê die woord. • Breek dit op, bou die woord met los letters. • Die leerders skryf die woord. • Klank die woord en **lees** die woord. • **ELKONIN BOKS Rymwoorde** • Skryf/bou die woord "neus." Gee 'n rymwoord vir die woord deur klankweglating en vervanging van klanke te gebruik om rymwoorde in te oefen. **4. Sinsbou** Leerders vul die regte "eu" woorde in 'n sin. (Bv. Ek het 'n _____) neus/geut) **Skriftelike aktiwiteite** Aktiwiteitsboek of eie aktiwiteit.	**Vaslegging van die "eu" klank** 1.**Hersien** aangeleerde klanke Leerders skryf die klanke wat hulle hoor in 'n matboek. **2. Ouditiewe analise en sintese.** Klank 'n woord met 'n -eu- in die middel (deur). Wys op jou skouer/elmboog en hand. Watter klank hoor jy eerste, in die middel en laaste? 3. **Woordbou (geut)**  • Die juffrou/leerders sê die woord. • Breek dit op, bou die woord met los letters. • Die leerders skryf die woord. • Klank die woord en **lees** die woord. • Gebruik die woord in 'n sin. **Rymwoorde (neut)** • Skryf die woord "neut." Gee 'n rymwoord vir die woord. • Herhaal met ander woorde. • Skryf 'n sin met die woord. **4. Sinsbou** Vul aan 'n sin: Ek klap aan die _____ **Skriftelike aktiwiteite** Aktiwiteitsboek of eie aktiwiteit.	**Vaslegging van die "eu" klank** 1. **Hersien** aangeleerde klanke **Rolboek.** Vul die klanke in (begin, middel en eindklank) **2. Ouditiewe analise en sintese:** Klank 'n woord met 'n -eu- in die middel (neut). Wys op jou skouer/elmboog en hand. Watter klank hoor jy eerste, in die middel en laaste? (I do, we do, you do) 3. **Woordbou (neus)**  • Die juffrou/leerders sê die woord. • Breek dit op, bou die woord met los letters. • Die leerders skryf die woord. • Klank die woord en **lees** die woord. • Gebruik die woord in 'n sin. **Skemmelwoorde** • Skryf die woorde. neeu, eugt, dreu • Leerder skryf die woorde reg. • Skryf 'n sin met die woord **4. Sinsbou** Leerders skryf 'n skemmelsin reg. Die eut, seun neut. 'n **Skriftelike aktiwiteite** Aktiwiteitsboek of eie aktiwiteit.	**Hersien "eu" klank:** 1. **Hersien** aangeleerde klanke **Rolboek.** Wat pas nie? (Rymwoorde) Soek my maat? Rymwoorde/Skemmelwoorde 2. **Weglating en vervanging.** **Mondelings:** neus • Haal die "n" klank (beginklank) uit en sit 'n "r" klank in. Watter woord hoor jy nou? Ek hoor die woord — reus • Haal die "s" klank (eindklank) uit en sit 'n "k" klank in. Watter woord hoor jy nou? — reuk **3. Weglating en vervanging** **Skriftelik** **Herhaal** weglating en vervanging met die volgende woorde. • Die leerders **skryf** die woord: VOORBEELDE deur - geur (beginklank) neus. — reus (eindklank) neus.— geut (beginklank) reus - reuk (eindklank) **4. Sinsbou** Skryf 'n sin met enige van bogenoemde woorde. **(Konsolidasie volgens jou konteks)** **Skriftelike aktiwiteite** Aktiwiteitsboek of eie aktiwiteit.
	Maandag	Dinsdag	Woensdag	Donderdag	Vrydag
9 + 10	Hersien	Hersien	Hersien	Hersien	Hersien

Western Cape Government Education
FOR You

Verskillende idees vir Stap 1: Hersiening

1. Juffrou sê 'n klank en leerders skryf die klank neer.
2. Juffrou sê 'n woord en leerders skryf die woord neer.
3. Juffrou sê 'n woord en leerders skryf 'n sin.
4. Juffrou wys 'n prent en leerders skryf die woord of 'n sin.
5. Juffrou sê 'n woord en leerders soek die woord teen die bord.
6. Juffrou sê 'n woord en leerders omkring/onderstreep/wys die woord in 'n leesstuk of leeskaart.
7. Juffrou gee woorde en leerders gee die begin, middel of eindklank van woorde.
8. Juffrou wys die skommelwoord en leerders soek die regte woord of skryf die regte woord.
9. Juffrou wys die rymwoord en leerders soek die maat.

Dinsdag: Rymwoord fokus: Die gebruik van die ELKONIN boks.

Wanneer rymwoorde op 'n Dinsdag gedoen word, kan die weglating, vervanging en byvoeging van klanke gedoen word om rymwoorde te konsolideer.
Bv. Fout: Ek neem die "f" weg en plaas 'n "s" voraan. (sout) Of ek neem die "t" weg en plaas 'n "s" aan die einde (sous).
Leerders moet **die Elkonin boks gebruik**, of **juffrou demonstreer bg. met behulp van die ELKONIN boks.**

Woensdag: Rymwoord fokus:

Juffrou vra die woord of gee die woord en leerders gee of skryf die rymwoord.
Herhaal met ander woorde
Leerders probeer om 'n sin te skryf met die rymwoord.

Western Cape Government
Education
FOR YOU

Daaglikse beplanning: Skrif – KW 4

KABV- Vereiste

- Hou potlood en kryt korrek vas.
- Vorm ten minste 20 kleinletters korrek volgens grootte en posisie d.w.s. begin, eindig op regte plekke.
- Vorm sommige hoofletters wat gereeld gebruik word korrek.
- Skryf woorde met korrekte spasiëring.
- Skryf na en skryf kort,eenvoudige sinne vanaf skryfbord en of handskrifstroke.

Handskrif leeformaat

1. Handskrif/Skrif en Datum
2. Patroon
3. Hoofletter en kleinletter
4. Woorde
5. Sin
6. Syfer
7. Patroon

Wk	Ma	Di	Wo	Do
